

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN
VERSEKERINGSWESE
MET SPESIALE VERWYSING NA DIE
NA-OORLOGSE OMVANG EN EKONOMIESE
BETEKENIS VAN BRAND-, SEE- EN ALGEMENE VERSEKERING
IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

deur

J. J. du Plessis

Verhandeling aangebied vir voldoening
aan die vereistes
vir die graad

MAGISTER COMMERCII

in die
Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe
aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom.

1958

VOORWOORD.

Dit is vir my aangenaam om langs hierdie weg my dank uit te spreek teenoor die personeel van die Registrateur van Versekeringswese asook dié van die Direkteur van Sensus en Statistiek vir die hulp wat aan my verleen is in die versameling van statistieke. Ook wil ek nie nalaat om al die persone in die versekeringswêreld te bedank vir al die praktiese wenke en raad wat gedurende die afgelope tyd aan my gegee is nie.

'n Spesiale woord van dank kom my promotor, Prof. dr. D.J. Viljoen toe vir al sy raad, wenke, offerering en tyd wat hy bestee het met die nalees van hierdie werk. Sy daadwerklike hulp het ongetwyfeld vir 'n groot mate daartoe bygedra dat hierdie werk sy finale vorm kon aanneem.

INHOUD.HOOFSTUK 1. DOEL, OMVANG EN METODE VAN DIE ONDERSOEK.

1. Algemeen.....	1
2. Die plek van versekering in die bedryfs- lewe en wetenskappe.....	2
3. Versekeringspublikasies en navorsing	6
4. Doel en omvang van hierdie ondersoek	9
5. Metode van ondersoek	10

HOOFSTUK 2. OMSKRYWING EN AARD VAN VERSEKERING.

1. Inleiding	13
2. Omskrywing van versekering	13
3. Doel en voordele van versekering	18
4. Die vereistes en beginsels van verseke- ring	21
5. Klassifikasie van risiko's	24
6. Herversekering	28
7. Samevatting	31

HOOFSTUK 3. DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN
VERSEKERINGSWESE.

1. Inleiding	33
2. Ontstaan en groei van verskillende soorte versekerings in die buiteland	33
a. Vroegste ontwikkeling, veral van seebesigheid	34
b. Ontwikkeling van brandversekering ..	40
c. Ontwikkeling van lewensverseke- ring	44
d. Ontwikkeling van algemene ver- sekering	48
e. Ontwikkeling van herversekering	50
3. Ontwikkeling in Suid-Afrika tot onge- veer 1945	51
4. Samevatting	64

HOOFSTUK 4. VERSEKERINGSONDERNEMINGS IN DIE UNIE.

1. Inleiding	65
2. Aard van en getal ondernemings	65
a. Brand	69
b. See	71
c. Motor	72
d. Persoonlike ongevallen	73
e. Diverse	74
3. Samevatting	75

HOOFSTUK 5. ONTLEDING VAN DIE GROEI VAN VERSEKERINGS-
WESE IN DIE UNIE SEDERT 1944.

1. Inleiding	77
--------------------	----

2.	Inkomste- en Uitgaweitems	77
(a)	Ontleding van die bruto premies en verdeling daarvan tussen die verskillende klasse besigheid.....	78
(b)	Ontleding van persentasiesyngings.....	79
(c)	Ontleding van die bruto premies van elke klas besigheid tussen binne- en buitelandse versekeringsondernemings.....	80
(d)	Netto premies: verdeling tussen binne- en buitelandse maatskappye.	84
(e)	Netto eise soos verdeel tussen binne- en buitelandse verseke- raars	87
(f)	Verdeling van netto eise tussen verskillende klasse versekerings- besigheid	88
(g)	Kort ontleding van die bestuurs- koste van binnelandse korttermyn versekeringsondernemings.....	90
(h)	'n Vergelykende ontleding van die netto premies, netto eise en be- stuurskoste, alleenlik van binne- landse ondernemings.....	92
3.	Ontleding van balansstaatitems	97
(a)	Opbetaalde kapitaal	98
(b)	Wins- en verliesrekeningsaldo's...	99
(c)	Algemene reserwes.....	99
(d)	Fondse	100
(e)	Uitstaande vorderings	105
(f)	Krediteure	106
(g)	Diverse laste	106
(h)	Effekte	106
(i)	Verbande	108
(j)	Vaste eiendom	108
(k)	Obligasies en aandele	109
(l)	Uitstaande premies	109
(m)	Wissels en kontant	110
(n)	Ander bates	110
4.	Samevatting	114

HOOFSTUK 6. DIE EKONOMIESE BETEKENIS VAN VERSEKE- RING IN SUID-AFRIKA.

1.	Inleiding	116
2.	Teoretiese beskouinge	
a.	Faktore wat die vraag na ver- sekering beïnvloed	116
(1)	Die aard van versekering.....	117
(2)	Die omvang van versekering....	117
(a)	Verpligte versekering....	117
(b)	Die grootte van die be- volking	118
(c)	Die samestelling van die bevolking	118
(d)	Die versekeringsbewust- heid van die bevolking...	119
(e)	Die inkomste van die bevolking	119
(f)	Die tempo van die ekono- miese bedrywighede	120

b.	Die invloed van versekering op die ekonomiese lewe.....	121
(1)	Dit verskaf groter sekuriteit...	122
(2)	Kredietverlening	122
(3)	Dit vergemaklik besparing.....	123
(4)	Dit bied sekere sosiale voor- dele	124
3.	Versekering en die konjunktuur	125
a.	Algemeen	125
b.	Versekering en die nasionale inkome..	125
c.	Versekering per capita	127
d.	Bruto brandpremies en voorrade	128
e.	Seeversekering en uitvoer.....	130
f.	Motorversekering en motorvoertuie gelisensieer	131
g.	Versekeringsonkoste en binnelandse uitgawes	133
4.	Invloed van versekering op die Suid- Afrikaanse ekonomie	
a.	Algemeen	135
b.	Bydrae tot die nasionale inkome	136
c.	Besparing deur middel van verseke- ring.....	139
d.	Wyse van belegging deur verseke- ringsondernemings	141
5.	Samevatting	146

HOOFSTUK 7. SAMEVATTING EN 'N VOORUITSKATTING VAN DIE GROEI VAN VERSEKERINGSWESE TOT 1976

1.	Die doel	149
2.	Die plek van die versekeringswese.....	149
3.	Die omskrywing, voordele, vereistes, beginsels en klassifikasie van verseke- ring	150
4.	Die ontstaan en groei van versekering	151
5.	Die aantal versekeraars	152
6.	Die groei van die versekeringswese in die Unie sedert 1944	153
7.	Die ekonomiese betekenis van versekering ..	154
8.	Vooruitskatting van toestande in Suid- Afrika tot 1976	
a.	Vooruitskatting van algemene ekono- miese toestande	154
b.	Vooruitskatting van versekerings- wese	157
9.	Slot	159

SUMMARY	160
---------------	-----

BIBLIOGRAFIE	170
--------------------	-----

BYLAES	175
--------------	-----

TABELLE, GRAFIEKE EN BYLAES.OPSKRIF VAN TABELLE.

I	Aantal versekeringsondernemings in die Unie werksaam, 1800 - 1943	55
II	Totale bates van alle versekeringsondernemings in die Unie, 1924 - 1947.....	58
III	Lewensversekeringspremies en -eise in die Unie, 1926 - 1945	59
IV	Netto brandversekeringspremies en -eise in die Unie, 1926 - 1945	60
V	Seeversekeringspremies en -eise in die Unie, 1924 - 1945	61
VI	Motorversekeringspremies en -eise in die Unie, 1924 - 1945	63
VII	Totale getal versekeraars wat in die Unie werksaam was, 1945 - 1954	66
VIII	Professionele herversekeraars in die Unie , 1951 - 1954	68
IX	Getal versekeraars wat brandversekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954	69
X	Getal versekeraars wat seeversekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954	71
XI	Getal versekeraars wat motorversekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954	72
XII	Getal versekeraars wat persoonlik ongevalleversekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954	73
XIII	Getal versekeraars wat diverse versekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954	74
XIV	Bruto premies van alle korttermyn-versekeringsondernemings in die Unie sedert 1944	78
XV	Indekssyfers van bruto korttermyn-versekeringspremies, 1944 - 1951	79
XVI	Verdeling van bruto premies vir brandversekerings tussen binne- en buitelandse maatskappye	81

XVII	Verdeling van bruto premies vir seeversekering tussen binne- en buitelandse maatskappye	81
XVIII	Verdeling van bruto premies vir algemene versekering tussen binne- en buitelandse maatskappye	83
XIX	Verdeling van totale bruto premies tussen binne- en buitelandse maatskappye..	84
XX	Totale netto premies, verdeel tussen binne- en buitelandse maatskappye	85
XXI	Totale netto eise verdeel tussen binne- en buitelandse versekeraars	87
XXII	Totale netto eise van binne- en buitelandse maatskappye, verdeel tussen verskillende klasse besigheid, 1944 - 1951 ..	89
XXIII	Netto eise van binne- en buitelandse versekeringsondernemings uitgedruk as persentasie van netto premies van dieselfde klasse besigheid	89
XXIV	Bestuurskoste, uitgesonderd netto kommissie, van alle binnelandse versekeraars	91
XXV	Netto premies, netto eise en bestuurskoste van alle binnelandse versekeringsondernemings in die Unie, 1944 - 1954	93
XXVI	Indekssyfers van netto premies, netto eise, bestuurskoste en totale koste (1945 = 100)	95
XXVII	Opsomming van balansstate van alle binnelandse korttermynversekeraars, 1944 - 1951	98
XXVIII	Hergroepeerde balansstaatposte van alle binnelandse korttermynversekeraars, 1944 - 1951	111
XXIX	Motoreise, motorongelukke en gemiddelde eise per ongeluk, 1934 - 1951	133
XXX	Verhouding van bestuurskoste van binnelandse korttermynversekeraars tot bruto binnelandse uitgawes in die Unie, 1946 - 1954	135
XXXI	Verdeling van die nasionale inkome van die Unie van Suid-Afrika sedert 1917 - 1918 tussen die verskillende ekonomiese sektors	137
XXXII	Indekse van nasionale inkome en totale uitgawes van alle binnelandse versekeraars (uitgesonderd eise) sedert 1927	138

XXXIII	Batevermeerdering van lang- en korttermynversekeraars in die Unie, 1945 - 1954 ..	139
XXXIV	Bydrae van versekeringsondernemings tot die Unie se totale besparing, 1946 - 1954..	140
XXXV	Samevatting van fondse en bates van alle binnelandse versekeraars in die Unie, 1954	144
XXXVI	Geskatte bevolking, nasionale inkome en totale bruto premies, 1957 - 1976, met 1956 as basisjaar	158

OPSKRIF VAN GRAFIEKE.

I	Indekse van nasionale inkome en totale bruto premies in Suid-Afrika, 1918 - 1954 .	125
II	Blanke bevolking en bruto lang- en korttermynpremie per individu	127
III	Bruto brandpremies en voorrade in die Unie van Suid-Afrika sedert 1929	129
IV	Indekse van bruto seepremies en uitvoere van handelsgoedere vir die Unie, 1929 - 1953	130
V	Indekse van motorpremies en -eise, motorvoertuie gelisensieer en motorvoertuigongelukke in die Unie, 1923 - 1952	131
VI	Indekse van bestuurskoste van korttermynversekeraars in die Unie, totale uitgawes van die Unieregering en bruto binnelandse uitgawes, 1927 - 1954	134

OPSKRIF VAN BYLAES.

A	Totale bates van alle versekeringsondernemings in die Unie, 1924 - 1947	175
B	Lewensversekeringspremies en -eise in die Unie, 1926 - 1945	176
C	Netto brandversekeringspremies en -eise in die Unie, 1926 - 1945	177
D	Seeversekeringspremies en -eise in die Unie, 1924 - 1945	178
E	Motorversekeringspremies en -eise in die Unie, 1924 - 1945	179
F	Indekse van totale nasionale inkome en totale bruto premies in Suid-Afrika, 1918 - 1954	180
G	Blanke bevolking en bruto lang- en korttermynpremie per individu	181

H	Bruto brandpremies en voorrade in die Unie sedert 1929	182
I	Indekse van bruto seepremies en uitvoere van handelsgoedere vir die Unie, 1929 - 1953	183
J	Indekse van motorpremies en -eise, motorvoertuie gelisensieer en motorvoertuigongelukke in die Unie, 1923 - 1952	184
K	Indekse van bestuurskoste van korttermynversekeraars in die Unie, totale uitgawes van die Unieregering en bruto binnelandse uitgawes, 1927 - 1954	185

HOOFSTUK 1.

DOEL, OMVANG EN METODE VAN DIE ONDERSOEK.

1. Algemeen.

Hierdie verhandeling is 'n ondersoek van 'n bedryfstak wat sy ontstaan te danke het aan een van die kenmerkendste verskynsels in die menslike lewe, naamlik die feitlik gedurige aanwesigheid van een of ander onsekerheid. Soms kan 'n onsekerheid die vorm van risiko aanneem, dit wil sê die onsekerheid hou die moontlikheid in dat, indien een of ander onsekere toekomstige gebeurtenis plaasvind, die belanghebbende 'n skade kan ly.

Dit spreek dus vanself dat die mens sedert die vroegste tye daarna strewe om hierdie onsekere skades op een of ander wyse af te weer. Volgens Griffin ¹⁾ kan die risikolas in die bedryfslawe op tweeërlei wyse verlig word, naamlik (1) die uitskakeling of vermindering van verliese en (2) die oordraging van die risiko. Drie belangrike vorme van oordraging van risiko is (a) om eenvoudig die hele risiko op 'n ander persoon af te wentel deur 'n prysvermindering of ander vergoeding; (b) om risiko's te neutraliseer soos in die geval van verskansing (Engels - "hedging") en (c) om risiko's te versprei soos in die geval van versekering. Ons bepaal ons slegs by laasgenoemde.

1) G.E. Griffin: Principles of Foreign Trade.
(1934), bl. 353.

Onder hierdie begrip verstaan ons enigiets wat te doen het met die vrywaring van fisiese goedere teen ongevallen of die voorsiening wat in die geval van die menslike lewe teen dood getref word, asook die vrywaring van verliese wat uit geregtelike aanspreeklikheid ontstaan. Onder huidige toestande kan feitlik elke denkbare artikel "verseker" word teen skade wat dít mag oorkom die lewe van die mens kan "verseker" word teen dood sodat sy nabestaandes 'n heenkome kan vind by sy afsterwe; die mens kan deur versekering voorsiening maak teen terugslae wat hom mag tref by wyse van werkloosheid of teen toekomstige begrafniskoste wat ten opsigte van elke mens vroeër of later aangegaan moet word. Dit is dus duidelik dat die versekeringswese 'n baie omvattende onderwerp met verskillende vertakkinge is.

2. Die plek van versekering in die bedryfslewe en wetenskappe.

Die begrip versekering is lankal bekend en versekering as bedryf is reeds etlike eeue lank beoefen. Dit het dus reeds sy funksionele plek in die bedryfslewe. Tog blyk dit dat versekering nie altyd dieselfde plek toegeken word by indelings van die verskillende bedryfstakke nie.

Vroeër eeue was landbou en handel die belangrikste bedryfsvertakkinge en is gevolglik in die groepering van die bedryfstakke beklemtoon. Namate mynbou en fabriekswese belangriker geword het, is ook hulle van die ander groepe geskei.

Die indeling word beïnvloed deur die doel daarvan. Byvoorbeeld Schumann en van den Bogaerde ¹⁾ verdeel die netto geografiese inkomste ²⁾ van die Unie van Suid-Afrika in die volgende vyf groepe: landbou, mynbou, fabriekswese, distribuerende handel en ander. Die laasgenoemde groep naamlik "ander" sluit dan onder andere ook versekeringswese in. Ook Spyrou ³⁾, in 'n ondersoek na die toestand van die versekeringswese in Suid-Afrika, volg min of meer die bogenoemde indeling na naamlik landbou, mynwese, fabriekswese, vervoer en ander. Weereens word die versekeringswese onder laasgenoemde groep ingedeel. Die presiese plek van versekering is onduidelik in hierdie gevalle.

1) C.G.W. Schumann en F. van den Bogaerde: Economic Diagnosis and Business Forecasting with special reference to South Africa (1954), bl. 88.

2) Die netto geografiese inkomste van 'n land bestaan uit die betalings gedoen of inkomste wat toekom aan die ekonomiese produksiefaktore binne sy politieke grense, naamlik -

- (a) die salarisse en lone van arbeidskragte;
- (b) die rente op geleende geld;
- (c) die netto oorskot op die bedryfsrekening van 'n saak;
- (d) die netto huur ten opsigte van eiendom.

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, No. 27 (1952/53), bl.718.

3) H. Spyrou: "The Development of Insurance Business in the Union of South Africa" in The South African Journal of Economics, Vol.23 No.4, Desember 1955, bl.332.

'n Nader aanduiding vind ons in die Direkteur van Sensus en Statistieke ¹⁾ se verdeling van die netto volksinkome van die Unie van Suid-Afrika. Hy verdeel dit in dertien groepe naamlik, landbou, mynwese, fabriekswese, handel en distribusie, vervoer, versingsdienste, professies, finansies (wat banke en versekerings insluit), diverse sake, huiseienaars, openbare owerhede, private huishoudings en verenigings, klubs, unies ens. Volgens hierdie indeling word die versekeringswese onder die finansiële instellinge gegroepeer.

Stephenson ²⁾ weer verdeel die algemene besigheidstruktuur in (a) ondernemings wat direkte dienste lewer, (b) ontginnende, (c) vervaardigende en konstruktiewe en (d) handelondernemings. Onder die laasgenoemde groep sluit hy dan o.a. in bankwese en finansies as een groep en vervoer en versekering as 'n ander groep. Versekering is dus hier nie by finansies ingesluit nie.

Die meeste skrywers oor bemarking klassifiseer o.a. risiko-aanvaarding, finansiering, vervoer en opberging as hulpfunksies van bemarking.

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, No.27 (1952/53), bl. 719 - 720.

2) J. Stephenson: Principles of Business Economics (1934), bl. 14 - 15.

Van der Meer ¹⁾ en Haccou ²⁾ klassifiseer versekeringsbedrywe as diensverlenende bedrywe, dit wil sê bedrywe sonder wie se dienste die handel nie kan klaarkom nie. Daarom word finansies en versekering meesal onder handelsaktiwiteite geklassifiseer. Versekeringsbedrywe word verder gewoonlik as instellings op die kapitaalmark beskou. Die rede hiervoor is dat versekeringsbedrywe, veral die wat lewensversekering onderneem, heelwat langtermynkapitaal vir belegging beskikbaar het. As ons egter weer die funksie van versekering op die oog het, dan kan versekering nie juis by finansies ingesluit word nie.

Ons kan kortliks net probeer aandui waar versekering se plek in die wetenskappe is. As gevolg van sy lang bestaan is die versekeringswese vandag al 'n hoogs ontwikkelde wetenskap wat 'n uitgebreide studieveld dek. Daar bestaan hoofsaaklik twee rigtings op hierdie gebied naamlik langtermyn- en korttermynversekering ³⁾. Elk van hierdie twee hoofgroepe het sy eie eienaardighede en studierigting. Die lewensversekering gaan

1) B. van der Meer: Schets der bedrijfseconomie (1951), bl.10.

2) J.F. Haccou: Handel en marktwezen in Goederen (1948), bl. 268 e.v.

3) Hierdie terme word in hoofstuk 2 omskryf.

byvoorbeeld hand aan hand met die aktuariële ¹⁾ wetenskap wat op sy beurt nou verbonde is aan die wiskunde. Daarbenewens is die verskillende versekeringsmetodes ook al in die ware sin van die woord 'n wetenskap. Tereg merk Nicklisch ²⁾ op: "Die gesamte Versicherungswissenschaft gliedert sich heute in die Lehre von der Versicherungsmathematik, von der Versicherungsmedizin, vom Versicherungsrecht, von der Versicherungswirtschaft und von der Versicherungspolitik. Am ältesten ist die Versicherungsmathematik, am jüngsten die Versicherungswirtschaftslehre". Die versekeringswetenskap bestaan dus reeds uit verskillende takwetenskappe, waarvan die versekeringsbedryfsleer slegs een is. Dit is 'n toegepaste wetenskap wat eintlik 'n gespesialiseerde vertakking van die Bedryfs ekonomie is.

3. Versekeringspublikasies en navorsing.

Alhoewel ons hier met 'n eeue-oue onderwerp te doen het, is die omvang van die literatuur hieroor tog nie so omvangryk as wat dit in die geval van sommige ander onderwerpe is nie, byvoorbeeld

1) Hierdie term word omskryf as die wiskundige afdeling van die versekeringswese. Die beampte wat met hierdie take belas is, word 'n aktuaris genoem en is dus die amptenaar wat die wiskundige berekenings ten opsigte van versekeringsrisiko's en premies doen.

2) H. Nicklisch: Handwörterbuch der Betriebswirtschaft (1939), bl. 2070.

sielkunde, geskiedenis of ekonomie. Tog vind ons veral verskeie Engelse en Duitse werke en geskifte in hierdie verband wat gedurende die afgelope jare die lig gesien het. Die meeste van hierdie werke is dikwels egter so tegnies van aard dat dit moeilik deur die leek verstaan kan word.

Publikasies oor die Suid-Afrikaanse versekeringswese is egter uiters karig. Daar bestaan weliswaar tydskrifte wat al 'n geruime tyd in die Unie in omloop is, naamlik „The Insurance Record” en „The South African Insurance Magazine”. Hierdie twee tydskrifte bevat van tyd tot tyd interessante artikels oor versekeringsaangeleenthede en Suid-Afrikaanse versekeringsnuus. Daarbenewens bestaan daar ook 'n paar werke ¹⁾ wat die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap, die oudste versekeringsonderneming in Suid-Afrika, beskryf, asook 'n werk ²⁾ wat die algemene aard en uitvoering van ongevalleversekering in Suid-Afrika ontleed.

1) South African Mutual Life Assurance Society. 'n Kort geskiedenis van Het Zuidafrikaanse Onderlinge Levensverzekering-genootschap, met 'n beskrywing van die nuwe hoofkantoorgebou voltooi Januarie 1940 (1940).

South African Mutual Life Assurance Society. Wat die Ou Mutual in 100 jaar verrig het (1945)

R. van Selm: Geskiedenis van Het Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekeringgenootschap, 1845 - 1945 (1945).

2) J.P.W. Viljoen: Die vorm en uitvoering van Ongevalleversekering vir Suid-Afrika 1941.

Benewens die bogenoemde and enkele ander noemenswaardige werke ¹⁾ in hierdie verband wat hoofsaaklik die omvang van lewensversekering in die Unie tussen die jare 1925 en 1935 ontleed, is ons, sover dit die Suid-Afrikaanse versekeringwese aanbetref, hoofsaaklik aangewese op verslae wat uitgereik is deur die „Insurance Institute of the Cape of Good Hope“ en die „Insurance Institute of the Transvaal“. Ook versamel die Direkteur van Sensus en Statistieke jaarliks sekere gegewens wat in die Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika verskyn, terwyl die Registrateur van Versekeringwese sedert 1944 ook sekere versekeringstatistieke versamel en publiseer. 'n Onlangse artikel ²⁾ wat in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie gepubliseer is, verdien ook melding. Dis 'n belangrike artikel wat die groei van die Suid-Afrikaanse versekeringswese kortliks ontleed.

Geeneen van hierdie werke wat reeds bestaan, ontleed die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse versekeringswese tot op die huidige stadium nie. Met die uitsondering van die artikel van Spyrou ³⁾, wat die klem hoofsaaklik op langtermynversekering laat val, bestaan daar nog geen werk wat die Suid-Afrikaanse korttermynversekering, veral sedert die einde van Wêreldoorlog II, ontleed en sy bydrae tot ons huidige ekonomiese welvaart probeer bepaal nie.

1) E.H.D. Arndt: Assuransiewese in die Unie: 'n Ontleding van die jongste gegewens. (1938)

E.H.D. Arndt: Insuring our insurance: a survey of insurance legislation with recommendations for the Union (1941).

E.H.D. Arndt: An analysis of the investment policies of life insurance companies in the Union of South Africa the need for more constructive legislation (1938)

2) H. Spyrou: "The Development of Insurance Business in the Union of South Africa" in The South African Journal of Economics, Vol.23, No.4, Desember 1955, bl.332.

3) A.w.

4. Doel en omvang van hierdie ondersoek.

Die doel van hierdie ondersoek is dus om:

- (a) die ontstaan en ontwikkeling van die verskillende versekerings kortliks te skets;
- (b) die omvang van korttermynversekering in Suid-Afrika sedert die einde van Wêreldoorlog II te ontleed; en
- (c) die wederkerige invloed van die versekeringswese, veral van korttermynversekering en die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika te bepaal.

Soos ons reeds aangetoon het, kan die versekeringswese in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik kort- en langtermynversekering. Weens die omvangrykheid van die onderwerp sal ons ons in hierdie verhandeling hoofsaaklik by korttermynversekering bepaal en slegs by wyse van aanvulling wys op die verband wat daar tussen die twee groepe bestaan. Langtermynversekering is 'n aparte onderwerp wat 'n afsonderlike studie verg.

In hoofstuk II sal ons dan eers nagaan wat ons presies onder die versekeringsbegrip verstaan en daarna bepaal wat die vereistes en beginsels van versekering is. Ons sal daarbenewens ook probeer vasstel hoe ons die verskillende versekeringsrisiko's kan klassifiseer of groepeer om vir ons 'n mooi beeld van die geheel te gee.

In hoofstuk III sal ons die algemene geskiedkundige ontwikkeling van die versekeringswese sedert die vroegste jare van sy ontstaan nagaan en veral let op die ontstaan en ontwikkeling daarvan in Suid-Afrika en aantoon wat die omvang daarvan teen omstreeks die aanvang van Wêreld

oorlog II was.

Die hoofstukke wat daarna volg, is meer toegespits op toestande van korttermynversekering in die Unie van Suid-Afrika sedert 1945. In hoofstuk 4 word die aantal korttermynversekeraars sedert die einde van Wêreldoorlog II kortliks ontleed terwyl die resultate van hierdie versekeraars in hoofstuk 5 nagegaan word.

Die invloed van die versekeringwese in die algemeen en van korttermynversekering in die besonder op die ekonomiese toestande en die bydrae daarvan tot die welvaart en netto volksinkome van die Unie sal ook bepaal word. Dit word in hoofstuk 6 gedoen.

In die slothoofstuk sal ons dan aan die hand van die bevindinge waartoe ons geraak het, probeer bepaal wat die moontlike toekomstige omvang van die versekeringswese in die Unie gedurende die volgende twintig jaar sal wees indien die wêreldtoestande nie gedurende hierdie tydperk abnormaal beïnvloed word nie.

5. Metode van ondersoek.

Vir die versameling van die nodige gegowens vir hierdie verhandeling is gebruik gemaak van sommige van die buitelandse werke wat bestaan en wat die funksies, doel, aard en geskiedenis van die versekeringswese behandel. Ongelukkig is die geskryfte oor die oudste geskiedenis van hierdie onderwerp baie karig en die handboeke wat dit wel aanhaal, behandel hierdie aspek dan ook gewoonlik slegs in enkele sinne. Vir die laaste deel van die verhandeling wat veral oor Suid-Afrikaanse toestande handel, is hoofsaaklik gebruik gemaak van die

Unie-Jaarboeke asook van die Jaarverslae van die Registrateur van Versekeringswese. Daarbenewens is sekere statistieke ook direk van die Registrateur van Versekeringswese verkry, terwyl ander gegewens weer uit tydskrifte en koerante versamel is.

Wat die Suid-Afrikaanse toestande aanbetref, het ons met een groot probleem te kampe, naamlik onvolledige statistieke. In ander lande van die wêreld tref ons goeie organisasies aan wat vir die versameling van statistieke verantwoordelik is, maar in Suid-Afrika is sulke statistieke van behaalde resultate nog baie beperk en onvolledig, veral ten opsigte van die agtiende en negentiende eeue. Dis eintlik eers sedert die aanname van die gekonsolideerde Versekeringwet van die Unie in 1943 dat die versameling van statistieke in ons land verpligtend geword het. Enkele statistieke is tot omstreeks Wêreldoorlog II deur die Direkteur van Sensus en Statistieke versamel en in die Offisiële Jaarboeke van die Unie gepubliseer, maar sedert 1944 word vollediger gegewens deur die Registrateur van Versekeringswese ¹⁾ jaarliks versamel en beskikbaar gestel. Vir die jare 1944 tot 1951 het ons dus betreklik volledige versekeringstatistieke in die Unie, maar as gevolg van veranderde regulasies is die statistieke wat sedert 1952 gepubliseer word, weer minder omvattend.

1) Jaarverslae van die Registrateur van Versekeringswese.

Statistieke van beide versekeringsresultate en ander ekonomiese aangeleenthede in die Unie is getabuleer en sommige daarvan verskyn in die bylaes aan die einde van hierdie verhandeling. Verskeie uittreksels is uit hierdie tabelle gemaak en word saam met ander tabelle en statistieke op die betrokke plekke in die verhandeling self geplaas, ontleed en bespreek.

HOOFSTUK 2.

OMSKRYWING EN AARD VAN VERSEKERING

1. Inleiding.

In die vorige hoofstuk het ons nagegaan watter plek die versekeringswese in die bedryfslewe inneem. Ons het ook aangetoon wat die doel van hierdie ondersoek is en kortliks gewys op die belangrikste Suid-Afrikaanse publikasies oor hierdie onderwerp. In hierdie hoofstuk sal ons nou eerstens nagaan presies wat ons onder die versekeringsbegrip verstaan. Daarna sal ons die doel en algemene voordele van versekering ontleed en uiteindelik aantoon hoe die verskillende versekeringsrisiko's geklassifiseer kan word.

2. Omskrywing van versekering.

'n Goeie omskrywing van beide kort- en langtermyn-versekering is die volgende: „Insurance or assurance, may be defined as a provision, or contract, by which the risk of pecuniary loss arising from death or personal injury, or from destruction of, or damage to, property owing to perils of any kind to which an individual, the insured, may be exposed, is undertaken by a group of persons or a corporation, called the insurers The essence of the transaction is that losses definitely anticipated or arising are transferred to the shoulders of other parties whose business is to undertake and average a large number of similar transactions” 1)

1) Harmsworth's Universal Encyclopedia, Vol. 7, bl. 4264 et seq.

'n Kort en bondige omskrywing van die korttermyn-versekeringsbegrip is die volgende: „Im wirtschaftlichem Sinn ist die Versicherung die Vereinigung vieler von der gleichen Schadensmöglichkeit (Gefahr) bedrohter Personen, um den Schaden, der einzelne von ihnen wirklich trifft, gemeinsam zu tragen" ¹⁾.

Riegel en Miller ²⁾ weer sê dat versekering, van die funksionele standpunt, 'n sosiale plan is waardeur die onsekere risiko's van individue in 'n groep saamgegroepeer en dus sekerder gemaak word deurdat die lede sekere klein bydraes moet lewer. 'n Gemeenskaplike fonds ontstaan dus waaruit lede se werklike skade vergoed word. In sy wetlike aspek is versekering 'n kontrak waarby die versekeraar onderneem om 'n finansiële verlies van 'n versekerde te vergoed kragtens die terme van die aangegane kontrak en waarby die versekerde onderneem om 'n konsiderasie, wat bekend is as 'n premie, aan die versekeraar te betaal. Die volgende paslike definisie word aan 'n versekeringshandboek ontleen ³⁾:

„A combination or organisation of persons for their mutual protection in the distribution of the losses sustained by some of them over the whole number, who contribute proportionately, as to the nature and extent of the risks involved, to the common fund, out of which they may receive indemnity for loss to which all are exposed."

1) Der Grosse Brockhaus, (1934), Vol. 19, bl. 534.

2) R. Riegel en J.S. Miller: Insurance, Principles and Practice (1947), bl. 19.

3) Metropolitan College: Law of Fire Insurance, bl. 9.

Uit die voorafgaande definisies is dit nou reeds vir ons duidelik dat ons in die geval van korttermynversekering te doen het met die verligting en vermindering van verliese en skades wat deur enkelinge gely word deur die verdeling daarvan onder baie persone. In die geval van langtermynversekering is die posisie effens anders. In hierdie geval is die gebeurtenis waaruit 'n eis of skade sal ontstaan, seker - slegs die tyd waarop dit sal plaasvind, is onseker. Richmond en Sherriff ¹⁾ sê van lewensversekering die volgende: „Life assurance differs from all other forms of insurance in that the ultimate benefit to be received under the contract by the person to whom policy is granted is assured to him or her so long as the contract is kept on foot by the policyholder. If the policy is one payable at death only, then sooner or later it must become a claim. If the policy be one payable at the end of a specified period or on the attainment of a certain age, and is also payable in the event of previous death in either case, then it is an endowment assurance, which must, within the specified period, become a claim as a result of one of two events happening, i.e. the death of the policyholder or his survivance". Knight ²⁾ weer gee die volgende mooi omskrywing: „Life insurance is a business device for meeting financial losses due to death, by transferring to a group of persons the risk of death to which each individual member of the group is exposed. Modern life insurance also helps to provide against the contingency of dependent old age".

1) G.W. Richmond and F.H. Sherriff: Dictionary of Life Assurance (1930), bl. 184.

2) C.K. Knight: Advanced Life Insurance (1926), bl. 1.

Ons sien dus dat in alle soorte versekering die een party (die versekeringsondernemer) onderneem om aan die ander party (die versekerde) op 'n sekere wyse te vergoed wanneer 'n sekere omskrewe gebeurlikheid of ongeval die versekerde tref, teen die betaling deur laasgenoemde aan die versekeringsonderneming van 'n sekere vasgestelde bedrag (premie). Wanneer so 'n ooreenkoms aangegaan word, word 'n wettige kontrak gesluit, genoem 'n polis. Hierdie dokument, afgelei van die Italiaanse woord „polizza“, 'n geskrewe en gevoude dokument ¹⁾, omvat volledige besonderhede aangaande die betrokke transaksie, dit wil sê 'n omskrywing van die risiko wat aanvaar word, die voorwaardes daaraan verbonde, gebeurlikhede wanneer die versekeringsonderneming nie gebind sal wees nie, die versekerde bedrag, premie betaalbaar ens. Die oorgrote meerderheid van versekeringskontrakte of polisse is skriftelik en gefrankeer, maar tog word daar in Duitsland en soms ook in Engeland en die V.S.A: wettige mondelinge kontrakte aangegaan. ²⁾ Young en Bacon ³⁾ omskryf 'n lewenspolis byvoorbeeld soos volg: "Policy on human death (except death by accident only), or the happening of any contingency depending on human life, or any instrument evidencing a contract which is subject to payment for a term dependent on human life".

Versekering beteken dus die vergoeding vir 'n verlies wat gely is, nie sodanig dat die party wat die

1) Encyclopaedia of Social Sciences, Vol.8, bl.106.

Insurance (1937), bl.98.

2) Encyclopaedia of Social Sciences, Vol.8, bl.108

3) H.A. Young en P.D. Bacon: Principles and Practice of Life Insurance (1947), bl. 13.

verlies gelyk het wins uit die transaksie maak nie maar alleenlik sodanig dat in die geval van korttermynversekering hy weer in staat gestel word om sy besigheid na die verlies te kan voortsit terwyl in die geval van langtermynversekering voorsiening vir die oudag of nabestaandes getref word ¹⁾.

Wat die versekeringsonderneming aangaan, word 'n groot risiko natuurlik aanvaar, byvoorbeeld teen die betaling van 'n premie van £1 kan daar miskien 'n eis van £1,000 teen die onderneming ingestel word. Hier is dit dus vir ons duidelik dat die versekeringsonderneming dit noodsaaklik sal vind om 'n groot aantal versekerdes te verkry want die onsekerheid oor die omvang van die verlies wat verwag kan word, verminder geleidelik namate die aantal risiko's verhoog. In die New International Encyclopaedia ²⁾ word hieroor die volgende geskryf: „by the well-known law of average the percentage of variation between actual loss and average loss diminishes as the number of cases increases”.

Die versekeringsbegrip kan ook van 'n ekonomiese en 'n juridiese aspek benader word. Die Winkler Prins Encyclopaedia ³⁾ sê in hierdie verband dat die begrip versekering „valt in hoofdzaak te beschouwen uit een economisch en uit een juridisch oogpunt”. Met die ekonomiese oogpunt word hier bedoel die tref van maatreëls om die onsekere te waarborg terwyl met die

1) Godwing: The Principles and Practice of Life Insurance (1947), bl. 13.

2) The New International Encyclopaedia (1925), Vol.12, bl. 235.

3) Winkler Prins Encyclopaedia (1954), Vol.18, bl.94 et. seq.

juridiese oogpunt bedoel word die aangaan van 'n wettige ooreenkoms tot skadeloosstelling.

3. Doel en voordele van versekering.

Alle soorte versekerings is ooreenkomste waardeur die verliese gelyk deur 'n paar persone deur baie mense gedra word. Maclean ¹⁾ omskryf dit mooi soos volg: „Every plan of insurance is, in its simplest terms, merely a method of spreading over a large number of persons a possible financial loss too serious to be conveniently borne by an individual. Such a "loss" may be caused, for example, by the destruction of property, as in fire insurance; or by temporary loss of earnings, as in health insurance; or by the permanent cessation of earning power through death, as in life insurance". Selfs die individu se skade, verseker of nie, word deur die hele gemeenskap gedra, aangesien sy skade nie hom alleen beïnvloed nie maar ook almal wat ekonomies aan hom verbonde is, byvoorbeeld sy krediteure, klante en ander. Die gewone gevare verbonde aan handelsaktiwiteite, byvoorbeeld markskommeling, is en was nog altyd 'n bron van bekommernis vir enige handelaar. Om sy saak te bevorder is dit noodsaaklik dat hy nie nog met bekommernisse oor kapitaalverliese opgeskeep sit nie. Dit is daarom ook een van die doeleindes van versekering om die handelaar teen onverwagte verliese as gevolg van sekere oorsake te vrywaar. Aangesien enige verlies ook 'n verlies vir die samelewing as

1) J.B. Maclean: Life Insurance (1951), bl.1.

'n geheel is, is dit die doel van versekering om ook die samelewing te dien deur sodanige verliese te verminder en sover moontlik te verhoed. Daarom is dit dus nodig dat sekere voorsorgmaatreëls getref moet word, temeer ook as gevolg van die groot mededinging wat daar onder moderne toestande aangetref word. Die wêreldwye raamwerk van versekering, en veral van seeversekering, getuig van die praktiese noodsaaklikheid hiervan.

Die omvang van versekering neem ook nog daaglik toe namate individue en volkere meer en meer versekeringsbewus raak. Stone en Cox ¹⁾ sê byvoorbeeld: „The scope of insurance - particularly on the accident side - is, however, continually expanding". Versekering ondergaan dus skynbaar 'n fenomenale groei as gevolg van die feit dat dit in een van die grootste behoeftes van die beskaafde gemeenskap voorsien, naamlik die vrywaring teen kapitaalverliese. Dit verskaf natuurlik nie beskerming teen swak administrasie, markskommeling ens. nie maar dit bied vrywaring teen alle ander onvoorsiene gebeurlikhede. Beide Prochnow ²⁾ en Dinsdale ³⁾ wys dan ook daarop dat die belang van versekering ⁴⁾ dus eerstens daarin lê dat dit sekuriteit vir besigheidsondernemings verskaf deur beskerming te verleen teen groot en onsekere verliese in ruil vir klein maar sekere betalings. As gevolg daarvan kan besigheidsdoeltreffendheid verhoog word. Tweedens kan versekering as basis dien vir die

1) Stone & Cox: Accident, Fire and Marine Insurance Year Book (1953 - 1954), bl.9

2) H.V. Prochnow: American Financial Institutions (1951) bl.57

3) W.A. Dinsdale: History of Accident Insurance in Great Britain (1954), bl.4.

4) Vergelyk hoofstuk 6, bl.1 vir 'n volledige bespreking van die belang van versekering.

verskaffing van kredietgeld, byvoorbeeld die uitleen deur versekeringsondernemings van oortollige fondse op verband. Derdens word besparing deur lewensversekering vergemaklik deurdat ons hier met 'n maklike vorm van besparing te doen het. Teen 'n sekere vasgestelde bedrag wat op vasgestelde tye betaal word, byvoorbeeld maandeliks of jaarliks, word daar in werklikheid geld gespaar wat op 'n latere vasgestelde tyd, of by dood, beskikbaar sal wees. En vierdens bestaan die sosiale belangrikheid van versekering daarin dat dit die gemeenskap gedeeltelik vrystel van beskerming van die afhanklikes van 'n afgestorwene. Daarbenewens moedig versekering ook die vermindering en voorkoming van verliese aan, aangesien versekeringsondernemings gewoonlik sekere vereistes stel waaraan 'n versekerde artikel moet voldoen.

In hoofsaak kan ons die hele versekeringsaangeleentheid in vier groepe verdeel naamlik lewe-, brand-, see- en algemene versekering ¹⁾. Met watter groep ons ookal te doen het, is dit altyd die plig van die versekerde om alles in sy vermoë te doen om eise sovermoontlik te verminder. Ons het reeds gesien dat brand-, see- en algemene versekering van groot belang vir die handelaar is omdat dit bekommernisse as gevolg van kapitaalverliese uitskakel. Wat lewensversekering aanbetref, is dit noodsaaklik om voorsiening te maak,

1) G. Hurren: Fire Underwriting in Theory and Practice (1952), bl. 1.

volgens die finansiële vermoë van die individu, teen onvoorsiene gebeurlikhede, sodat die staat nie nodig sal hê om sy afhanklikes by sy afsterwe te onderhou nie. Dit is dan ook die rede waarom die staat gewoonlik kortings vir inkomstebelastingdoeleindes gee ten opsigte van premies betaal op lewensversekering. Dit is nie nodig om hier die belangrikheid van lewensversekering verder te beklemtoon nie, aangesien ons bekend is met die probleme wat in die alledaagse lewe opduik wanneer die broodwinner van 'n gesin te sterwe kom. In hierdie verband verskaf Dublin en Lotka ¹⁾ die volgende interessante gegewens: as 'n man en vrou ewe oud is dan is die kanse dat die vrou die man sal oorleef 57%; as die man 5 jaar ouer is as die vrou dan is die kanse dat die vrou die man sal oorleef 67% terwyl as die man 10 jaar ouer as die vrou is, dit 75% is. Gewoonlik is die man ouer as die vrou; dus kan ons met die oog op bostaande die belangrikheid van lewensversekering begryp.

4. Die vereistes en beginsels van versekering.

Reigel en Miller ²⁾ gee ons die volgende opsomming van die essensiële vereistes van versekering:

- (1) Die versekerde moet onderworpe wees aan 'n werklike risiko. Dit beteken dat die moontlikheid van 'n skade aanwesig moet wees; as daar geen sodanige moontlikheid van 'n skade bestaan nie, dan is die doel van versekering immers verydel.

1) L.I. Dublin and A.J. Lotka: The Money Value of a Man (1947), bl.29.

2) A.w., bl. 19 e.v.

- (ii) Die risiko moet belangrik genoeg wees om 'n kontrak te regverdig. Dit is vanselfsprekend dat dit tyd en geld kos om 'n kontrak aan te gaan; dit sal dus 'n tydverkwisting wees om 'n onbenullige artikel te wil verseker.
- (iii) Die koste van versekering moet nie buitensporig hoog wees nie. As die premie vir die versekering van 'n sekere artikel of saak buitengewoon hoog is sal dit voornemende versekerdes ontmoedig en sal daar geen versekering plaasvind nie of altans nie so 'n hoeveelheid dat dit lonend sal wees nie.
- (iv) 'n Groot aantal risiko's is nodig. Dit sluit eintlik aan by die voorafgaande vereiste, want as die koste billik is, sal die aantal transaksies toeneem, en hoe groter die aantal transaksies, hoe kleiner word die risiko per transaksie.
- (v) Dis nodig dat die skade matematies by benadering bereken kan word. Elke risiko moet so danig van aard wees dat indien 'n skade plaasvind, dit moontlik moet wees om die omvang daarvan by benadering te kan bepaal. Uitvoerige bepalinge hieromtrent word gewoonlik in die polis omskryf.

Die beginsel van versekering kan ons kortliks soos volg opsom: 1)

- (i) Daar moet goedertrou wees. Dit beteken dat albei partye wat die kontrak sluit alle belang-

1) Sone and Cox: a.w., bl. 13 e.v.
A.G.M. Batten and W.A. Dinsdale: Motor Insurance
(1947), bl. 8 e.v.

rike of materiële feite moet openbaar anders mag die kontrak (polis) van nul en gener waarde wees.

- (ii) Daar moet 'n versekerbare belang aanwesig wees, d.w.s. die versekerde moet wettiglik 'n belang by die versekerde goedere hê sodat 'n verlies wat gely word hom op een of ander wyse sal tref.
- (iii) Die betaling van skadevergoeding moet gewaarborg wees; die versekerde moet veilig voel en verseker wees dat hy in geval van skade sy regmatige behandeling sal ontvang; hy mag egter nie 'n wins uit sy eie ongeluk maak nie.
- (iv) Proporsionele bydraes kan gemaak word, d.w.s. in die geval van dubbele versekering waar 'n versekerde dieselfde belang by meer as een versekeraar verseker, kan die verskillende versekeraars in geval van 'n skade pro rata bydraes lewer om die eis te betaal. Die doel is om te verhoed dat die versekerde meer eis en ontvang as wat sy werklike skade is.
- (v) Oorname van regte (subrogasie). Hier het ons te doen met die geval wat voorkom wanneer die versekerde, bo en behalwe die regte aan hom verleen kragtens die polis, alternatiewe regte het teen derde partye wat moontlik vir die verlies of skade verantwoordelik was. Die versekeraars kan nou hierdie regte van aksie teen sodanige derde partye oorneem en hulle vervolg.
- (vi) Die beginsel van "Causa Proxima" moet aanwesig wees, d.w.s. die versekeraars is slegs verantwoordelik indien die verlies of skade aangerig is deur een van die gevare wat verseker is.

5. Klassifikasie van risiko's.

Oor 'n indeling van alle klasse versekering bestaan daar egter nog geen eenstemmigheid onder die verskillende outoriteite nie en tereg merk Prof. Alfred Manes ¹⁾ op dat die poging om 'n stelselmatige indeling in hierdie verband te verkry, nog nie tot bevrediging van alle outoriteite opgelos kon word nie. Hy self wil alle versekerings in twee groot groepe saamvat en volg in sy besprekings dan ook hierdie indeling ²⁾ nl. een groep wat hy goederversekering en 'n ander groep wat hy personeversekering noem. Elk van hierdie groepe word dan weer onderverdeel in 'n hele reeks verskillende soorte versekerings. Kortliks verdeel hy sy twee groepe soos volg:

(1) Goederversekering.

(a) Saakversekering: (Sachversicherung)

- (i) Transport:
 - See
 - Motor
 - Lugvaart
- (ii) Brand
- (iii) Hael
- (iv) Vee
- (v) Misdaad:
 - Diefstal
 - Vervalsing
 - Oproer
- (vi) Water: ³⁾
 - Waterlei
 - Reën
 - Hoogwater
- (vii) Diverse:
 - Glas
 - Storm
 - Masjiene ens.

(b) Vermoëversekering:

- (i) Aanspreeklikheid
- (ii) Krediet
- (iii) Besigheidsverlies:
 - Huurverlies
 - Bedryfsonderbreking
 - Staking
 - Omsetverlies

1) A. Manes: Versicherungswesen, Deel I (1930), bl. 11.

2) Idem. Deel II en III.

3) Dit sal opgemerk word dat hier klasse versekerings genoem word wat nie in Suid-Afrika bekend is nie.

(2) Personeversekering:

- (i) Lewensversekering
- (ii) Siekteversekering
- (iii) Invalideversekering
- (iv) Ongevalleversekering
- (v) Werkloosheidsversekering

Ook Der Kleine Brockhaus ¹⁾ volg min of meer die bo-
genoemde klassifikasie van risiko's na, naamlik:

(1) Skadeversekering:

- (a) Goedereversekering, bv. brand, diefstal ens.
- (b) Vermoëversekering, bv. krediet, aanspreeklik-
heid ens.

(2) Personeversekering:

Riegel en Miller ²⁾ gee ons ook 'n baie duidelike en
moderne uiteensetting van hoe die verskillende risiko's
geklassifiseer kan word, naamlik:

Risiko	Verlies van verdien- vermoë	Persoonlik	{ Dood - Lewensversekering Siekte - Gesondheidsversekering Ouderdom - Ouderdomsversekering Werkloosheid - Werkloosheidsvers. Ongelukke - Ongelukversekering
		Besigheid	{ Winsversekering Huurversekering
	Verlies van Eiendom	Verwoesting of skade	{ Brandversekering Hael, Aardbewing ens. Ruitglas See - Oseaan en Binnelands "Sprinkler Leakage" Waterskadeversekering Oproer Hysbakversekering Motor - Brand en Ongeluk Lugvaartversekering Diereversekering
		Diefstal of oneerlikheid	{ Motordiefstal Inbraak en diefstal Bedrog Getrouheidswaarborge
		Gebreke van ander	{ Kredietvers. - teen slegte skulde Kontrakte - "Surety Bonding".
		Regs aan- spreeklikheid	{ Openbare aanspreeklikheid Motor (openbare)-aanspreeklikheid Hysbakversekering Lugvaartversekering

1) Der Kleine Brockhaus. (1954), Vol. 2, bl. 582

2) A.w., bl. 13.

Die voorafgaande uiteensetting is heeltemal duidelik en verg geen verdere verduidelikings nie. Ons kan net beklemtoon dat ons by die bestudering van hierdie uiteensetting onder die indruk van die geweldige omvang van die versekeringswese kom; daar is bykans niks denkbars wat teenwoordig nie verseker kan word nie.

Heel eenvoudig gestel kan ons versekering dan in twee hoofgroepe verdeel, naamlik:

- A. Langtermynversekering d.w.s. versekering van verdienvermoë, bv. lewensversekering, werkloosheidsversekering en begrafnisversekering. In hierdie geval strek die versekeringstydperk gewoonlik oor baie jare; as 'n kontrak aangegaan is, is hy vir 'n hele aantal jare geldig.
- B. Korttermynversekering, d.w.s. versekering van eiendom, bv. brandversekering, seeversekering en algemene versekering wat al sulke versekerings insluit soos motor, persoonlike ongevallen, diefstal, lugvaart, glas ens. In hierdie geval is die versekeringstydperk gewoonlik 'n jaar of korter. Na die verstryking van die versekeringstydperk, word die betrokke versekering weer hernu deur die versekerars en die versekerde of 'n nuwe kontrak word aangegaan. Die versekeraar het ook die reg om die kontrak sonder meer te beëindig wat hy nie by magte is om te doen in geval van langtermynversekering nie.

Vir ons besprekings sal ons ons hoofsaaklik bepaal by die klasse versekering wat ons korttermynversekering noem. Brandversekering dek die eiendomme wat verseker is teen skade as gevolg van brande of weerlig terwyl seeversekering gewoonlik dekking verleen teen verliese op die oseane asook op binnelandse waters. Seeversekering kan ook van tweër-

lei aard wees naamlik versekering van die skepe of bote (die vervoermiddel) en versekering van die goedere wat vervoer word¹⁾. Twee soorte polisse word dan ook in hierdie verband uitgereik, naamlik:

(a) Seereispolis (vir die werklike duur van die see-reis).

(b) Tydpolis (vir 'n bepaalde tydsduur).

Wat die groep algemene versekering aanbetref, het ons hier met 'n baie omvangryke tak van die versekeringswese te doen. Dinsdale²⁾ klassifiseer algemene versekering soos volg:

(a) Versekering van die persoon, bv. persoonlike ongevalleversekering, siekteversekering ens.

(b) Versekering van belange, bv. getrouheidswaarborge, krediet, kontrakwaarborge ens.

(c) Versekering van aanspreeklikheid, bv. openbare aanspreeklikheid, derde-party, werkgewersaanspreeklikheid ens.

(d) Versekering van eiendom teen persoonlike verlies, bv. inbraak, alle risiko's, motor, hael, glas, lewende hawe ens.

Stone en Cox³⁾ volg dieselfde verdeling vir algemene versekering en voeg daaraan toe dat sommige versekerings twee of meer van bogenoemde punte omvat byvoorbeeld 'n omvattende motorpolis omvat punte (a), (c) en (d) hierbo.

Dit is interessant om daarop te let dat lugvaartversekering, een van die jongste afdelings van algemene versekering, reeds gesaghebbend soos volg onderverdeel word: ⁴⁾

1) F. Templeman and C.T. Greenacre: Marine Insurance - its Principles and Practice (1946), bl. 2 e.v.

2) W.A. Dinsdale: Principles and Practice of Accident Insurance (1952), bl. 5 - 6.

W.A. Dinsdale: History of Accident Insurance in Great Britain (1954), bl. 2 e.v.

3) A.w., bl. 12 e.v.

4) D. Murray Stewart: Aviation Insurance (1946), bl. 3 en 67.

- (a) Vir privaat plesier.
- (b) As nywerheidshulpmiddel -
 - besigheid (persone en goedere)
 - fotografie
 - bos- en visserypatrolering en
 - bespuiting.
- (c) Vliegklubs.
- (d) Aanspreeklikheid -
 - Passasiers (in vlug).
 - Persone op grond.
 - Eiendomme op grond.
 - Lughaweinstallasies.

6. Herversekering.

Dit is nie ons doel om hier 'n ontleding en verduideliking te gee van elke afsonderlike klas versekering nie. Genoeg is nou reeds gesê om ons 'n begrip te gee van die aard, omvang en klassifikasie van versekering. Al wat nou nog 'n kort ontleding verg, is herversekering.

Riegel en Miller ¹⁾ verduidelik herversekering soos volg: „Reinsurance is the transfer by a direct writing company of a portion of its insurance to another company, called the reinsurer. It is a contract whereby a reinsurer agrees to indemnify another insurer for loss resulting from a risk assured by the latter under a separate insurance contract issued to a third party". Herversekering beteken dus 'n oordrag van 'n deel van die een versekeringsonderneming se besigheid aan ander versekeringsondernemings. Thompson ²⁾ sê hieroor die volgende: „Reinsurance depends upon insurance for its existence. It is a second or new insurance after an insurance contract has been created".

1) A.w., bl. 71.

2) K.R. Thompson: Reinsurance (1951), bl. 4.

Versekeraars onderneem herversekering om die volgende redes:

- (i) Die risiko word nou verdeel onder verskillende versekeraars om sodoende die belangrike beginsel van verspreiding van die risiko na te streef;
- (ii) groter risiko's kan aanvaar word;
- (iii) winste word nou gestabiliseer;
- (iv) 'n beter en sterker waarborg word nou verskaf;
- (v) 'n vermindering van die voorgeskrewe reserwes vind nou plaas; en
- (vi) deur die afstaan van herversekering aan ander ondernemings, word daar wederkeriglik ook herversekeringsbesigheid van ander ondernemings ontvang.

Vir die oorspronklike polishouers is herversekering van belang omdat:

- (i) die versekeringsonderneming nou groter stabiliteit het en die individuele polis meer betroubaar is;
- (ii) as 'n groot versekering benodig word, die versekerde dit kan verkry deur met slegs een maatskappy te onderhandel;
- (iii) dekking of beskerming dadelik verkry kan word aangesien daar slegs met een onderneming onderhandel word; en
- (iv) hy 'n polis onder identiese kontrakterme verkry alhoewel die terme tussen die verskillende maatskappye mag verskil.

Dit is interessant om te let op die statistieke wat Hurren ¹⁾ verskaf aangaande die Phoenix Assurance

1) A.w., bl. 8 e.v.

Co. Ltd. wat in 1782 opgerig is. Sedert sy oprigting tot die einde van die negentiende eeu het die gemiddelde eisepercentasie (percentasie van eise tot premies) van hierdie maatskappy (geneem in tydperke van 10 jaar) geskommel vanaf 'n minimum van 40% tot 'n maksimum van 80%, terwyl die persentasie in die meeste gevalle tussen 60% en 67% beloop het. Sedert die begin van die twintigste eeu is herversekering toegepas en van toe af is die gemiddelde eisepercentasie op ongeveer 50% gestabiliseer. Hierdie gegewens toon duidelik vir ons die belangrikheid van herversekering.

Herversekering word gewoonlik verdeel in

- (a) Fakultatiewe herversekering;
- (b) Outomatiese herversekering; en
- (c) Poele.

Fakultatiewe of opsionele herversekering verwys na die gevalle waar die sederende maatskappy elke transaksie onafhanklik behandel en belangstellende herversekeraars nader. 'n Ooreenkoms na gelang van die geval word dan aangegaan. Thompson ¹⁾ sê dat fakultatiewe herversekering gedurende die afgelope 25 jaar plek gemaak het vir outomatiese herversekering en dat fakultatiewe herversekering nou 'n ondergeskikte plek inneem.

Onder outomatiese herversekering verstaan ons ooreenkomste, gewoonlik vir 'n jaar geldig, aangegaan tussen die afgewende of sederende en die herversekeringsmaatskappy waarkragtens die sederende maatskappy outomaties aan die herversekeraar 'n sekere persentasie van 'n sekere klas versekering gee of

1) A.w., bl. 3.

surplusse bo en benewens sekere retensies herverseker of oorskrydings bo 'n vasgestelde rentensie betaal. Die sederende maatskappy behou gewoonlik volgens ooreenkoms soveel as waarvoor sy vermoë hom in staat stel en die herversekeringsmaatskappy neem soveel maal die maatskappy se retensie as wat hy gerieflik kan behartig. In Engels word dit 'n „line” genoem. „A line refers to the amount of the ceding insurer's retention and the reinsurers may take one or more lines or half a line, according to the facilities which can be offered” 1).

In die geval waar 'n poel tot stand gebring word, gaan verskeie versekeraars 'n ooreenkoms aan waarkragtens elke versekeraar 'n gegewe aandeel in beide premies en eise van risiko's van lede van die poel aanvaar wat sekere grense of eie retensies te bowe gaan.

7. Samevatting.

Die verskillende skrywers se omskrywing van versekering verskil wesenlik nie van mekaar nie. In kort kom versekering daarop neer dat een party (die versekeringsondernemer) onderneem om aan die ander party (die versekerde) op 'n sekere wyse te vergoed wanneer 'n sekere omskrewe gebeurlikheid of ongeval die versekerde tref, teen die betaling deur laasgenoemde aan die versekeringsonderneming van 'n sekere vasgestelde bedrag (premie).

Versekering bied heelwat voordele waarvan die belangrikste is dat dit sekuriteit vir besigheidsondernemings verskaf, as basis vir kredietverskaffing

1) W.A. Dinsdale: Principles and Practice of Accident Insurance (1952), bl. 103.

dien en besparing bevorder. Daarbenewens verskaf versekering ook sekere sosiale voordele soos beskerming van afhanklikes en die aanmoediging van voorkoming van verliese. Hierdie voordele verklaar waarom versekering steeds in omvang toeneem. Vir suksesvolle funksionering van hierdie bedryfstak is daar verskillende vereistes en beginsels wat nagekom moet word.

Wat die klassifikasie van risiko's (wat natuurlik die soorte versekering bepaal) aangaan, is daar nie 'n groot ooreenstemming tussen die verskillende outoriteite nie maar vir ons doel is dit voldoende om die hele versekeringsaangeleentheid in twee groot groepe te verdeel, naamlik lang- en korttermynversekering waarvan ons veral die laasgenoemde groep in hierdie verhandeling aan 'n ondersoek sal onderwerp.

HOOFSTUK 3.

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN VERSEKERINGSWESE

1. Inleiding.

Nadat ons in die vorige hoofstuk gelet het op die doel wat in die versekeringswese nagestreef word en op die verskillende soorte versekerings en versekeringsondernemings wat ons aantref, sal dit nou van pas wees om kortliks die ontstaan van die versekeringswese na te gaan en dan in breë trekke op sy ontwikkeling gedurende die vorige eeue te wys. Eerstens let ons op die ontstaan en groei van die oudste vorm van versekering, te wete seeversekering, om vervolgens aan te toon hoe die gedagte aan ander soorte versekerings, soos brand- en lewensversekering, voortgevloeit het uit die destyds beoefende seeversekering. Ons kan hier terloops net meld dat algemene versekering soos byvoorbeeld persoonlike ongelukke, getrouheidswaarborges, motor, ens., 'n klas versekering is wat feitlik maar eers gedurende die afgelope eeu sy ontstaan gevind het.

2. Ontstaan en groei van verskillende soorte versekerings in die buiteland.

Daar bestaan weinig geskrifte wat die vroeëre ontwikkeling van die versekeringswese ontleed. Dit is dus baie moeilik om die werklike ontstaansdatum of -tydperk en die faktore wat tot sodanige ontstaan gelei het, te bepaal. Nietemin stel navorsing in hierdie verband ons in staat om sekere afleidings te maak, soos ons hieronder sal aantoon.

a. Vroegste ontwikkelings, veral van seebesigheid.

Die Sjinese handelaars het sowat 5,000 jaar gelede 'n risikoverdelingstelsel gehad waarvolgens hulle hul goedere oor die Jangtzerivier vervoer het. Volgens hierdie stelsel is 'n besending goedere verdeel sodat dit nie in een boot nie, maar in 'n hele aantal bote oor die rivier vervoer kon word. Op hierdie wyse is elke boot dan gevul met goedere wat aan verskillende handelaars behoort. As een boot dan vergaan het, het elke handelaar slegs 'n geringe verlies gely. Hoewel hierdie metode nie juis ooreenkom met ons moderne beginsels van seeversekering nie, is dit tog waarskynlik die eerste voorloper van hierdie klas besigheid. Die Sjinese handelaars het vir baie eeue hierdie metode van risikoverdeling beoefen.¹⁾

Die eerste tekens van 'n meer georganiseerde versekering tref ons onder die Ariese stamme van Indië aan. Volgens Stone en Cox ²⁾ het hulle sowat 3,000 jaar gelede 'n soort gemeenskapsversekering (Engels: communal insurance) beoefen. Later het ook die Fenisiërs, die Grieke en die Romeine die beginsels van versekering aanvaar, hoofsaaklik ten opsigte van begrafnisversekering ³⁾. Hierdie volke het in die omgewing van die Middellandse See gewoon. Mettertyd is ook 'n eenvoudige vorm van seeversekering deur die Romeine beoefen.

Soos bekend, was die Romeinse Ryk vir baie jare die toonaangewende staat van die destydse beskaafde wêreld.

1) H.V. Prochnow: American Financial Institutions (1951), bl. 529.

2) Stone and Cox: Accident, Fire and Marine Insurance Year Book (1950), bl. 9.

3) J. van Schevichaven: Van Leven en Sterven - het verleden en heden der Levensversekering (1922), bl. 2 - 3.

Van Schevichaven ¹⁾ beweer dat na Christus se geboorte daar, onder dwinglandy van die Romeinse keisers, verenigings (die sg. Collegia tenuorum) ontstaan het, wat 'n groot ooreenkoms met ons huidige begrafnisversekering getoon het. Hierdie verenigings, wat veral steun van die minder gegoede mense gekry het, het vir baie eeue in die Romeinse staat voortgeleef.

Afgesien van die voorafgaande het die Romeinse Ryk ook vordering op die gebied van seeversekering gemaak. Rome was ten tye van Christus se omwandeling op aarde al 'n belangrike stad. In die jare na Christus se geboorte het die Romeinse Ryk 'n groot vooruitgang beleef. Hierdie Ryk het baie ander state oorheers - state wat belastinge aan die Romeinse keisers moes betaal. Hierdie belastinge moes gewoonlik in goedere en in sommige gevalle met goud, silwer en edelgesteentes betaal word. Die stede van die Romeinse Ryk in Italië het so ook 'n aansienlike handel met die dele van Europa buite Italië opgebou ²⁾. Seeversekering is toe al in 'n mate beoefen, veral met die oog op beskerming teen seerowers. Na die verval van die Romeinse Ryk veral sedert 476 n.C. het die handel van hierdie stede wel 'n terugslag ondervind maar het mettertyd weer herleef en die magsposisie herwin. Teen die elfde eeu het die Italiaanse stede, veral in die gebied van Lombardye (Noord-Italië), 'n magtige handel opgebou gehad en is daar ook in hierdie gebied doelbewuste pogings aangewend om seeversekering te bevorder, veral as beskerming teen die besondere gevare waarmee see-reise gedurende daardie middeleeue gepaard gegaan het.

1) J. van Schevichaven: a.w. bl. 3 - 4.

2) H.E. Raynes: A History of British Insurance (1950), bl. 2.

In die begin van die 13de eeu het die vooruitgang van Lombardye egter 'n geweldige terugslag ondervind toe Keiser Heinrich II, van Duitsland, hierdie streek aangeval en die stede wat in die vlaktes van Lombardye geleë was, een na die ander gesloop het¹⁾. Die gevolg hiervan was dat handel ook verdwyn het, of altans 'n geweldige nekslag toegedien is. Noord-Italië was nou glad nie meer die sentrum van die handel van Europa nie en daardeur is die seeversekering wat in daardie streek so gunstig ontwikkel het, ook baie nadelig beïnvloed. Handelstoestande was dus teen die middel van die 13de eeu in Lombardye baie ongunstig met die gevolg dat die Lombardiërs, wat hulle bestaan in die handel en aanverwante bedrywe gevind het, na ander lande uitgewyk het, waar hulle dan ook hulle kennis van die handel en besigheidsvernuf tot voordeel van hulle nuwe vaderland aangewend het²⁾. Dit is nie ons doel om hier die geskiedenis van die Lombardiërs in die verskillende lande van Europa na te gaan nie, maar ons kan miskien net kortliks hulle invloed, sover dit Engeland aanbetref, in breë trekke beskrywe, aangesien Engeland, soos ons nog sal aantoon, mettertyd die sentrum van versekeringswese in die plek van die vroeëre Lombardye geword het.

In Engeland aangekom, het die Lombardiërs gevind dat die Jode geld teen rentekoerse wat soms tot 40 persent beloop het, aan kliënte voorgeskiet het. Dit was natuurlik 'n gulde geleentheid vir die Lombardiërs om geld teen gunstiger voorwaardes aan te bied en daarbenewens het die kennis van die handel en versekeringswese wat hulle in

1) H.V. Prochnow: a.w., bl. 530.

2) J. van Schevichaven: a.w., bl. 7.

Italië opgedoen het, hulle ook baie handig ingekom. Toe koning Edward I van Engeland die Jode in 1290 verdryf het, het die Lombardiërs baie invloedryk begin word. Gedurende die volgende 100 jaar het hulle hulle goed ingegrawe in die Engelse handel. Maar die Engelse volk het geleidelik in verzet teen hierdie vreemde indringing gekom, en toe koning Henry IV aan bewind kom, is 'n stuk onvrugbare grond in Londen aan die begin van die 15de eeu aan hulle verhuur, wat hulle opgebou het tot die huidige Lombardstraat, die besigheidslagaar van Engeland. Op hierdie terrein het hulle o.a. ook seeversekering onderneem en bevorder totdat koningin Elizabeth I (1558 - 1603) die wêreld vir hulle sodanig bemoeilik het dat hulle Engeland geleidelik moes verlaat.

Hoewel Lombardye ongetwyfeld die belangrikste oorspronklike sentrum vir seeversekering was, het ons ook in Noord-Duitsland toentertyd 'n soort seeversekering aangetref. In 1241 het daar in Noord-Duitsland 'n beweging ontstaan, die lede waarvan hulle veral beywer het vir die oprigting van groot pakhuise om hulle handelsware in te bewaar. Hierdie goedere het hulle van verskeie ander lande gekoop en dit moes gevolglik dikwels oor see na Duitsland vervoer word. Dit is dus logies dat hierdie persone ook in seeversekering belang gestel het. Hulle is die „Hanse" genoem. Hulle het ook, nes die Lombardiërs, sedert die 13de eeu in Europa en Engeland baanbrekerswerk verrig, nie alleen op handelsgebied nie, maar ook op die gebied van seeversekering.

Dit is dus duidelik dat seeversekering sedert die 11de eeu doelbewus in Italië beoefen is maar dat die gedagte aan versekering reeds lank voor hierdie tyd tot 'n mate by

die handelaars posgevat het; Stone en Cox ¹⁾ beweer selfs dat daar reeds in die 12de eeu tekens van seeversekering in Engeland bestaan het.

Wat die ander lande van Europa aanbetref, toon Raynes²⁾ aan dat daar reeds in 1310 in Brugge, Vlaandere, 'n sogenaamde „Chamber of Insurance" gestig is, waar handelaars wat goedere per see vervoer, sodanige goedere kon verseker. Hy verklaar egter ook ³⁾ dat die bestaan van hierdie „Chamber" deur sommige skrywers in twyfel getrek word maar beweer dat dit baie seker is dat seeversekering in die 14de eeu in Brugge beoefen is, aangesien daar 'n sogenaamde „skebeneraad" bestaan het wat op 12 April 1377 reeds 'n hofuitspraak in 'n seeversekeringsaak gegee het. Vlaandere was baie gunstig geleë vir handelsdoeleindes ⁴⁾ en baie van die Italiaanse handelaars was aldaar woonagtig, veral diegene wat na die plundering van Lombardye daarheen verhuis het. Daar is talle voorbeelde van sake wat gedurende die 15de eeu voor die „skebeneraad" gedien het.

Spanje het ook veel tot die vordering van seeversekering bygedra aangesien die Spanjaarde 'n seevarende nasie was. Veral sulke ontdekkingsreise soos die wat gelei het tot die ontdekking van Mexico in 1520, Peru in 1536 en die Amazone in 1541, het die Spaanse seeversekering geweldig bevorder ⁵⁾.

1) Stone and Cox: a.w. bl. 1098.

2) A.w., bl. 11.

3) Ibid, bl. 12.

4) Prof. dr. P. Geyl: Geschiedenis van de Nederlandse Stam (1948), bl. 46 en 48.

5) H.E. Raynes: a.w., bl. 17 - 18.

Samevattend kan ons sê dat die gevare wat seereise ongeveer 1,000 jaar gelede bedreig het, daarvoor verantwoordelik was dat seeversekering in Europa omstreeks daardie tyd ontstaan het. Dit het hoofsaaklik, nadat dit eers vorm aangeneem het, in Italië gekonsentreerd geraak en het daarvandaan spoedig na ander wêrelddele versprei. Die groei en ontwikkeling was gedurende die eerste eeu maar langsaam maar het sedert die 17de eeu, veral ook na die ontstaan van Lloyds in Engeland, groter afmetinge aangeneem. Teen die 20ste eeu het hierdie soort versekering 'n groot omvang begin aanneem veral tydens Wêreldoorlog II, sodanig dat die seeversekeringspremies in Engeland byvoorbeeld vanaf £12,848,000 in 1938 tot £40,874,000 in 1947 gestyg het ¹⁾. Hierdie styging was ook wel aan inflasie toe te skrywe ²⁾.

-
- 1) The Insurance Directory and Year Book. (1949 - 1950), bl. 353.
 - 2) Wat die invloed van inflasie op die versekeringswese aanbetref, dien daarop gewys te word dat die pryse van goedere, dit wil sê die koste van 'n skip of die goedere wat dit vervoer, die waarde van 'n gebou of van 'n motor ens. gedurende die afgelope tiental jare, en veral sedert die aanvang van Wêreldoorlog II, baie gestyg het met die gevolg dat die waarde van die versekerde artikel toegeneem het. Die vervangingswaardes van feitlik alle artikels het dus toegeneem en dus ook die versekering (premie) daarop betaalbaar as ons sou aanneem dat die premiekoers nie verander het nie. Inderdaad het die premiekoers wel verander - in sommige gevalle is dit verlaag, byvoorbeeld in die geval van brandversekering as gevolg van verbeterde en wetenskaplike brandbestrydingsmetodes terwyl dit in sommige gevalle weer verhoog is, byvoorbeeld in die geval van motorversekering as gevolg van die groter gevare teenswoordig aan hierdie klas van versekering verbonde. Inflasie het ook op lewensversekering 'n invloed aangesien die waarde van geld verander en 'n persoon dit teenswoordig miskien kan bekostig om die helfte meer aan lewensversekering te spandeer as in 1940 sonder dat hy vandag in werklikheid finansieel beter daaraan toe is as in 1940.

b. Ontwikkeling van brandversekering.

Seeversekering het reeds ver ontwikkel toe die gedagte van brandversekering begin ontstaan het. Dit was eers teen die 17de eeu dat die gevare en nadelige gevolge van brandverwoesting in die stede besef is, veral nadat Londen in 1666 feitlik geheel-en-al afgebrand het.

In die geval van brandversekering was dit veral Engeland wat die leiding geneem het. In hierdie verband sê Walford ¹⁾: "That England has for the last three centuries been the home and centre of insurance, in its later developments, is abundantly clear". Inderdaad het die sentrum van versekeringswese mettertyd van Italië na Engeland verskuif. Ons kan dus hoofsaaklik, met die nagaan van die ontstaan en ontwikkeling van brandversekering, ons bepaal by die geskiedenis daarvan in Engeland en te geleener tyd ook verwys na die omvang en afmetinge wat dit in ander lande aangeneem het.

Brande is selfs teenswoordig baie volop ten spyte van allerlei voorsorgmaatreëls wat getref word om dit te bestry. Ons tref verskeie apparate en soorte chemiese toerusting aan wat brand outomaties blus en daarbenewens is daar in elke groot stad 'n goed georganiseerde brandweerafdeling wat

1) C. Walford: The Insurance Cyclopaedia. (1871 - 1878)
bl. 505.

veel daartoe bydra om brand te bestry ¹⁾. Tot betreklik onlangs het ons nie hierdie moderne fasiliteite gehad nie. Daarbenewens was die geboue en stede van die vorige eeue ook nie so brandvry soos wat dit die geval vandag is nie. In die verlede het ons dikwels gevind dat minderwaardige materiaal gebruik is by die oprigting van geboue; dikwels was die geboue van hout, wat baie ontvlambaar was, en selfs stede was dikwels in so 'n toestand dat brand maklik 'n hele stad in puin kon lê ²⁾. Raynes haal uit 'n werk van Defoe aan waar laasgenoemde Londen byvoorbeeld beskryf as 'n stad met smal strate en swak geboue wat dikwels uit hout bestaan het ³⁾. Brande kon dus baie maklik ontstaan.

Gedurende die 17de eeu is daar veral in Engeland ook baie van die hulp van kerkgenootskappe gebruik gemaak om brandskades te verlig. Op die goedheid van kerkgangers is dus geteer - 'n praktyk wat ongetwyfeld

-
- 1) Die uitwerking van moderne wetenskaplike apparate kan mooi gesien word in die volgende tabel:

Indeks van brandverliese in die V.S.A., 1901 - 1944.

(1926 = 100)

1901	139.1	1914	104.1	1929	79.0
1904	168.9	1917	103.1	1932	88.6
1906	342.8	1920	99.1	1935	47.9
1908	129.7	1923	110.9	1938	54.4
1911	110.9	1926	100.0	1941	56.1
				1944	69.6

Statistical Abstract of the United States - 1948

U.S. Department of Commerce, Bureau of the Census., bl. 460.

- 2) C.J.H. Haynes: A Political and Cultural History of Modern Europe, Vol. I (1947), bl. 61.
P.J. Blok: Geschiedenis van het Nederlandsche Volk. Deel I (1912), bl. 259 - 260.
- 3) A.w., bl. 76.

onbevredigend was. Walford ¹⁾ beweer in hierdie verband dat hoewel die kerke in Engeland bygedra het tot die bestryding van brandskade daar in ander lande 'n soort verpligting op die gemeenskap as geheel gerus het om brandskade te dra. Hy wys daarop dat dit in 1240 in Vlaandere die praktyk was dat wanneer skade deur 'n brand ontstaan het, die skade deur die hele gemeenskap gedra is, maar indien die persoon wat vir die brandstigting verantwoordelik was, uitgevind is, is hy vir lewenslank verban, terwyl sy goedere verbeurd verklaar is. Die gedagte om maatreëls te tref ten opsigte van die skade wat deur brande veroorsaak word, het dus skynbaar al teen die 13de eeu ontstaan, maar daar is vir etlike eeue nooit 'n vaste instelling met die oog hierop ontwikkel nie.

Soos ons reeds vermeld het, het Londen op 2 September 1666 feitlik geheel-en-al afgebrand. Dit het die Engelse volk laat besef dat versekering teen brand noodsaaklik is. Sedert die begin van die 17de eeu tot 1666 is daar weliswaar veel van brandversekering gepraat maar weinig daaromtrent gedoen. Na hierdie groot brand is daar doelbewus pogings aangewend om brandversekering te bevorder maar dit was nie voor ongeveer 1680 dat daar enige mate van georganiseerde versekering in hierdie verband in Engeland voorgekom het nie. Ook in ander lande van die wêreld was daar weinig vordering sover dit brandversekering aanbetref. Dit lyk dus of die jare tussen 1666 en 1680 'n tydperk van voorbereiding in Engeland was, want teen die jaar 1680 vind ons eers die eerste tekens van georganiseerde brandversekering.

1) A.w., bl. 438.

Hoewel Engeland in die 17de eeu leiding op die gebied van versekeringswese gegee het, was daar in ander lande tog ook vooruitgang in hierdie verband. Raynes ¹⁾ skryf hieroor dat daar in die 16de en 17de eeue 'n munisipale brandversekeringskantoor in Hamburg, Duitsland, bestaan het, en hy sê dat Magens in die jaar 1753 daarna verwys het as 'n ou instelling. Dit wil dus voorkom asof daar ook teen die einde van die 17de eeu in ander lande, behalwe Engeland, brandversekering beoefen is en dat daar ook vordering op hierdie terrein van die versekeringswese gemaak is.

Tussen 1680 en 1700 het daar in Londen vier versekeringsondernemings ontstaan ²⁾. Hierdie eerste ondernemings het weliswaar net vir kort tydjies bestaan, behalwe een daarvan wat deurgeveg het en eers aan die begin van die huidige eeu met 'n ander versekeringsonderneming saamgesmelt het. Dit was die oorspronklike "Hand-in-Hand" wat in 1696 gestig is en in 1905 deur die "Commercial Union Insurance Company" oorgeneem is. Ons merk dus dat die gedagte van brandversekering teen die einde van die 17de eeu sterk posgevat het en dat daar toe doelbewus getrag is om hierdie vorm van versekering te beoefen.

Die metodes wat deur die oorspronklike versekeringsondernemings nagevolg is, het wesenlik van die moderne metodes verskil ³⁾. Deur die jare heen moes

1) A.w., bl. 79.

2) H.E. Raynes: a.w., bl. 80.

3) H.E. Raynes: a.w., bl. 88.

die ouere metodes natuurlik tot volle rypheid ontwikkel en ons kan stellig verwag dat oor 'n verdere 300 jaar die metodes wat ons vandag volg ook verouderd kan wees.

In hierdie kort bespreking van die ontstaan van brandversekering kan ons nog net daarop wys dat daar gedurende die 18de eeu verskeie ander maatskappye, nie alleen in Engeland nie, maar ook in ander lande van die wêreld gestig is, aanvanklik op die model van die „Hand-in-Hand” maar dat daar mettertyd verskillende metodes toegepas is. Gedurende die 18de en 19de eeue het die mensdom meer versekeringsbewus geraak, met die gevolg dat verskeie versekeringsmaatskappye ontstaan het maar later weer tot niet gegaan het. Nes in die geval van seeversekering, het die eintlike groei in hierdie geval ook eers gedurende die 20ste eeu plaasgevind ¹⁾.

c. Ontwikkeling van lewensversekering.

Lewensversekering het eers omstreeks die begin van die 18de eeu ontstaan en het sedert die 19de eeu met rasse skrede vordering gemaak. Ook op hierdie gebied het Engeland die leiding geneem deur die stigting van die Amicable Assurance Society in 1706 ²⁾.

Raynes wys ons egter daarop dat lewensversekering nie stiptelik in 1706 ontstaan het nie maar dat dit reeds lank tevore al in 'n sekere mate beoefen is byvoorbeeld

1) Insurance Directory and Yearbook (1950), bl. 351.
2) J. van Schevichaven: a.w., bl. 18.

reeds in 1661 in Frankryk ¹⁾.

Die eerste of vroegste lewensversekeringspolis waarvan daar kennis gedra word, dateer uit die jaar 1583. Dit is 'n polis wat op 18 Junie 1583 vir die bedrag van £382. 6. 8 uitgereik is en wat deur 16 persone onderskryf is. Die polis was vir 12 maande geldig en die premie wat daarop betaalbaar was, was 8 persent ²⁾. Ons merk dus dat hierdie polis wesentlik verskil van die huidige lewensversekeringspolisse. Lewensversekering, geskoei op die lees van die polis van 18 Junie 1583, het in die 16de eeu heelwat voorgekom ³⁾. Skynbaar was hierdie soort polis uitgereik as bykomstige waarborg, moontlik as dekking vir een of ander lening wat die versekerde van 'n skuldeiser verkry het ⁴⁾. Dit lyk dus of die oorspronklike idee van lewensversekering nie was om die lewe van die versekerde ten gunste van sy nabestaandes te verseker nie maar om die een of ander skuldeiser se belange te beskerm.

Die idee van lewensversekering, ten gunste van die nabestaandes, het egter spoedig posgevat. So verwys Raynes ⁵⁾ na 'n onbekende Franse skrywer wat

-
- 1) H.E. Raynes: "Outstanding Features in the History of Life Assurance", in The Journal of the Chartered Insurance Institute Vol. 41 (1938), bl. 233 - 234.
- 2) H.E. Raynes: A History of British Insurance (1950), bl. 117.
- 3) Ibid., bl. 117.
- 4) Ibid., bl. 118.
- 5) Ibid., bl. 118.
- Sien ook die Artikel van H.E. Raynes: "Outstanding Features in the History of Life Assurance", in The Journal of the Chartered Insurance Institute, Vol. 41 (1938), bl. 234.

reeds in 1661 die versekering van lewens van handelaars in Rouean bespreek het en meld dat die destydse polis moes spesifiseer waar die skip orals sou aandoen, hoe lank dit by elke hawe sou bly, wanneer dit weer sou vertrek, ens. Die hele seereis moes dus so ver moontlik volledig beskryf word en die versekeraars moes aan die nabestaandes binne 15 dae nadat die skip deur see-rowers gevang is en bewys van sodanige gevangenis-neming gelewer is, die versekerde bedrag uitbetaal. Ook ander nasies het voorsiening daarvoor gemaak om die lewens van seeliede te verseker, en in die geval van eise moes die bedrae aan die betrokke nabestaandes of krediteure uitbetaal word.

Dit is interessant om daarop te let dat lewens-versekering oorspronklik, dit wil sê voor die 15de eeu, in Frankryk, Pruise en selfs in Italië onwettig was aangesien die mense dit destyds beskou het dat deur die lewe van 'n persoon te verseker daar met sy lewe gedobbel word, wat onwettig was. In hierdie streke was dit dus vir 'n tyd lank onwettig om die lewe van enige persoon te verseker, want veral die feit dat die lewens van welgestelde persone in sekere gevalle verseker is, het die gedagte versterk dat lewensversekering dobbelary beteken.

Gedurende die eerste 100 jaar sedert die ontstaan van lewensversekering kon hierdie vertakking van die versekeringswese maar nie vordering maak nie. Jaarskemas was toe in algemene gebruik ¹⁾. Allerlei

1) H.E. Raynes: a.w., bl. 121.

beperkings is in daardie dae op hierdie soort versekering geplaas, byvoorbeeld versekerde persone mag nie ouer as 50 of jonger as 10 jaar wees nie en die bedrag waarvoor 'n persoon verseker kon word, kon in die geval van die „London Assurance" nie die maksimum van £500 te bowe gaan nie ¹⁾. 'n Versekerde persoon van 50 jaar moes verder dieselfde premie as 'n versekerde persoon wat 10 jaar oud is, betaal. Hierdie beleid het baie stremmend gewerk. Eers in 1808 het bogenoemde korporasie sy beleid sodanig gewysig dat die premies op die basis van ouderdom by toelating vasgestel word; sedertdien het lewensversekering met snelle skrede vooruitgegaan.

Baie nou verbonde aan lewensversekering en die ontwikkeling daarvan is die aktuariële wetenskap. Laasgenoemde bestaan hoofsaaklik uit die wiskundige berekening van versekeringsrisiko's en -premies. Hierdie wetenskap het teen die laaste helfte van die 18de eeu sy ontstaan in Engeland gehad ²⁾.

Volgens van Schevichaven ³⁾ is die eerste lewensversekeringsmaatskappy wat op die vasteland van Europa gestig is, in 1787 in Frankryk opgerig. Dit was die „Compagnie royale d'assurance", wat weer in 1792 tot niet gegaan het. In 1807 is die eerste Hollandse lewensversekeringsmaatskappy, die

1) H.E. Raynes: a.w., bl. 124.

2) Ibid., bl. 134.

3) A.w., bl. 23 - 34.

„Hollandsche Societeit van Levensverzekering" en in 1829 die eerste Duitse maatskappy nl. die „Lebensversicherungs Bank Für Deutschland" opgerig. Vir baie jare het al die Europese lewensversekeringsondernemings hulle slegs op hulle tuisgebiede toegelê en dit is eers teen die middel van die 19de eeu dat hulle takkantore in die buiteland, veral in Amerika, Afrika en Australië, begin oprig het. Aan die begin van die 20ste eeu was daar al verskeie sterk ondernemings en die lewensversekeringsbesigheid het vinnig begin groei, soos blyk uit die feit dat lewensversekeringspremies in Engeland vanaf £37,000,000 in 1918 na £141,000,000 in 1947 gestyg het ¹⁾. Dit is ook interessant om daarop te let dat die aantal lewensversekeringspolisse in die V.S.A. in 1951 sowat 193,000,000 was teenoor die sowat 14,000,000 van 1900 ²⁾ - 'n geweldige styging dus gedurende 'n tydperk van 50 jaar. Soos ons nog later sal aantoon, word dieselfde verskynsel ook in die Unie aangetref.

d. Ontwikkeling van algemene versekering.

Die ontstaan van algemene versekering soos persoonlike ongevalleversekering, motorversekering, ens. dateer eers sedert ongeveer 1830 in Engeland, dit wil sê sedert die Industriële Rewolusie ³⁾. Hierdie

1) Insurance Directory and Year Book (1950),
bl. 346 - 347.

2) H.V. Prochnow: a.w., bl. 532.

3) Stone and Cox: a.w., bl. 9 - 10.

soort versekering is dus nou ongeveer 100 jaar oud ¹⁾. Gedurende die 18de en 19de eeue is allerlei ontdekkings en uitvindings gedoen. Hierdie uitvindings het onder andere die meganisasie van fabriëke tot gevolg gehad en nou het ongelukke veel meer voorgekom as wat voorheen die geval was, toe die indiuiduele fabrikant self sy goedere op 'n min of meer primitiewe wyse vervaardig het. Dit is dus duidelik dat die een of ander vorm van versekering onderneem moes word om die werkers en hulle nabestaandes asook ander persone teen ongelukke te vrywaar.

Persoonlike ongevalleversekering was een van die eerste soorte versekering wat hier ter sprake is en het hoofsaaklik ontstaan as gevolg van die uitvinding van stoomkrag en die ontwikkeling van die spoorwegstelsel gedurende die eerste helfte van die 19de eeu. Daar het in Engeland tussen 1845 en 1850 nie minder as 12 maatskappye ontstaan wat hierdie soort versekering onderneem het en die meeste van hulle het die woord „Railway” as deel van hulle naam gehad. Slegs een hiervan bestaan tans nog naamlik die „Railway Passengers Assurance Company”, wat in 1849 opgerig is ²⁾.

Aan die begin van die 20ste eeu is ook motorversekering by hierdie groep gevoeg. Teenswoordig is motorversekering reeds 'n baie groot afdeling van enige

1) A.C. van Zeggelen: Credietversekering, bl. 92, meld egter dat kredietversekering reeds in 1370 te Genoa, Italië, beoefen is. Daarna het die gedagte oor hierdie soort versekering nooit weer verdwyn nie.

2) Stone and Cox: a.w. bl. 10.

korttermyn-versekeringsonderneming, hoofsaaklik as gevolg van die geweldige vooruitgang wat die motornywerheid gedurende die afgelope 50 jaar gemaak het. In hierdie verband kan ons miskien net daarop wys dat motorpremies in die tiental jare tussen 1924 en 1934 in die Unie byna verdriedubbel het ¹⁾. Ook in Engeland het motorversekering gedurende die jare 1939 tot 1947 byna verdubbel ²⁾.

Gedurende die afgelope wêreldoorlog het lugvervoer weer 'n merkbare oplewing ondergaan, met die gevolg dat lugversekering, wat ons byna as die jongste onder die algemene versekering kan beskou, groot vordering gemaak het.

e. Ontwikkeling van herversekering.

Ons kan nie ons bespreking van die ontstaan en ontwikkeling van die versekeringswese as volledig beskou sonder om ook in enkele sinne die ontstaan en groei van herversekering na te gaan nie. Stone en Cox ³⁾ beweer in hierdie verband dat geen juiste inligting aangaande die ontstaansdatum van herversekering beskikbaar is nie, maar die feit dat dit in 1746 in Engeland deur wetgewing onwettig verklaar is, toon dat dit toe reeds op 'n uitgebreide skaal moes plaasgevind het. In hierdie verband vestig Thompson ⁴⁾ ons aandag daarop dat 'n versekeringsmaatskappy in Rotterdam reeds in 1720 vier sake na Londen vir herversekering verwys het.

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protëktoraat en Swaziland, No. 17, bl. 906.

2) The Insurance Directory and Year Book (1949 - 1950), bl. 351.

3) A.w., bl. 1181.

4) K.R. Thompson: Reinsurance (1951), bl. 33.

Herversekering het dus skynbaar gedurende die 18de eeu reeds taamlik algemeen in gebruik gekom. Gedurende die 19de eeu, toe herversekeringstransaksies tussen verskillende versekeringsondernemings nog individueel aangegaan is, was die vordering maar gering, maar later, nadat weldeurdagte herversekeringsooreenkomste opgestel is, het dit vinnig begin ontwikkel, sodanig dat geen versekeringsonderneming dit vandag kan bekostig om sonder herversekering sake te doen nie.

3. Ontwikkeling in Suid-Afrika tot ongeveer 1945.

Voordat ons die ontwikkeling van die versekeringswese in Suid-Afrika kan nagaan, sal dit van pas wees om eers in enkele sinne te let op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gedurende die afgelope 300 jaar dat die beskawing aan die Suidpunt van Afrika bestaan. Dit sal help om te verduidelik waarom die versekeringswese gedurende die eerste jare van die beskawing in ons land maar weinig vordering kon maak.

Die volksplanting in Suid-Afrika het, soos bekend, ontstaan met die koms van Jan van Riebeeck in 1652. Vir die eerste jare het die blanke nedersetters slegs in die westelike deel van die huidige Kaapprovinsie gewoon en gewerk, maar hulle het geleidelik gedurende die 18de eeu na die binneland uitgewyk. Gedurende hierdie vroeë tydperk van die bestaan van die beskawing in ons land was daar nie veel aanleiding om die versekeringswese te ontwikkel nie, aangesien die land destyds nog wild en woest was en besigheid maar op 'n betreklik klein skaal plaasgevind het. Geen plaaslike versekeringsmaatskappy of -onderneming is gedurende bykans die eerste 200 jaar na 1652 in Suid-Afrika gestig nie¹⁾.

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protectoraat en Swaziland, No. 8, bl. 837 et. seq.

Gedurende die eerste helfte van die 19de eeu het die Groot Trek na die noordelike gebiede van die land plaasgevind en dit is dus eers gedurende hierdie tydperk dat die beskawing snel na die binneland versprei het. Die oostelike bewoonde dele van die Kaapprovinsie het in 'n mate ontvolk geraak deurdat baie van die inwoners aldaar noordwaarts getrek het en sodoende die bewoonde blanke bevolkingsgebied van die land vergroot het. Dit is dan ook gedurende hierdie tydperk, en veral eers nadat die ryk diamantvelde asook die Witwatersrandse goudvelde ontdek is, dat die besighelds-toestande in Suid-Afrika verbeter het.

Die eerste versekeringsonderneming wat in Suid-Afrika gestig is en wat sy hoofkantoor alhier gehad het, is in 1845 in Kaapstad opgerig, nl. Het Zuid Afrikaanse Onderlinge Levensverzekeringsgenootschap, teenswoordig beter bekend as die Ou Mutual ¹⁾. Dit was 'n lewensversekeringsonderneming. Voor die jaar 1800 was daar slegs vyf buitelandse maatskappye wat takkantore alhier gehad het, en in die lig van die geskiedkundige ontwikkeling van die Unie, soos ons aangetoon het, is dit duidelik dat al hierdie takkantore tot die Kaapprovinsie beperk moet gewees het, aangesien dit die enigste gebied was wat destyds deur blankes bewoon is. Statistieke van die behaalde resultate van die destydse versekeringsondernemings is haas onverkrybaar weens die gebrek aan wetgewing wat die versameling van sodanige statistieke verpligtend gemaak het. In die geval van hofsake is die Romeins-Hollandse Reg natuurlik toegepas, wat vandag nog die

1) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland Protektoraat en Swaziland, No. 8, bl. 837 et. seq.
R. van Selm: Geskiedenis van Het Zuidafrikaanse Onderlinge Levensverzekeringsgenootschap, 1845 - 1945 etc. (1945) bl.1.

geval is. In die Kaapprovinsie is daar weliswaar in 1879 die „General Law Amendment Act" aangeneem, wat in 1902 deur die Oranje-Vrystaat oorgeneem is, en wat die versekeringswet wel geraak het, dog nie voorsiening gemaak het vir die versameling van statistieke nie. Ook is in 1886 in die Kaapprovinsie die Employers' Liability Act aangeneem wat in 1896 deur Natal oorgeneem is. Hierdie wet was feitlik 'n woorde-
like oornam van die Engelse wet ¹⁾. Die eerste doelbewuste poging wat deur die owerheid in hierdie verband gedoen is, was die aanname van die „Life Insurance Act" van 1891 van die Kaapprovinsie, wat die versameling van statistieke in daardie provinsie rakende lewensversekering verpligtend gemaak het ²⁾. In 1917 is die Statistiek-Wet aangeneem en dit is die eerste wet wat voorsiening gemaak het vir die versameling van gegewens in hierdie verband vir die Unie as geheel. Dit is dus duidelik dat vroeëre gegewens vir ons doel baie skaars is.

In 1923 is die versekeringswet (No. 27/1923) aangeneem wat alle vorige versekeringswette herroep en konsolideer en voorsiening maak vir die registrasie, administrasie en funksie van versekeringsmaatskappye en sekere bepalings neerlê aangaande beleggings by die Tesourie en die jaarlikse indiening van verslae by die Tesourie. As gevolg van die depressie in die dertiger jare het die administrasie van sommige versekeringskantore sterk onder die soeklig gekom ³⁾ en dit het duidelik geword dat die Versekeringswet van 1923 sekere gebreke toon en dat sekere beperkings op versekeringsmaatskappye

1) J.P.W. Viljoen: Die vorm en uitvoering van Ongevalle-versekering vir Suid-Afrika, bl. 9 - 11

2) G. Gordon: The South African Law of Insurance, including life, fire, marine, accident, workmen's compensation and motor vehicle insurance. (1936), bl. 2 - 9

3) H. Spyrou: "The Development of Insurance Business in the Union of South Africa", in The South African Journal of Economics, Vol. 23 No. 4 Desember 1967, bl. 205 - 211

gelê moet word. Die uiteindelijke gevolg was die aanname van die Versekeringswet van 1943 waarvan een van die belangrikste bepalings is dat versekeraars in die Unie bates moet hê wat gelykstaande is aan hulle netto laste in die Unie.

'n Ander belangrike bepaling was dat sekere bedrae na gelang van die aard van die besigheid deur versekeringsondernemings by die Tesourie gedeponeer moet word. In 1951 is hierdie bepaling sodanig gewysig dat waar 'n versekeringsmaatskappy die Registrateur van Versekeringswese kan oortuig dat sy finansiële posisie vir 'n aantal jare gesond was en dat hy vir ten minste tien jaar versekeringsbesigheid in die Unie beoefen het, die deposito's onttrek kon word.

In 1943 is die Werksmense-skadeloosstellingwet ook aangeneem waarkragtens die Regering hierdie soort transaksies, met die uitsondering van enkele ondernemings wat mynbeamptes vir hulle eie voordeel verseker, oorneem. In 1946 is die Motorvoertuigversekeringswet ook aanvaar wat die versekering van derde partye verpligtend maak.

Ten einde die ontstaan en veral die ontwikkeling van die versekeringswese in hierdie land na te gaan (en hier doen ons dit as 'n geheel, nie afsonderlik vir lewe, brand, see ens. soos ons dit in die vorige afdelings van hierdie hoofstuk met betrekking tot die buiteland gedoen het nie) word in Tabel I die toename van die aantal versekeringsmaatskappye in Suid-Afrika aangetoon. Ons onderskei in hierdie geval tussen maatskappye wat hulle hoofkantore in die Unie het (kortweg binnelandse maatskappye genoem) en maatskappye wat hulle hoofkantore buite die Unie het maar wat takkantore of filiaalmaatskappye alhier het (kortweg buitelandse maatskappye genoem).

TABEL I.

Aantal versekeringsondernemings
in die Unie werksaam, 1800 tot 1943. 1)

	<u>Hoofkantoor in Unie</u>	<u>Hoofkantoor in Buiteland</u>	<u>Totaal</u>
1800	-	5	5
1825	-	17	17
1850	1	27	28
1860	3	30	33
1870	3	38	41
1880	3	45	48
1890	3	50	53
1900	7	52	59
1905	10	54	64
1910	10	58	68
1915	11	61	72
1920	15	63	78
1925	16	61	77
1930	16	72	88
1935	17	76	93
1939	21	79	100
1943	30	78	108

Uit hierdie tabel merk ons dat daar voor die jaar 1800 in die Unie nog betreklik weinig versekeringsbesigheid gedoen is. Buitelandse maatskappye het slegs vyf takke in die Unie gehad. Tussen 1801 en 1825 het daar 'n oplewing begin kom, sodanig dat gedurende hierdie 25 jaar 12 nuwe buitelandse maatskappye kantore in Suid-Afrika kom oprig het. Dit het dus die totale aantal versekeringsondernemings wat in 1825 in Suid-Afrika werksaam was, op 17 te staan gebring. Gedurende die volgende 25 jaar is daar een maatskappy gestig wat sy hoofkantoor in Kaapstad gehad het, nl. Het Zuid-afrikaanse Onderlinge Levensversekeringgenootchap, terwyl gedurende dieselfde tydperk nog 'n addisionele 10 buitelandse maatskappye takkantore hier kom vestig het. Die totaal was dus nou 28. Die tabel toon vir ons duidelik dat die aantal

1) Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland Protektoraat en Swaziland, Nos. 8 en 17 tot 24.

binnelandse maatskappye tot die jare onmiddellik voor Wêreldoorlog II maar betreklik stadig toegeneem het in teenstelling met die buitelandse maatskappye, wat heelwat vinniger uitgebrei het. Gedurende die jare van die Tweede Wêreldoorlog weer was daar 'n aansienlike toename in die aantal plaaslike maatskappye terwyl die aantal buitelandse maatskappye gedurende dieselfde tydperk feitlik konstant gebly het.

Ons kan dus oor die algemeen sê dat dit baie lank vir die bevolking van die Unie geneem het om sodanig versekeringsbewus te word dat hulle hul eie versekeringsondernemings kon oprig. Ons kan verder sê dat dit maar eers gedurende die afgelope 20 jaar of so is dat daar doelbewus van die kant van die bevolking van die Unie getrag is om uitbreiding in hierdie verband te laat plaasvind. Daarteenoor het oorsese maatskappye meer as 150 jaar gelede reeds die Unie deur middel van takkantore en filiale begin bewerk en hulle belangstelling het geleidelik toegeneem tot ongeveer aan die begin van Wêreldoorlog II, sedert wanneer daar byna geen verdere toename van hulle in hierdie verband plaasgevind het nie.

Maar om die groei van die versekeringswese in die Unie beter te begryp moet ons hier nie op die getalsterkte van die ondernemings alleen let nie. Ons moet sover moontlik ook behaalde resultate ontleed. In hierdie verband, soos reeds daarop gewys, is die statistieke wat op vorige eeue betrekking het, besonder gebrekkig en ons sal ons dus slegs bepaal by gegewens wat op die 20ste eeu betrekking het. Ons kan ook net daarop wys dat, hoewel daar aan die einde van die 19de eeu in die Unie reeds 59 versekeringsondernemings werkzaam was, hulle bedrywighede maar betreklik gering moet gewees het.

Die geringe mate van groei van die versekeringswese en die weinige sake wat gedurende die 19de eeu en die eerste tiental jare van die 20ste eeu gedoen is, blyk duidelik uit die volgende statistieke:

- (i) In 1925 was die totale bates van die 77 bestaande maatskappye slegs £30,000,000 teenoor die £165,000,000 van die sowat 150 maatskappye in 1947;
- (ii) In 1897 is daar 31,873 lewenspolisse met 'n versekerde bedrag van £12,000,000 in die Kaapkolonie uitgereik, teenoor die 281,183 polisse met 'n versekerde bedrag van £48,000,000 in 1923.

Die rede vir hierdie stadige ontwikkeling gedurende die vorige eeu is dat die Unie eers gedurende die 20ste eeu snelle vooruitgang gemaak het as gevolg van die ontdekking van goud asook weens die feit dat die Unie veral sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n industriële rewolusie ondergaan en dat daar geweldige vooruitgang op alle terreine van die handel en nywerheid te bespeur is. Daarom is daar ook op die gebied van die versekeringswese eers gedurende die afgelope half-eeu so 'n groot vooruitgang aangetref.

Volgens Tabel II wat enkele statistieke aangaande die batevermeerdering van alle maatskappye in die Unie gedurende die afgelope 30 jaar gee, merk ons dat die groei van versekeringsondernemings sedert 1924 tot ongeveer 1940 betreklik egalig was, hoewel teen 'n aansienlike tempo, maar dat die oplewing gedurende die oorlogsjare buitengewoon groot was, sodanig dat die bates wat in 1938 op £74,000,000 gestaan het, in 1947 op £165,000,000

TABEL II.¹⁾

Totale bates van alle versekerings-
ondernemings in die Unie, 1924 tot
1947.

<u>Jaar</u>	<u>Bates</u>
1924	£30,402,747
1928	41,453,598
1933	56,200,618
1938	74,532,276
1943	103,597,276
1947	164,915,000

te staan gekom het. Die vermeerdering in die bates is grootliks toe te skrywe aan die Versekeringswet van 1943 wat die hou van sekere minimum bates verpligtend gemaak het. Hierdie verskynsel stem ook ooreen met die besonderhede van Tabel I, waaruit ons opgemerk het dat die aantal versekeringsondernemings in die Unie gedurende die jare van Wêreldoorlog II ook baie toegeneem het.

Tot verdere staving van die besondere groei wat die versekeringswese gedurende die afgelope 20 tot 30 jaar ondergaan het, sal dit nie onvanpas wees om, voordat ons hierdie afdeling afsluit kortliks te let op enkele statistieke van die eise wat sedert 1926 teen lewensversekeringsondernemings ingestel is nie. Tabel III, wat op lewensversekeringspremies en -eise betrekking het, toon 'n drievoudige vermeerdering van premie-inkomste gedurende die 20 jaar wat op 1926 volg.

Ons merk dat lewensversekeringspremies vanaf 1926 tot 1936 vanaf £4,441,046 na £7,402,897 gestyg het, dit wil sê die styging was sowat 66%. Vir die

1) Vergelyk Bylae A.

TABEL III ¹⁾

Lewensversekeringspremies en -eise
in die Unie, 1926 tot 1945.

	Premies	Eise by dood	Eise op ver- datum
1926	£ 4,441,046	£1,227,309	£ 857,521
1931	5,598,082	1,759,115	1,329,426
1936	7,402,897	2,085,480	1,593,905
1941	9,609,174	3,168,482	2,120,457
1943	11,040,724	3,295,585	2,212,275
1945	13,783,000	3,537,000	2,529,000

volgende 9 jaar was die styging aansienlik meer nl. vanaf £7,402,897 in 1936 na £13,783,000 in 1945, dus byna 100%. Hierdie groot styging het eintlik eers sedert 1943 plaasgevind en is in 'n groot mate aan inflasie te wyte.

Die eise-statistieke toon weer 'n styging van sowat 200% vanaf 1926 tot 1945 teenoor 'n styging van 250% in die geval van die premies. Hierdie statistieke toon ook aan dat die styging in die geval van eise meer eweredig oor hierdie 19 jaar versprei is en dat daar geen buitengewone vermeerdering gedurende die laaste 10 of 11 jaar van die tydperk onder oënskou was nie. Wanneer ons in 'n latere hoofstuk ²⁾ die groei van versekeringswese in die Unie sedert 1944 behandel, sal ons meer aandag aan hierdie aangeleentheid wy. Wat ons veral op hierdie stadium interesseer, is die geweldige groei wat die premie-inkomste sedert die twintiger jare ondergaan het.

1) Vergelyk Bylae B.

2) Vergelyk Hoofstuk 5.

Ons kan ons bevindings nog verder staaf deur enkele statistieke wat op brand-, see- en motorversekering gedurende dieselfde tydperk betrekking het, na te gaan. Uit Tabel IV wat brandversekeringspremies en -eise vir die jare 1926 tot 1945 gee, merk ons dat die netto-brandpremies £668,614 in 1926 was. Hierdie

TABEL IV.

Netto brandversekeringspremies en
-eise ¹⁾ in die Unie, 1926 - 1945 ²⁾

	<u>Premies</u>	<u>Eise</u>
1926	£ 668,614	£137,265
1931	735,819	277,822
1936	834,040	145,200
1941	1,038,014	178,720
1943	1,217,003	184,177
1945	1,510,000	286,000

premies het na £834,040 in 1936 en na £1,510,000 in 1945 gestyg. Die styging gedurende die eerste 10 jaar van hierdie tydperk was dus betreklik gering, nl. slegs sowat 25%, terwyl die styging gedurende die volgende 9 jaar veel hoër was, nl. sowat 82%. Die styging vir die hele tydperk vanaf 1926 tot 1945 was ongeveer 125%. Daar is dus in hierdie geval 'n merkbare ooreenkoms met die styging wat ons in die geval van lewensversekeringsbesigheid bespeur het.

-
- 1) Indien 'n versekeraar meen dat 'n risiko vir hom alleen te groot is, tref hy reëlins om 'n sekere deel daarvan teen betaling van 'n eweredige premie te herverseker. Hy verminder sodoende sy bruto.. premie tot 'n netto premie.
 - 2) Vergelyk Bylae C.

Brandversekeringseise het ook 'n groot skommeling ondergaan. Die eise het byvoorbeeld gestyg vanaf £137,265 in 1926 na £286,000 in 1945. In 1931, die depressiejaar, waar ons 'n betreklik hoë eisebedrag sou verwag ¹⁾, was die bedrag dan ook £277,822, dit wil sê vir daardie betrokke jaar was die eise sowat 100% meer as wat dit in 1926 was, maar in 1936 was die eise maar slegs £145,200, dus nie veel meer as wat dit in 1926 was nie. So was die eise ook vir die jare 1941 en 1943 nog betreklik gering terwyl dit vir 1945 weer aansienlik hoër was maar nog skaars 100% meer as wat dit in 1926 was. Ons merk dus 'n aansienlike skommeling in hierdie geval en nie die reëlmatigheid wat ons in die geval van lewensversekeringseise aangetref het nie. Die hooforsaak vir hierdie onreëlmatigheid is die feit dat buitengewoon groot brande nie elke jaar voorkom nie, maar wanneer dit wel voorkom, dan beïnvloed dit gewoonlik die normale persentasie van die eise.

Tabel V toon ook 'n groot skommeling in premies sowel as in eise sover dit seeversekering betref.

TABEL V.

Seeversekeringspremies en -eise in
die Unie, 1924 tot 1945 ²⁾

<u>Jaar</u>	<u>Premies</u>	<u>Eise.</u>
1924	£ 76,286	£ 31,003
1928	81,919	46,238
1931	51,393	23,673
1936	78,008	27,650
1941	346,372	101,907
1943	1,139,017	596,478
1945	375,000	131,000

1) Dit is kenmerk van brandversekering dat eise gedurende depressiejaar gewoonlik styg. Ons tref hierdie verskynsel nie alleen in die depressie van 1931/1933 aan nie, maar ook gedurende die depressie van 1922.

2) Vergelyk Bylae D.

Die premies tussen 1924 en 1936 was soms effens meer, maar ander kere weer minder as die £76,286 van 1924. Vyf jaar later, naamlik in 1941, was die premie-inkomste van seeversekering vervierdubbel naamlik £346,372 en nog twee jaar later was dit £1,139,017, dit wil sê ampter 15 keer meer as wat dit in 1936 was. Twee jaar later was die premies weer baie minder naamlik slegs £375,000. Ons merk dus hier 'n baie groot onbestendigheid wat ongetwyfeld aan die oorlog gewyt moet word. Gedurende die eerste jare van die oorlog is die gevare wat aan seereise verbonde was, besef en is begin om die premies te belaa. Namate die oorlog langer geduur het, en die gevare al groter en groter geword het, is die premies van hierdie klas versekeringsbesigheid swaarder belaa maar het onmiddellik nadat die oorlog tot 'n einde gekom het, tot normale peil teruggekeer.

Ook die eise het feitlik dieselfde neiging getoon as wat dit met die premies die geval was. Tussen die jare 1924 en 1936 was daar wel skommelings maar nie veel nie, terwyl die toename in eise sedert die begin van die oorlog tot die einde daarvan buitengewoon groot was. Gedurende hierdie jare het die regerings van die verskillende lande ook eise gehelp betaal. Net na vyandelikhede gestaak is, het die eise ook weer tot normaliteit teruggekeer om in die jare wat daarop volg, soos ons later sal aantoon, weer in verhouding met die premies te styg.

Ons het nou kortliks gelet op die neiging wat lewens-, brand- en seeversekering sedert die twintiger jare getoon het; ten slotte ook iets omtrent algemene versekering. Soos ons weet, behels algemene versekering verskillende soorte versekerings wat ons nog meer volledig in 'n latere hoofstuk sal bespreek, maar hier wil ons net op een besondere afdeling van algemene versekering wys, naamlik die posisie

waarin motorversekering sigself gedurende die jare 1924 tot 1945 bevind het. Tabel VI toon duidelik dat ons hier met

TABEL VI.

Motorversekeringspremies en
-eise in die Unie, 1924 tot
1945 1)

	<u>Premies</u>	<u>Eise.</u>
1924	£ 264,101	£118,762
1926	401,285	186,355
1931	699,077	374,567
1936	1,062,093	641,875
1941	1,416,933	739,810
1943	1,214,495	458,727
1945	1,234,000	558,000

'n prentjie van 'n effens ander kleur te doen het. Die premies en eise het gedurende hierdie 19 jaar byna vervyfvoudig. Die premie-inkomste het van £264,101 in 1924 gestyg na £1,062,093 in 1936, dit wil sê die bedrag in 1936 was alreeds viermaal meer as in 1924. Hierdie styging het nog verder toegeneem na £1,416,933 in 1941, maar gedurende die daaropvolgende jare tot na die oorlog was die premies weer minder. Die rede vir hierdie vermindering van premies was die brandstofrantsoenering wat gedurende die latere jare van die oorlog plaasgevind het. Ons tref min of meer dieselfde verskynsel aan ook wat die eise aanbetref, naamlik eers 'n geweldige styging tot omstreeks die aanvang van die oorlog en daarna 'n afname.

Soos ons reeds aangetoon het, is motorversekering een van die jongste klasse van algemene versekering, maar vandag word dit al as die grootste indiwiduele klas van die algemene versekeringsgroep beskou en wel as gevolg van die besondere

1) Vergelyk Bylae E.

vooruitgang wat die motornywerheid gedurende die afgelope jare ondergaan het.

Samevattend kan ons nou sê dat versekering in die Unie 'n besondere opgang sedert die begin van hierdie eeu gemaak het, maar dat die groei daarvan veral gedurende die afgelope 20 jaar verbasingswekkend was.

4. Samevatting.

Nadat ons nou die ontstaan en ontwikkeling van die versekeringswese in die oorsese lande sowel as in die Unie van Suid-Afrika nagegaan het, kom ons tot die gevolgtrekking dat die gedagte van versekering reeds 'n paar duisend jaar gelede ontstaan het, maar dat die oudste vorm van die moderne versekeringswese, naamlik seeversekering, sowat 900 jaar gelede doelbewus begin beoefen is. Die ander vorme van versekering, naamlik brand- en lewensversekering, het eers omstreeks die 17de eeu uit die toe reeds beoefende seeversekering voortgevloei. Al die ander klasse van versekering, wat ons onder die term „algemene versekering" saamvat, is met 'n enkele uitsondering betreklik jonk, aangesien hierdie soort versekering eers teen die negentiende eeu begin ontstaan het. Die groei van die verskillende klasse van versekering was aanvanklik betreklik stadig, maar het mettertyd sodanig versnel dat ons teenswoordig in feitlik al die lande van die wêreld 'n omvangryke versekeringstelsel aantref.

Wat die Unie van Suid-Afrika aanbetref, het ons aangetoon dat ons land tans net 'n paar jaar ouer as 300 jaar is en dat die ontwikkeling van die noordelike provinsies skaars 'n eeu aan die gang is. Ons kan dus nie verwag om hier 'n eeue oue versekeringstelsel aan te tref nie. Ons versekeringstelsel hier staan nog in sy kinderskoene, maar statistieke toon aan dat daar reeds groot vooruitgang op hierdie gebied gemaak is.

HOOFSTUK 4.

VERSEKERINGSONDERNEMINGS IN DIE UNIE.

1. Inleiding.

In hoofstuk 3 het ons o.a. reeds kortliks gelet op die aantal versekeringsondernemings wat voor 1945 in die Unie kort- en langtermyn versekeringsbesigheid onderneem het. Ons het die toename in die getalle van die versekeringsondernemings van voor die jaar 1800 tot 1945 kortliks ontleed en gemerk dat daar teen die einde van die jongste wêreldoorlog 'n buitengewone toename ontstaan het in die getal maatskappye wat hulle hoofkantoor in die Unie het. Ons is nou voornemens om in hierdie hoofstuk hierdie aangeleentheid verder te ontleed en sal gevolglik 'n ontleding maak van die getal versekeraars wat in die Unie gedurende die tien jaar tussen 1945 en 1954 werksaam was. Daarbenewens sal ons ook let op die verhouding wat tussen die totale aantal binnelandse en buitelandse versekeraars bestaan het asook op die verhouding tussen binnelandse en buitelandse korttermyn versekeringsmaatskappye ten opsigte van die verskillende klasse versekering afsonderlik.

2. Aard van en getal ondernemings.

Volgens tabel VII wat vir ons 'n goeie oorsig van die getal kort- en langtermyn versekeraars in die Unie sedert 1945 gee, is dit duidelik dat daar tussen die jare 1946 en 1954 'n stadige maar geleidelike toename in die aantal versekeraars in die Unie plaasgevind het. Die tabel toon ook duidelik aan dat daar op 30 Junie 1945 'n buitengewone groot aantal versekeraars bestaan het wat hulle hoofkantoor binne die Unie gehad het, naamlik 110, terwyl

TABEL VII.

Totale getal versekeraars wat in die Unie
werksaam was, 1945 - 1954. ¹⁾

Op 30 Junie.	Met hoof- kantoor binne Unie.	Met hoof kantoor buite Unie.	Totaal.	Liggame met regs- persoon- likheid.	Individue of ven- nootskap- pe.
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)
1945	110	82	192	154	38
1946	89	80	169	151	18
1947	90	81	171	153	18
1948	88	84	172	155	17
1949	88	83	171	157	14
1950	88	84	172	159	13
1951	89	87	176	166	10
1952	87	91	178	170	8
1953	87	92	179	172	7
1954	84	92	176	172	4

hierdie getal 'n jaar later na 89 gedaal het. Die getal versekeraars met hoofkantoor buite die Unie het slegs van 82 na 80 gedurende dieselfde tydperk verminder. As ons die laaste kolom van hierdie tabel ondersoek, dan vind ons dat die getal individue of vennootskappe gedurende hierdie tydperk, naamlik een jaar, van 38 na 18 verminder het, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat baie van hulle nie aan die bepalings van die versekeringswet van 1943 kon voldoen nie. Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die vermindering van die getal binnelandse versekeraars hoofsaaklik aan die verdwyning van

1) Die statistieke en gegewens wat in hierdie hoofstuk aangehaal en bespreek word, is almal samevattinge wat verwerk is uit

- (a) Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland Protektoraat en Swaziland, veral uit Nos. 24 (1948) tot en met No. 27 (1952-53); en
- (b) Jaarverslae van die Registrateur van Versekeringswese, Eerste Jaarverslag (1944) tot Tiende Jaarverslag (1953).

In enkele gevalle waar daar verskille voorkom tussen die statistieke soos aangegee in die Offisiële Jaarboeke van die Unie en die Jaarverslae van die Registrateur van Versekeringswese, is gebruik gemaak van die gegewens van laasgenoemde bron.

die 20 individue of vennootskappe toegeskryf moet word. Die tweede laaste kolom van die tabel, naamlik liggame met regs persoonlikheid, is in werklikheid die versekeraars wat maatskappye is en wat as sodanig kragtens die Uniewette geregistreer is.

Kolom (a) van tabel VII toon duidelik aan dat daar met die uitsondering van 1945 weinig skommelings vanaf 1946 tot 1954 bestaan het in die geval van die aantal binnelandse versekeraars. Weliswaar het daar jaarliks een of meer maatskappye ontstaan maar dan het daar gewoonlik ook 'n min of meer gelyke getal weer verdwyn. Kolom (b) wat die aantal buitelandse versekeraars aantoon, toon egter 'n geleidelike styging gedurende die tien jaar vanaf 1945 tot 1954, naamlik vanaf 82 na 92, dit wil sê 12 persent. Dit wil dus voorkom asof, wat getalsterkte aanbetref, die ondernemings wat hulle hoofkantoor buite die Unie het, geleidelik uitbrei terwyl die plaaslike maatskappye gedurende hierdie na-oorlogse jare feitlik geen uitbreiding getoon het nie. Kolom (c), wat die totale weergee, toon, met die uitsondering van die syfer van 1945 wat 'n aansienlike aantal individue en vennootskappe ingesluit het, ook 'n geleidelike toename wat, soos ons uit die voorafgaande besonderhede merk, feitlik alleenlik toegeskryf kan word aan die uitbreiding wat met betrekking tot buitelandse maatskappye plaasgevind het. 'n Verdere ontleding van hierdie gegewens toon dan ook inderdaad aan dat 52.7% van die totale aantal versekeraars in 1946 binnelandse versekeraars was en dat hierdie persentasie geleidelik na 47.7% in 1954 gedaal het. Wat getalsterkte aanbetref, oortref die buitelandse versekeraars die binnelandse versekeraars sedert 1952.

Die laaste twee kolomme van die tabel lewer ook enkele interessanthede op. Volgens die totaalkolom, naamlik kolom

(c), het die totale getal versekeraars vanaf 1946 tot 1954 toegeneem van 169 tot 176, terwyl die toename in kolom (d), dit wil sê „Liggame met regs persoonlikheid“, vanaf 151 na 172 was, dit wil sê 'n toename van 21. Die afname in kolom (e), naamlik die „Individue of Vennootskappe“, daarteenoor was vanaf 18 na 4. Hieruit moet ons dus aflei dat daar 'n betreklik snelle afname plaasvind in die getal versekeraars wat individue of vennootskappe is en dat die toename in die getal versekeraars wat maatskappye is plaasvind ten koste van die wat vennootskappe of individue is. Interessantheidshalwe kan ons hier net meld dat die „Individue of Vennootskappe“ hoofsaaklik begrafnisondernemers is. As gevolg van die bepalings van die versekeringswet het 'n groot persentasie van hulle spoedig verdwyn, sodat die 80 begrafnisversekeraars in 1945 na 44 in 1954 verminder het.

Sedert 1951 het daar ook 'n aantal sogenaamde „professionele herversekeraars“ die Suid-Afrikaanse versekeringsveld betree. Hierdie ondernemings lê hulle uitsluitlik op herversekering toe en probeer hierdie belangrike aangeleentheid te bevorder en te vergemaklik. Die volgende tabel verskaf besonderhede hieromtrent:

TABEL VIII.

Professionele herversekeraars in die Unie,
1951 - 1954.

<u>Op 30</u> <u>Junie.</u>	<u>Met hoofkantoor</u> <u>binne Unie.</u>	<u>Met hoofkantoor</u> <u>buite Unie.</u>	<u>Totaal.</u>
1951	3	-	3
1952	3	1	4
1953	4	3	7
1954	4	3	7

Die statistieke in hierdie tabel is natuurlik ingesluit in die van tabel VII.

Samevattend kan ons dus sê dat, wat getalle aanbetref, daar tans min of meer 'n balansering bestaan tussen versekeraars wat hulle hoofkantore binne die Unie en versekeraars wat hulle hoofkantore buite die Unie het en dat daar 'n betreklik vinnige afname in die getal versekeraars is wat nie maatskappye is nie en wat soos genoem hoofsaaklik begrafnisversekeraars was.

Nadat ons nou kortliks die totale aantal versekeraars in die Unie sedert 1945 ontleed het, kan ons vervolgens die korttermynversekeraars afsonderlik onder die groepe brand, see, motor, persoonlike ongevalle en diverse ontleed.

a. Brand.

Uit tabel IX wat besonderhede aangaande hierdie klas besigheid bevat, kom die volgende belangrike feite

TABEL IX.

Getal versekeraars wat brandversekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954.

	<u>Binnelands.</u>			<u>Buitelands.</u>			<u>Totaal.</u>	
	% van alle brand verse- ke- raars.	% van alle binne- landse verse- ke- raars.		% van alle brand verse- ke- raars.	% van alle buite- landse verse- ke- raars.		% van alle verse- ke- raars.	
Op 30 Junie.	Ge- tal.		Ge- tal.			Ge- tal.		
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)	(h)
1945	17	25.8	15.5	49	74.2	59.8	66	34.4
1946	17	25.8	19.1	49	74.2	61.3	66	39.2
1947	18	25.0	20.0	54	75.0	66.7	72	42.1
1948	19	25.3	21.6	56	74.7	66.7	75	43.6
1949	23	28.7	26.1	57	71.3	68.7	80	46.7
1950	23	28.4	26.1	58	71.6	69.0	81	47.1
1951	24	28.6	27.0	60	71.4	69.0	84	48.7
1952	24	27.6	27.6	63	72.4	69.2	87	48.8
1953	28	30.1	32.2	65	69.9	70.7	93	52.2
1954	28	30.1	33.3	65	69.9	70.7	93	52.8

na vore:

- 1) Tussen 1945 en 1954 het die persentasie van binnelandse brandversekeraars van totale brandversekeraars toegeneem vanaf 25.8% tot 30.1%, terwyl die persentasie ten opsigte van buitelandse versekeraars afgeneem het vanaf 74.2% tot 69.9% (kolomme (b) en (c));
- ii) die persentasie binnelandse versekeraars wat brandversekering onderneem, het toegeneem vanaf slegs 15.5% in 1945 tot 33.3% in 1954 (kolom (c));
- iii) die persentasie buitelandse versekeraars wat brandversekering onderneem, het toegeneem vanaf 59.8% in 1945 tot 70.7% in 1954 (kolom (f)); en
- (iv) van alle versekeraars in die Unie het slegs 34.4% in 1945 brandversekering onderneem, terwyl hierdie persentasie toegeneem het tot 52.8% in 1954 (kolom (h)).

Uit hierdie gegewens kan ons twee belangrike afleidings maak, naamlik dat meer as twee-derdes van die brandversekeraars buitelandse ondernemings is en dat die persentasie van al die versekeraars wat hierdie klas van versekering onderneem, vinnig toeneem, veral in die geval van binnelandse ondernemings ¹⁾. 'n Belangrike oorsaak van hierdie laasgenoemde verskynsel is die winsgewendheid van brandversekering, soos ons in 'n volgende hoofstuk met statistieke sal bewys.

1) In hierdie verband moet daar ook in gedagte gehou word dat die totale getal binnelandse versekeraars as gevolg van die onttrekking van begrafnisondernemings ook heelwat afgeneem het en dat dit die betrokke persentasie dus opstoot.

b: See.

Tabel X gee 'n oorsig van die getal versekeraars wat seeversekering onderneem en toon duidelik aan dat die

TABEL X.

Getal versekeraars wat seeversekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954.

	<u>Binnelands.</u>			<u>Buitelands.</u>			<u>Totaal.</u>	
	% van alle see ver-seke-raars.	% van alle binne-landse ver-seke-raars.	% van alle buite-landse ver-seke-raars.	% van alle see ver-seke-raars.	% van alle buite-landse ver-seke-raars.	% van alle ver-seke-raars.		
Op 30 Junie.	Ge-tal.	raars.	raars.	Ge-tal.	raars.	raars.	Ge-tal.	raars.
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)	(h)
1945	7	15.5	6.4	38	84.5	46.3	45	23.4
1946	8	16.3	8.9	41	83.7	51.3	49	28.9
1947	10	19.2	11.1	42	80.8	51.9	52	30.4
1948	10	18.2	11.3	45	81.8	53.6	55	31.9
1949	11	18.6	12.5	48	81.4	57.8	59	34.5
1950	12	19.0	13.6	51	81.0	60.7	63	36.6
1951	15	22.1	16.9	53	77.9	60.7	68	38.6
1952	15	20.5	17.2	58	79.5	63.7	73	41.0
1953	20	25.3	23.0	59	74.7	64.1	79	44.1
1954	21	25.9	25.0	60	74.1	65.2	81	46.0

persentasie binnelandse versekeraars van die totale aantal versekeraars tussen 1945 en 1954 vanaf 15.5% tot 25.9% toegeneem het. Verder het daar in 1945 slegs 6.4% van al die binnelandse versekeraars hierdie klas besigheid onderneem, maar hierdie persentasie het snel toegeneem tot 25% in 1954. Ten opsigte van buitelandse versekeraars was die toename vir dieselfde tydperk vanaf 46.3% tot 65.2%, terwyl daar in 1945 slegs 23.4% van alle geregistreerde versekeraars in die Unie hierdie klas besigheid beoefen het maar dat hierdie persentasie in die daaropvolgende tien jaar feitlik verdubbel het.

Net soos in die geval van brandversekering vind ons hier dus ook dat die persentasie versekeraars wat hierdie klas versekeringsbesigheid onderneem besonder snel toeneem

veral in die geval van binnelandse versekeraars ¹⁾.

In 1954 was driekwart van die totale getal seeversekeraars in die Unie egter nog buitelandse ondernemings.

c. Motor.

Statistieke oor motorversekeraars wat in tabel XI saamgevat is, toon dat net soos in die gevalle van brand- en seeversekering, ook hier die persentasie van binnelandse ²⁾ motorversekeraars tot die totale aantal motorversekeraars vanaf 22.1% in 1945 tot 31.1% in 1954 toeneem het. Die buitelandse persentasie het dan ook die

TABEL XI.

Getal versekeraars wat motorversekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954.

Op 30 Junie.	<u>Binnelands.</u>			<u>Buitelands.</u>			<u>Totaal.</u>	
	Ge- tal.	seke- raars.	% van alle binne- landse ver- seke- raars.	Ge- tal.	seke- raars.	% van alle buite- landse ver- seke- raars.	Ge- tal.	seke- raars.
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)	(h)
1945	15	22.1	13.6	53	77.9	64.6	68	35.4
1946	16	22.1	16.8	53	77.9	66.2	68	40.2
1947	16	22.5	17.8	55	77.5	67.9	71	41.5
1948	16	21.9	18.2	57	78.1	67.8	73	42.4
1949	19	25.0	21.5	57	75.0	68.7	76	44.4
1950	20	25.6	22.7	58	74.4	69.1	78	45.3
1951	21	26.2	23.6	59	73.8	67.8	80	45.4
1952	21	25.6	24.1	61	74.4	67.0	82	46.1
1953	27	30.3	31.0	62	69.7	67.4	89	49.7
1954	28	31.1	33.3	62	68.9	67.4	90	51.1

ooreenstemmende afname getoon. Ook in hierdie geval het die persentasie van die binnelandse versekeraars wat hierdie klas versekering beoefen, vinniger toeneem as wat die toename in die geval van die buitelandse versekeraars was, wat tussen 64% en 69% geskommel het.

1) Vergelyk voetnoot 1 op bl. 70

2) Vergelyk voetnoot 1 op bl. 70

d. Persoonlike ongevallen ¹⁾

Ons kan kortliks nog net nagaan of ons dieselfde verskynsel ook ten opsigte van persoonlike ongevallen en diverse versekerings aantref as wat dit in die voorafgaande drie gevalle was. Tabel XII het betrekking op persoonlike ongevalleversekeraars.

TABEL XII.

Getal versekeraars wat persoonlike ongevalleversekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954.

	<u>Binnelands.</u>			<u>Buitelands.</u>			<u>Totaal.</u>	
	% van alle p.o. ver-Ge- tal.	% van alle binne- landse ver-seke-raars.	% van alle binne- landse ver-seke-raars.	% van alle p.o. ver-Ge- tal.	% van alle buite- landse ver-seke-raars.	% van alle buite- landse ver-seke-raars.	% van alle ver-seke-raars.	% van alle ver-seke-raars.
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)	(h)
Op 30 Junie.	14	20.6	12.7	54	79.4	65.8	68	35.4
1945	15	21.1	16.8	56	78.9	70.0	71	42.0
1946	16	21.9	17.8	57	78.1	70.4	73	42.7
1947	16	21.0	18.2	60	79.0	71.4	76	44.2
1948	20	25.0	22.7	60	75.0	72.3	80	46.7
1949	21	25.6	24.0	61	74.4	72.6	82	47.6
1950	22	26.2	24.7	62	73.8	71.3	84	47.7
1951	23	26.1	26.4	65	73.9	71.4	88	49.4
1952	28	29.5	32.2	67	70.5	72.8	95	53.1
1953	29	30.5	34.5	66	69.5	71.7	95	54.0
1954								

Kommentaar oor hierdie tabel is onnodig behalwe dat dit merkwaardig is dat die persentasie van buitelandse persoonlike ongevalleversekeraars tot totale buitelandse versekeraars, nes in die geval van motorversekeraars, geen noemenswaardige styging gedurende hierdie tiental jare getoon het nie. Sedert 1946 het hierdie persentasie in die omgewing van 71% gebly. In teenstelling daarmee het daar 'n aansienlike styging ten opsigte van binnelandse

1) Dit sluit in die versekering teen dood of sekere omskrewe liggaamlike beserings as gevolg van geweldadige of toevallige oorsake.

versekeraars ¹⁾ plaasgevind, naamlik vanaf 12.7% tot 34.5%. Aangesien daar in 1954 nog slegs 34.5% van die binnelandse versekeraars hierdie klas versekering onderneem het, kan ons nog 'n verdere styging in die komende jare verwag.

(e) Diverse.

Tabel XIII verskaf besonderhede ten opsigte van al die ander klasse korttermynversekerings wat ons nog nie ontleed het nie. Volgens hierdie tabel is dit

TABEL XIII.

Getal versekeraars wat diverse versekeringsbesigheid in die Unie onderneem, 1945 - 1954.

	<u>Binnelands.</u>			<u>Buitelands.</u>			<u>Totaal.</u>	
	% van alle div. ver- seke- raars.	% van alle binne- landse ver- seke- raars.	% van alle buite- landse ver- seke- raars.	% van alle div. ver- seke- raars.	% van alle buite- landse ver- seke- raars.	% van alle ver- seke- raars.	Ge- tal.	seke- raars.
Op 30 Junie.	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)	(h)
1945	15	20.8	13.6	57	79.2	69.5	72	37.5
1946	15	20.8	16.8	57	79.2	71.2	72	42.6
1947	16	21.3	17.8	59	78.7	72.8	75	43.8
1948	16	20.3	18.2	62	79.7	73.8	78	45.3
1949	18	23.7	21.6	61	76.3	73.5	80	46.7
1950	21	25.3	23.9	62	74.7	73.8	83	48.4
1951	23	26.7	25.8	63	73.3	72.4	86	48.8
1952	22	25.3	25.3	65	74.7	71.4	87	48.8
1953	28	29.2	32.2	68	70.8	73.9	96	53.6
1954	29	29.9	34.5	68	70.1	73.9	97	55.1

duidelik dat ons hier min of meer dieselfde verskynsels aantref as wat dit die geval met motor- en persoonlike ongevalle versekeraars was, naamlik dat die verhouding tussen binnelandse en buitelandse diverse versekeraars

1) Vergelyk voetnoot 1 op bl. 70.

geleidelik verander in die guns van die binnelandse versekeraars ¹⁾ en dat hierdie veld steeds meer en meer deur die binnelandse versekeraars betree word, terwyl daar in die geval van buitelandse versekeraars feitlik geen toename is nie.

3. Samevatting.

Ons kan nou kortliks ons bevindinge soos volg saamvat:

- a) Tussen 1945 en 1954 het die versekeraars wat individue of vennootskappe is, (hoofsaaklik begrafnisversekeraars) verminder van 38 na 4 as gevolg van die bepalinge van die versekeringswet van 1943, soos gewysig. Daarenteen het daar 'n geleidelike vermeerdering van 11.7% in die geregistreerde maatskappye gedurende hierdie tydperk plaasgevind, hoofsaaklik as gevolg van 'n vermeerdering in die aantal buitelandse maatskappye. Die binnelandse ondernemings se persentasie van die totaal het vanaf 52.7% in 1945 na 47.7% in 1954 gedaal.
- b) As gevolg van die behoefte aan hulle dienste vind ons die ontstaan van professionele herversekeraars gedurende hierdie tydperk.
- c) 'n Ontleding van die afsonderlike klasse korttermynversekeraars toon dat die verhouding tussen binnelandse en buitelandse versekeraars vir die binnelandse versekeraars nog steeds ongunstig is hoewel hierdie agterstand geleidelik afneem. Die binnelandse versekeraars word steeds meer en meer bewus daarvan dat dit

1) Vergelyk voetnoot 1 op bl. 70.

wenslik is om al die verskillende klasse van korttermynversekerings te onderneem met die gevolg dat teen 1954 reeds sowat een-derde van die binnelandse versekeraars alle korttermynversekerings onderneem het terwyl dit in die geval van buitelandse versekeraars sowat 70% was. Een van die groot redes waarom hierdie persentasie vir binnelandse versekeraars nog so laag is, is die feit dat die begrafnisversekeraars almal binnelandse versekeraars is en hulle onderneem alleenlik hierdie klas van versekering. Daarbenewens is skaars een-kwart van al die buitelandse versekeraars langtermynversekeraars - vandaar die hoë persentasie ten opsigte van korttermynversekering.

HOOFSTUK 5.

ONTLEDING VAN DIE GROEI VAN VERSEKERINGSWESE IN DIE UNIE SEDERT 1944.

1. Inleiding.

In hoofstuk 4 het ons die aantal versekeringsondernemings sedert 1800 in Suid-Afrika nagegaan en aangetoon dat die styging in die getal veral sedert Wereldoorlog II buitengewoon groot was. Die doel van hierdie hoofstuk is om die ontwikkeling van ons versekeringswese verder te ondersoek aan die hand van 'n ontleding van die jaarlikse resultate bereik. Dit sal 'n beter beeld van die omvang en aard van die sake van die versekeringsondernemings in Suid-Afrika wat korttermynbesigheid doen, gee. Met die oog hierop word eers die versekeringsondernemings se inkomste- en uitgaweitems en daarna hulle balansstaatitems ontleed.

2. Inkomste- en Uitgaweitems.

Die inkomste- en uitgaweitems word onder die volgende subhoofde behandel:

- (a) Ontleding van totale bruto premies en verdeling daarvan tussen die verskillende klasse besigheid.
- (b) Ontleding van die persentasiestygings van elke klas besigheid.
- (c) Ontleding van die bruto premies van elke klas besigheid tussen binne- en buitelandse versekeringsondernemings.
- (d) Ontleding van die netto premies, verdeel tussen binnelandse en buitelandse ondernemings.
- (e) Kort ontleding van die netto eise soos verdeel tussen binne- en buitelandse ondernemings.
- (f) Ontleding van die netto eise soos verdeel tussen verskillende klasse besigheid.

- g. Kort ontleding van die bestuurskoste van binnelandse ondernemings.
- h. 'n Vergelykende ontleding van die netto premies, netto eise en bestuurskoste, alleenlik van binnelandse ondernemings.
- a. Ontleding van die bruto premies en verdeling daarvan tussen die verskillende klasse besigheid.

'n Goeie manier om die groei van enige soort onderneming te bepaal, is deur die omset daarvan gedurende verskillende jare na te gaan. Ons kan hierdie metode ook op die versekeringswese toepas.

Die volgende tabel gee 'n duidelike beeld van die groei van bruto premies in Suid-Afrika tussen die jare 1944 en 1951 (albei jare ingesluit).

TABEL XIV ¹⁾.

Bruto premies van alle korttermyn-versekeringsondernemings in die Unie sedert 1944. (in £'000)

Jaar.	Brand.	% van Totaal.	See.	% van Totaal.	Algemeen.	% van Totaal.	Totaal.
1944	£3,047	38.3%	£1,703	21.4%	£3,198	40.3%	£7,948
1945	3,333	43.9	873	11.5	3,382	44.6	7,588
1946	2,788	42.6	763	8.6	4,332	48.8	8,883
1947	4,756	42.6	965	8.7	5,425	48.7	11,146
1948	5,753	43.5	1,026	7.8	6,427	48.7	13,206
1949	6,174	40.8	1,021	6.7	7,958	52.5	15,153
1950	7,029	42.0	1,020	6.1	8,674	51.9	16,723
1951	8,366	42.3	1,626	8.2	9,784	49.5	19,776

Wat ons dadelik in hierdie tabel tref is dat „algemene" versekering in al die jare vanaf 1944 tot 1951 die grootste groep vorm nl. sowat 45% van die totaal, terwyl brandversekering hierna volg. Opvallend is ook die reëlmatige groei in beide die geval van brand- en algemene versekering. Verder toon die tabel dat brandversekering

- 1) Al die skedules in hierdie hoofstuk is versamel uit
- (a) Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanaland Protektoraat en Swaziland; en
 - (b) Jaarverslae van die Registrateur van Versekeringswese.

in die bestek van 8 jaar byna verdriedubbel het terwyl dit in die geval van algemene versekering meer as verdriedubbel het.

Ons tref egter nie dieselfde verskynsel by die seeversekeringsbesigheid aan nie. Die seeversekeringspremies was in 1944 £1,703,000. In die volgende jare het hierdie premies met sowat die helfte verminder en selfs in 1950 was dit maar sowat 60% van wat dit in 1944 was. Die belangrikste rede hiervoor is dat die 1944-syfer natuurlik abnormaal hoog as gevolg van die ekstra oorlogsbelading was.

Wat die totale bruto premies aanbetref, het die 1944 bedrag met 149% tot 1951 toegeneem. As ons in aanmerking neem dat ons hier maar slegs 'n tydperk van 8 jaar ontleed, dan is hierdie groei verbasend groot. Hierdie toename is grootliks die gevolg van 'n geweldige ekonomiese opbloei in die Unie gedurende hierdie tydperk, afgesien natuurlik van inflasie wat geweldige toenames in versekerde bedrae in die hand gewerk het.

Met die uitsondering van 1944 wat nog as 'n oorlogsjaar beskou kan word, het daar nie noemenswaardige skommelings in die verhoudings van hierdie drie groepe voorgekom nie.

b. Ontleding van persentasiestygings.

Die gegewens van tabel XIV is na indekse herlei met 1944 = 100 en in tabel XV weergegee.

TABEL XV.

Indekssyfers van bruto korttermyn-versekeringspremies
1944 - 1951.

<u>Jaar.</u>	<u>Totaal.</u>	<u>Brand.</u>	<u>See.</u>	<u>Algemeen.</u>
1944	100	100	100	100
1945	95	109	51	106
1946	112	124	45	135
1947	140	156	57	170
1948	166	189	60	201
1949	191	203	59	249
1950	210	231	60	271
1951	249	275	95	306

Die totaal kolom toon persentasiegewyse die groei van alle versekeringsbesigheid in die Unie aan. Hierdie kolom is baie duidelik en toon dat die totale besigheid in 1945 5% laer as in 1944 was, maar in 1946 was dit weer 12% meer as in 1944. Daarna het die totaal sodanig van jaar tot jaar toegeneem dat dit in 1951 149% hoër as in 1944 was.

Brandversekering het met 175% vanaf 1944 tot 1951 toegeneem, dus meer as in die geval van totale versekering. Algemene versekering het op sy beurt weer meer as brandversekering toegeneem, nl. met 206% teenoor 175% vir brandversekering. Hierteenoor het seeversekering met 5% vanaf 1944 tot 1951 gedaal. Hierdie verskynsel is, soos ons reeds aangetoon het, die gevolg van die abnormale seeversekeringsbesigheid wat gedurende die oorlogsjare plaasgevind het.

c. Ontleding van die bruto premies van elke klas besigheid tussen binne- en buitelandse versekeringsondernemings.

Ons kan vervolgens let op die verdeling van die bruto premies van die verskillende klasse besigheid tussen binne- en buitelandse maatskappye. Hier gaan ons elke soort versekeringsbesigheid apart behandel.

Volgens tabel XVI wat hierdie besonderhede ten opsigte van brandversekering verskaf, het 15.8% van die totale brandpremies in 1944 na binnelandse en 84.2% na buitelandse ondernemings gegaan. Die tabel toon ook verder dat daar 'n groot styging van bruto premies vir beide binne- en buitelandse maatskappye was, maar die styging in die geval van binnelandse maatskappye was groter; in 1951 was hulle aandeel 23.1% van die totaal. Dit beteken natuurlik 'n ooreenstemmende dalende persentasie in die bruto premies van buitelandse maatskappye, nl. vanaf 84.2% in 1944 na 76.9% in 1951. Dit wil dus

voorkom asof die binnelandse maatskappye besig is om die agterstand wat daar bestaan geleidelik te verklein. Dit

TABEL XVI.

Verdeling van bruto premies vir brandversekering
tussen binne- en buitelandse maatskappye. (£'000)

<u>Binnelands.</u>			<u>Buitelands.</u>			<u>Totaal.</u>
<u>Jaar.</u>	<u>Premies.</u>	<u>% van</u> <u>totaal.</u>	<u>Premies.</u>	<u>% van</u> <u>totaal.</u>		
1944	481	15.8	£2,565	84.2		£ 3,046
1945	547	16.4	2,786	83.6		3,333
1946	631	16.6	3,157	83.4		3,788
1947	831	17.5	3,925	82.5		4,756
1948	1,044	18.2	4,709	81.8		5,753
1949	1,153	18.7	5,021	81.3		6,174
1950	1,408	20.0	5,621	80.0		7,029
1951	1,936	23.1	6,430	76.9		8,366

sal egter op die spoed wat tabel XVI ons aantoon waarskynlik nog baie jare neem voordat daar 'n ewewig tussen binne- en buitelandse maatskappye intree, altans sover dit bruto premies aangaan.

Tabel XVII het op seeversekering betrekking en by 'n nadere ontleding van die gegewens wat dit bevat, blyk dit dat die toekoms van seebesigheid in Suid-Afrika nie

TABEL XVII.

Verdeling van bruto premies vir seeversekering tussen
binne- en buitelandse maatskappye. (£'000)

<u>Binnelands.</u>			<u>Buitelands.</u>			<u>Totaal.</u>
<u>Jaar.</u>	<u>Premies.</u>	<u>% van</u> <u>totaal.</u>	<u>Premies.</u>	<u>% van</u> <u>totaal.</u>		
1944	£ 171	10.0	£ 1,532	90.0		£1,703
1945	118	13.5	756	86.5		874
1946	136	17.8	627	82.2		763
1947	153	15.8	812	84.2		965
1948	141	13.7	884	86.3		1,025
1949	136	13.3	884	86.7		1,020
1950	136	13.3	884	86.7		1,020
1951	216	13.3	1,410	86.7		1,626

so rooskleurig is as wat dit in die geval van brandbesigheid is nie. Ons het reeds in vorige hoofstukke daarop gewys dat seebesigheid telkens 'n geweldige skommelende neiging toon terwyl ander versekerings gewoonlik konstante stygings belewe. Die skommeling tref ons ook aan in die agt jaar onder behandeling. Volgens tabel XVII was die bruto premies in 1944 ten opsigte van seebesigheid van binnelandse maatskappye £171,000; ook gedurende al die jare daarna was dit minder as hierdie bedrag terwyl dit slegs in 1951 weer die 1944-syfer verbygesteek het. In die geval van die buitelandse maatskappye was die bruto premies in 1944 £1,532,000 en in al die jare daarna, selfs in 1951, is hierdie bedrag nie weer bereik nie. Van belang is hier veral die feit dat die verdeling van bruto premies tussen binne- en buitelandse maatskappye in hierdie geval feitlik konstant gebly het.

Uit die aard van die saak sal Londen nog altyd die wereldmark vir seeversekering bly en daar bestaan nie die minste kans dat die binnelandse versekeraars ooit die prestasies van die buitelandse versekeraars op hierdie gebied sal inhaal nie.

Uit tabel XVIII wat die bruto premies van algemene versekering aantoon, merk ons dat ons hier met 'n prentjie van 'n heel ander kleur te doen het as in die twee voorafgaande gevalle. Waar die persentasie van die binnelandse bruto premies van totale premies in 1944 vir brandbesigheid slegs 15.8% en vir seebesigheid slegs 10% was, was hierdie persentasie vir algemene besigheid in 1944 niks minder as 43.4% nie. Binnelandse ondernemings se aandeel in hierdie soort versekering is dus baie groter as in die vorige twee gevalle. Ook in hierdie geval merk ons dat daar 'n groot styging in die bruto premies plaasgevind het, nl. in die geval van binnelandse maatskappye vanaf £1,389,000 in 1944 na £3,571,000 in

1951, dit wil se 157%, terwyl die styging ten opsigte van

TABEL XVIII.

Verdeling van bruto premies vir algemene versekering tussen binne- en buitelandse maatskappye. (£'000)

<u>Jaar.</u>	<u>Binnelands.</u>		:	<u>Buitelands.</u>		:	<u>Totaal</u>
	<u>Premies.</u>	<u>% van totaal.</u>		<u>Premies.</u>	<u>% van totaal</u>		
1944	£ 1,389	43.4	:	£1,810	56.6	:	£ 3,199
1945	1,462	43.2	:	1,920	56.8	:	3,382
1946	1,749	40.4	:	2,583	59.6	:	4,332
1947	2,052	37.8	:	3,373	62.2	:	5,425
1948	2,262	35.2	:	4,165	64.8	:	6,427
1949	2,693	33.8	:	5,265	66.2	:	7,958
1950	3,035	35.0	:	5,639	65.0	:	8,674
1951	3,571	36.5	:	6,213	62.5	:	9,784

buitelandse maatskappye vanaf £1,810,000 in 1944 na £6,213,000 in 1951, was dit wil se 243%. Maar vir binnelandse maatskappye het die persentasie van die algemene besigheid van totale besigheid 'n groot agteruitgang getoon, nl. 'n daling vanaf 43.4% in 1944 tot 36.5% in 1951..

Die geweldige toename in algemene besigheid is aan die ooreenstemmende toename in motorpremietariewe te wyte. Motorpremies maak 'n baie groot deel van die ongevalleportefuelje van elke maatskappy uit en enige verandering in die premietariewe kan 'n buitengewone groot skommeling veroorsaak. Motorversekering as 'n soort is nog in 'n groot mate in die hande van buitelandse versekeraars.

Nadat ons nou in breë trekke die bruto premies van brand-, see- en algemene besigheid afsonderlik ondersoek het kan ons nou net die gesamentlike totale van die voorgaande drie tabelle kortliks volgens tabel XIX nagaan.

Dit is nie nodig om hier te wys op die toename in die bruto premies in die geval van binne- en buitelandse maatskappye nie. Van veel groter belang is dit om te let op die betreklik konstante verdeling van die bruto

premies tussen binne- en buitelandse maatskappye.

TABEL XIX.

Verdeling van totale bruto premies tussen binne- en buitelandse maatskappye. (£'000)

<u>Jaar.</u>	<u>Binnelands.</u>	<u>% van totaal.</u>	<u>Buitelands.</u>	<u>% van totaal.</u>	<u>Totaal.</u>
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)
1944	£ 2,041	25.7	£ 5,907	74.3	£ 7,948
1945	2,127	28.0	5,461	72.0	7,588
1946	2,517	28.3	6,366	71.7	8,883
1947	3,037	27.2	8,109	72.8	11,146
1948	3,447	26.1	9,759	73.9	13,206
1949	3,982	26.3	11,171	73.7	15,153
1950	4,578	27.4	12,145	72.6	16,723
1951	5,723	28.9	14,053	71.1	19,776

d. Netto premies: verdeling tussen binne- en buitelandse maatskappye.

Tot dusver het ons ons hoofsaaklik bepaal by die bruto premies van binne- en buitelandse maatskappye asook die verdeling daarvan tussen die verskillende klasse van versekeringsbesigheid. Ons kan vervolgens net kortliks let op die totale netto premies ¹⁾ wat gedurende die jare 1944 tot 1951 deur binne- en buitelandse maatskappye in die Unie ontvang is en ook aantoon watter persentasie van die bruto premies hierdie netto premies elke jaar bedra het. Die netto premies van binnelandse versekeraars vir die jare 1952 tot 1954 word ook aangetoon ²⁾ en is in tabel XX vervat. Blykens die totaalkolom (e) het 'n groot styging in die netto premies (nl. 175%) gedurende die tydperk wat ons onder oënskou neem, plaasgevind. Die totale netto premies vir binnelandse maatskappye het met sowat

- 1) Netto premies is die deel van die bruto premies wat 'n maatskappy oorhou na aftrekking van die premies wat aan herversekeraars uitbetaal word.
- 2) As gevolg van veranderde regulasies is geen bruto syfers maar slegs binnelandse netto bedrae deur die kantoor van die Registrateur van Versekeringswese sedert 1952 versamel en getabuleer.

163% gestyg terwyl die styging ten opsigte van die buitelandse maatskappye 180% bedra het. Ons bespeur dus

TABEL XX.

Totale netto premies, verdeel tussen binne- en buite-
landse maatskappye ¹⁾, (£'000)

Jaar.	<u>Binnelands.</u>		:	<u>Buitelands.</u>		:	Totale netto Premies.	% van bruto Premies.
	Premies.	% van totaal.		Premies.	% van totaal.			
	(a)	(b)	:	(c)	(d)	:	(e)	(f)
1944	£ 1,534	32.0	:	£ 3,254	68.0	:	£ 4,788	60.2
1945	1,589	32.6	:	3,277	67.4	:	4,866	64.1
1946	1,889	31.6	:	4,082	68.4	:	5,971	67.2
1947	2,200	30.0	:	5,133	70.0	:	7,333	65.8
1948	2,438	28.1	:	6,246	71.9	:	8,684	65.7
1949	2,871	28.2	:	7,306	71.8	:	10,177	67.1
1950	3,251	29.5	:	7,785	70.5	:	11,036	66.0
1951	4,037	30.7	:	9,127	69.3	:	13,164	66.6
1952	5,886		:			:		
1953	6,641		:			:		
1954	7,070		:			:		

hier dieselfde buitengewone groei wat ons in die geval van die bruto premies (tabelle XIV tot XIX) aangetref het. Volgens kolom (f) was die netto premies in 1944 60.2% van die bruto premies; dus 39.8% van die bruto premies was gedurende daardie jaar herverseker. Hierdie persentasie het spoedig gestyg na 67.2% in 1946 en vir al die daaropvolgende jare tot 1951 het dit tussen 65% en 67% gewissel. Dit wil dus voorkom of een-derde van die bruto premies oor die algemeen herverseker word en twee-derdes as netto premies deur die betrokke maatskappye behou word.

Kolomme (b) en (d) toon aan dat daar nie 'n noemenswaardige skommeling gedurende hierdie jare plaasgevind het nie; sowat 30% van die totale premies het na binne-

1) Die netto premies sluit ook inkomende herversekering in, ongeag of dit van 'n bron binne of buite die Unie ontvang is.

en 70% na buitelandse maatskappye gevloei. Dit is interessant om hierdie gegewens te vergelyk met dié wat ons in kolomme (b) en (d) van tabel XIX aantref naamlik dié wat op bruto premies betrekking het. Volgens tabel XIX het die persentasie van die bruto premies wat na binnelandse maatskappye gegaan het gedurigdeur tussen 25% en 29% geskommel terwyl volgens tabel XX die persentasie van netto premies van die binnelandse maatskappye weer tussen 28% en 33% van die totaal gewissel het. In die geval van netto premies was daar dus blykbaar vir binnelandse maatskappye 'n beter verhouding as in die geval van bruto premies. Hieruit sou ons nou miskien kon aflei dat die binnelandse maatskappye oor die algemeen minder herversekering as die buitelandse maatskappye doen. Dit is egter nie die geval nie, want die binnelandse maatskappye sal nie groter risiko's aanvaar as waartoe hulle in staat is nie, inteendeel, binnelandse maatskappye hou oor die algemeen kleiner retensies as buitelandse maatskappye wat op sterk finansiële steun van oorsee kan reken. Die verklaring van hierdie verskynsel moet egter gesoek word in die feit dat twee van die binnelandse versekeraars¹⁾ prakties niks van hulle besigheid herverseker nie en gevolglik hulle totale bruto premies ook as hulle netto premies aantoon en wat alles in algemene versekering ingesluit is. Die gevolg hiervan is dus dat die resultate van hierdie twee ondernemings 'n wanverhouding tussen die betrokke persentasies veroorsaak.

1) Die Rand Mutual onderneem die versekeringsbesigheid van die groot myngroepe. Hierdie onderneming se bruto en netto premies in 1951 was byvoorbeeld £1,204,708. Die Federated Mutual wat hulle weer hoofsaaklik op die bounywerheid toelê se bruto premies was in 1951 £346,036 terwyl slegs £15,868 daarvan herverseker is.

e. Netto eise¹⁾ soos verdeel tussen binne- en buitelandse versekeraars.

Ons sal vervolgens in hooftrekke die eiseondervinding van beide binne- en buitelandse maatskappye nagaan. Tabel XXI verskaf hierdie gegewens en dit is duidelik dat,

TABEL XXI.

Totale netto eise verdeel tussen binne- en buitelandse versekeraars. (£'000)

Jaar.	<u>Binnelands.</u>		:	<u>Buitelands.</u> ²⁾		:	Totaal.	% van totale netto premies.
	Netto eise.	% van netto premies.	:	Netto eise.	% van netto premies.	:		
	(a)	(b)	:	(c)	(d)	:	(e)	(f)
1944	£1,077	70.2	:	£ 978	30.0	:	£2,055	42.9
1945	826	52.0	:	1,033	31.5	:	1,859	38.2
1946	1,074	56.8	:	1,527	37.4	:	2,601	43.6
1947	1,219	55.4	:	2,374	46.2	:	3,593	49.0
1948	1,385	56.8	:	2,922	46.8	:	4,307	49.8
1949	1,653	57.6	:	3,604	49.3	:	5,257	51.7
1950	1,845	56.7	:	3,196	41.1	:	5,041	45.7
1951	2,200	54.5	:	4,201	46.0	:	6,401	48.6
1952	3,264	55.4	:			:		
1953	3,818	57.5	:			:		
1954	4,031	57.0	:			:		

met die uitsondering van enkele jare, kolomme (a), (c) en (e) 'n min of meer reëlmatige dog snelle styging sedert 1944 toon. Uit kolom (f) merk ons dat die totale netto eise in 1944 42.9% van die totale netto premies was. Hierdie persentasie was die volgende jaar 38.2%; daarna het dit gestyg na 43.6% en het in die jare daarna tussen 45% en 52% geskommel. Daaruit moet ons aflei dat 'n maatskappy min of meer normale besigheid doen wanneer sy netto eise in die omgewing van 50% van sy totale netto

1) Netto eise is dié deel van die totale eise wat 'n versekeraar self moet dra nadat van die herversekeraars hulle deel van die eise volgens hulle ooreenkoms verhaal is.

2) Syfers sedert 1952 is nie beskikbaar nie.

premies is. Die eise is dus die vernaamste item op die uitgawekant van 'n versekeringsmaatskappy. Volgens kolom (b) blyk dit egter dat die persentasie van binnelandse netto eise altyd meer as 50% van die betrokke premies was, in 1944 was dit selfs so hoog as 70.2%. In die jare daarna het die persentasie hoofsaaklik tussen 52% en 58% geskommel. Kolom (d), wat ons dieselfde persentasie ten opsigte van buitelandse ondernemings aantoon, dui op 'n veel gunstiger posisie in hierdie verband; hulle eisepercentasie in 1944 was 30%, maar dit het aanvanklik geleidelik tot 49.3% in 1949 gestyg. In die daaropvolgende twee jare was dit weer 41.1% en 46% onderskeidelik. Die buitelandse maatskappye handhaaf dus, net soos in die geval van die premies, skynbaar 'n beter eisepercentasie as die binnelandse maatskappye, hoewel die skommeling van jaar tot jaar veel groter as die van die binnelandse maatskappye is. Net soos in die geval van die premies is die hooforsaak vir hierdie verskynsel weer die feit dat enkele groot binnelandse versekeraars feitlik geen herversekering doen nie.

f. Verdeling van netto eise tussen verskillende klasse versekeringsbesigheid.

Tabel XXII dui aan hoe die totale netto eise tussen die verskillende klasse besigheid verdeel is. Ons merk dat die oorgrote persentasie van die netto eise onder algemene besigheid gegroepeer word. In verhouding is die eise van brand- en seebesigheid betreklik gering. So was die gesamentlike netto brand- en see-eise gedurende 1944 slegs 'n kwart van die eise ten opsigte van algemene besigheid. Ruim 80% van die totale eise het dus uit algemene eise bestaan. Ons kry hierdie verskynsel ook in die daaropvolgende jare, hoewel nie in dieselfde verhouding nie maar tog sodanig dat die brand- en see-eise

gesamentlik in al die jare tussen 1944 en 1951 tussen

TABEL XXII.

Totalle netto eise van binne- en buitelandse maatskap
pye, verdeel tussen verskillende klasse besigheid,
1944 - 1951. (£'000)

Jaar.	Brand.	% van totaal.	:	% van totaal.	:	% van totaal.	:
			:		:		:
1944	£ 309	15.0	:	£ 118	5.8	:	£ 1,628
1945	286	15.4	:	131	7.0	:	1,442
1946	268	10.3	:	232	8.9	:	2,101
1947	523	14.6	:	274	7.6	:	2,796
1948	513	11.9	:	317	7.4	:	3,477
1949	903	17.2	:	278	5.3	:	4,076
1950	610	12.1	:	183	3.6	:	4,248
1951	910	14.2	:	525	8.2	:	4,966

15% en 23% van die totale eise geskommel het. Wat egter van veel belang is, is die gegewens wat in tabel XXIII ontleed word en wat aantoon dat die persentasie ten opsig-

TABEL XXIII.

Netto eise van binne- en buitelandse versekeringsonder-
nemings uitgedruk as persentasie van netto premies van
dieselfde klasse besigheid.

Jaar.	Brand.	See.	Algemeen.	Totaal.
1944	32	22	57	42.9
1945	19	35	48	38.2
1946	15	56	55	43.6
1947	25	48	59	49.0
1948	20	50	64	49.8
1949	33	47	59	51.7
1950	20	29	57	45.7
1951	24	53	59	48.6

te van brandeise gedurende hierdie agt jaar tussen 15% en 33% geskommel het. In 1946, wat skynbaar 'n baie goeie jaar was sover dit brandbesigheid aanbetref, was die eisepersentasie slegs 15%. In 1949, wat weer 'n swakker jaar in hierdie verband was, was die persentasie 33%. Oor die algemeen geneem kan ons dus sê dat die eisepersentasie van brandbesigheid nie meer as sowat 33% behoort te wees nie, met ander woorde brandbesigheid is vir versekeringsondernemings oor die algemeen 'n besonder

winsgewende klas besigheid en subsidieer in 'n groot mate ander soorte besigheid wat deur 'n maatskappy onderneem moet word.

Die gegewens rakende seebesigheid toon 'n skommeling van tussen 22% en 56% gedurende die tydperk wat ons ondersoek. In 1944 was die eiseondervinding vir seebesigheid besonder gunstig naamlik 'n persentasie van slegs 22%, terwyl dit twee jaar later weer heelwat ongunstiger was, naamlik 56%. In hierdie verband moet ons net daarop wys dat seebesigheid aan verskillende skommelende faktore onderworpe is.

Wanneer ons die eisepersentasie ten opsigte van algemene besigheid ontleed, vind ons 'n heelwat ander prentjie. In hierdie geval het die persentasie tussen 48% en 64% gewissel. Motorbesigheid wat 'n groot persentasie van algemene besigheid uitmaak en wat gewoonlik 'n betreklike hoë eisepersentasie het, is grootliks verantwoordelik vir hierdie hoe persentasies. In 1945, wat skynbaar die gunstigste jaar in hierdie verband was en wel omrede dat petrolrantsoenering toe nog in swang was, was die persentasie slegs 48% terwyl dit in 1948 weer 64% bedra het. 'n Gemiddelde van 57% vir algemene besigheid lyk dus redelik.

Die totaalkolom toon, soos reeds daarop gewys, dat die eisepersentasie gemiddeld tussen 45% en 50% behoort te wees. Individuele maatskappye wat al die bogenoemde versekerings onderneem en waarvan die persentasie onder 45% is, kan hulself dus besonder gelukkig ag, terwyl maatskappye waarvan die eiseverhouding 50% oorskry, ernstige aandag aan hierdie aangeleentheid behoort te skenk.

g. Kort ontleding van die bestuurskoste van binne-landse korttermynversekeringsondernemings.

Tabel XXIV verskaf enkele besonderhede aangaande die

bestuurskoste van binnelandse versekeringsmaatskappye ¹⁾. Onder bestuurskoste klassifiseer ons dan tewens alle administrasiekoste wat in die gewone gang van die besigheid aangegaan word. Daar moet veral daarop gewys word

TABEL XXIV.

Bestuurskoste, uitgesonderd netto kommissies, van alle binnelandse versekeraars. (£'000)

<u>Jaar.</u>	<u>Brand.</u>	<u>See.</u>	<u>Algemeen.</u>	<u>Totaal.</u>	<u>Indeks van totaal. (1944=100)</u>
1944	£ 90	£ 27	£ 213	£ 330	100
1945	111	28	227	366	111
1946	139	31	264	434	132
1947	173	34	316	523	158
1948	212	34	338	584	177
1949	251	49	400	700	212
1950	298	54	483	835	253
1951	386	62	580	1,028	312
1952	476	87	685	1,248	378
1953	557	84	828	1,469	445
1954	615	81	1,005	1,701	515

dat dit vir enige versekeringsonderneming uiters moeilik is om sy totale koste tussen hierdie verskillende klasse besigheid te verdeel. Dikwels word die kostes verdeel op die basis van netto premieinkomste maar dit is nie altyd die geval nie en dit is ook nie altyd 'n juiste basis nie, met die gevolg dat die verdeling tussen die verskillende klasse besigheid wel vir ons 'n algemene oorsig gee dog die syfers is vir ons doel nie van veel waarde nie. Wat egter wel van baie belang is, is die bedrae wat in die totaalkolom van hierdie tabel voorkom. Hieruit word gemerk dat die totale bestuurskoste van binnelandse maatskappye wat in 1944 £330,000 was, gestyg het na £1,701,000 in 1954, dit wil sê oor 'n tydperk van tien jaar het daar 'n styging van 415% plaasgevind. Die indeksskolom van ons tabel gee vir ons 'n mooi beeld van

1) Statistieke van buitelandse maatskappye is uiters moeilik bekombaar.

hoe die groei plaasgevind het. Hieruit merk ons byvoorbeeld dat die grootste styging sedert 1951 plaasgevind het.

Vorige tabelle, wat die premies oor hierdie tydperk aangee, toon dat die grootste inkome ook eers sedert 1951 plaasgevind het. Ons het wel in daardie tabelle nie kon wys op die premie-inkomste van buitelandse maatskappye sedert 1952 nie aangesien dit nog nie beskikbaar is nie maar die syfers vir 1951 toon vir ons duidelik dat die premie-styging sedert 1950 veel hoër as gedurende die vorige jare was.

h. 'n Vergelykende ontleding van die netto premies, netto eise en bestuurskoste, alleenlik van binnelandse ondernemings.

Op hierdie stadium kan 'n samevattende opsomming van netto premies, netto eise, bestuurskoste en totale koste van alle binnelandse versekeringsondernemings gegee word. In tabel XXV wat hierdie besonderhede aantoon, kan ons net let op die belangrike gegewens wat in kolomme (c), (e) en (g) aangetref word, aangesien ons reeds die gegewens van kolomme (a), (b) en (d) ontleed het. Kolom (f), wat die totale koste aantoon, is natuurlik die totale van die netto eise en bestuurskoste wat netto kommissie insluit, dit wil se dit is die totale koste wat op die inkomsterekening van die verskillende versekeringsondernemings voorkom. Wat kolom (d) aanbetref, naamlik bestuurskoste, insluitende netto kommissie, kan ons miskien net duidelikheidshalwe daarop wys dat die netto kommissie die verskil is tussen die kommissie wat betaal word deur versekeringsondernemings aan agente, makelaars, ens. vir die verkryging van versekeringsbesigheid, en die kommissie wat deur versekeringsondernemings ten opsigte van herversekeringspremies wat hulle aan ander maatskappye sedeer, ontvang word. In die

reël is die kommissie wat die versekeringsmaatskappye betaal meer as die kommissies wat hulle op herversekeringspremies ontvang, gevolglik sal opgemerk word dat die

TABEL XXV.

Netto premies, netto eise en bestuurskoste van alle
binnelandse versekeringsondernemings in die Unie,
1944 - 1954. (£'000)

Jaar.	Netto premies.	Netto eise.	% van netto premies.	Netto komm. en bestuurskoste.	% van netto premies.	Totale netto koste.	% van netto premies.
(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)	
1944	£1,534	£1,077	70.2	£ 402	26.2	£1,479	96.4
1945	1,589	826	52.0	421	26.5	1,247	78.5
1946	1,889	1,074	56.8	493	26.1	1,567	82.9
1947	2,200	1,219	55.4	580	26.4	1,799	81.8
1948	2,438	1,385	56.8	654	26.8	2,039	83.6
1949	2,871	1,653	57.6	799	27.8	2,452	85.4
1950	3,251	1,845	56.7	950	29.3	2,795	86.0
1951	4,037	2,200	54.5	1,273	31.5	3,473	86.0
1952	5,886	3,264	55.4	1,695	28.8	4,959	84.2
1953	6,641	3,818	57.5	2,005	30.2	5,823	87.7
1954	7,070	4,031	57.0	2,182	30.9	6,213	87.9

bedrae wat in kolom (d) voorkom elke jaar ietwat hoër is as die bedrag van die bestuurskoste alleen wat ons in tabel XXIV aangetoon het.

As ons die eise-persentasies ontleed, vind ons dat die netto eise in 1944 70.2% van die netto premies bedra het. Daardie jaar se netto eise-persentasie was besonder hoog in vergelyking met al die jare daarna toe dit tussen 52% en 58% gewissel het. Skynbaar is die gemiddelde eise-persentasie dus in die omgewing van 55%. Bestuurskoste het tussen 26% en 32% gedurende die tien jaar wat ons ontleed, geskommel. Dit wil dus voorkom asof 'n gemiddelde persentasie in hierdie geval in die omgewing van 29% is. Die totale kostepersentasie (kolom g), (met die uitsondering van 1944 wat as gevolg van die ongunstige eise-persentasie besonder hoog is naamlik 96.4%) het tussen 78% en 88% geskommel. Hieruit moet ons dus aflei dat die gemiddelde persentasie van totale netto onkoste tot netto pre-

mies ongeveer tussen 80% en 85% moet wees - en dit laat 'n saldo van 15% tot 20% op netto premies en natuurlik baie minder as dit as 'n verhouding tot bruto premies bereken word.

Uit hierdie saldo moet daar nog voorsiening vir 'n bykomstige reserwe gemaak word, wat 'n wetlike vereiste in die Unie is ¹⁾. Hierdie reserwe bedra ongeveer 40% van die netto premies en het betrekking op onverstreke risiko's aan die einde van die betrokke boekjaar. As ons dus daarop let dat die premies gedurende hierdie jare geweldig gestyg het, dan is dit vir ons duidelik dat die reserwe met dieselfde tempo moes toegeneem het. Elke jaar moet daar dus 'n addisionele reserwe geskep word om tred te kan hou met die verhoogde premies van daardie betrokke jaar, en hierdie reserwe moet nog geskep word uit die saldo nadat die totale koste van die netto premies afgetrek is, dit wil sê uit die 15% tot 20% wat oorbly. Ons sal op 'n latere geleentheid hierdie aangeleentheid vollediger nagaan, maar wat ons op hierdie stadium veral wil beklemtoon is die feit dat versekeringsondernemings oor die algemeen nie buitensporige winste maak wat vir diwidende beskikbaar is nie, soos ons dit soms aantref in ander takke van die bedryfslewe ²⁾. Dit gebeur dat sommige versekeringsondernemings redelike winste beide uit die versekeringsbesigheid en op beleggings maak wat as diwidende uitbetaal kan word, maar dan kry ons daarteenoor ook 'n aantal

1) Tweede Bylae tot Wet no. 27 van 1943, soos gewysig.

2) Solank 'n versekeringsonderneming uitbrei en sy premies verhoog, sal ons hierdie toestand van 'n verhoging van die verpligte premiereserwe aantref. Dit is eers wanneer 'n versekeraar tot konsolidasie sou oorgaan en sy jaarlikse premie of omset nie weer vermeerder nie, dat daar geen noemenswaardige verdere premiereserweverhoging hoef plaas te vind nie, met die gevolg dat die verskil tussen sy inkomste en uitgawe vir verdeling beskikbaar sal wees.

ondernemings wat nie so suksesvol is nie, met die gevolg dat, in geheel geneem, die algemene prentjie nie so besonder rooskleurig is nie.

Ons kan hierdie aangeleentheid nog verder ontleed deur die besonderhede van die voorafgaande tabel na indekssyfers te herlei met 1945 ¹⁾ as basisjaar. Volgens tabel XXVI wat hierdie besonderhede toon blyk dit dat die netto premies gestyg het vanaf 100 in 1945 na 444.9 in 1954. Die styging was min of meer reëlmatig met die uitsondering van die jare tussen 1951 en 1952 wat besonder groot was. Ook kolom (b) toon aan dat die styging in die

TABEL XXVI.

Indekssyfers van netto premies, netto eise, bestuurskoste en totale koste. (1945=100)

Jaar.	Netto premies.	Netto eise.	Bestuurskoste (incl. nett. kom.)	Totale koste.	Totale oorskot.
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)
1944	96.6	130.4	95.5	118.6	16.1
1945	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
1946	118.9	130.0	117.1	125.7	94.2
1947	138.5	147.6	137.8	144.3	117.3
1948	153.4	167.7	155.3	163.5	116.7
1949	180.7	200.1	189.8	196.6	122.5
1950	204.6	223.4	225.7	224.1	133.3
1951	254.1	266.3	302.4	278.5	164.9
1952	370.4	395.2	402.6	397.7	271.1
1953	417.9	462.2	476.2	467.0	239.2
1954	444.9	488.0	518.3	498.2	250.6

geval van eise met die uitsondering van die jare tussen 1951 en 1952 min of meer reëlmatig was. Die netto eise het egter vinniger as die netto premies gestyg.

1) In hierdie geval is 1945 as basisjaar geneem. Indien 1944 met sy abnormale oorskot (wins) as basisjaar geneem wou word, sou ons deurgaans 'n groot wanverhouding aangetref het.

Kolom (c) toon ook 'n baie merkbare ooreenkoms met die indekse van die netto premies, hoewel die indekssyfers van die bestuurskoste elke jaar behalwe in 1946 en 1947 effens hoër as die indekssyfers van die netto premies was. Vir 1954 was die premie-indekssyfer 444.9 en die van bestuurskoste 518.3, dit wil sê die netto premies het vir hierdie tien jaar wat ons behandel gestyg met 344.9% terwyl die bestuurskoste vir dieselfde tydperk met 418.3% toegeneem het. Net soos in die geval van netto premies en netto eise het daar ook in die geval van bestuurskoste tussen 1951 en 1952 'n merkbaar versnelde tempo plaasgevind.

Die totale koste (kolom d) toon dan tewens ook dieselfde reëlmatige styging sedert 1945, behalwe tussen 1951 en 1952 toe die styging heelwat groter was as tussen enige ander twee jare. Die totale koste het sedert 1945 met 398.2% toegeneem teenoor 'n 344.9% toename in die premies.

Volgens kolom (e) is dit duidelik dat die totale oorskot nie so aanmerklik soos beide die premies en totale koste gestyg het nie. As ons 1944 wat as gevolg van sy abnormale netto eise 'n oorskotindeks van slegs 16.1 aantoon buite rekening laat, dan toon die jare sedert 1945 slegs 'n geringe styging en in enkele gevalle selfs 'n daling op die voorafgaande jaar, byvoorbeeld in 1946, 1948 en 1953. Die 1945 indeks van 100 het maar slegs na 250.6 in 1954 gestyg teenoor 'n 444.9 indekssyfer ten opsigte van netto premies. Daarbenewens moet ons dan ook nie uit die oog verloor dat versekeringsondernemings met elke verhoging van premie-inkome ook hulle verpligte premiereserwe min of meer ooreenkomstiglik moet verhoog wat natuurlik tot gevolg sal hê dat die verdeelbare wins tot dieselfde mate sal verminder. Die algemene opvatting dat versekeringsondernemings enorme verdeelbare winste maak, word dus deur hierdie statistieke geloënstraf,

altans sover dit korttermynversekeringsondernemings
aanbetref.

3. Ontleding van balansstaatitems.

Nadat ons nou die inkomste- en uitgawerekening-
items van die verskillende binnelandse versekeringsonder-
nemings nagegaan het, sal ons ons vervolgens by hulle
balansstate bepaal. Deur die ontleding van hulle balans-
state wil ons dan nagaan of die vermeerderings in hulle
totale laste en bates ook min of meer tred gehou het met
die stygings in premies en uitgawes wat ons reeds ontleed
het, en indien dit nie die geval is nie, wil ons nagaan
in welke mate die stygingstendense verskil het en die
oorsake daarvan bepaal. In hierdie verband moet ons nie
uit die oog verloor dat ons ons alleenlik by 'n opsomming
van die balansstate van binnelandse versekeraars bepaal
aangesien volledige gegewens van die buitelandse verseke-
ringsondernemings nie maklik bekombaar is nie. Talle
van hierdie ondernemings wat hulle hoofkantore in die
buiteland het, het hulle rekeningkundige stelsels so-
danig aangelê dat die gegewens wat vir ons van belang is,
nie beskikbaar is nie. Verder moet ons ook daarop wys
dat tabel XXVII wat 'n samevatting van balansstate is,
gegewens van 'n aantal ondernemings insluit wat nie al-
leen korttermyn-versekering onderneem nie maar wat ook
lewensversekering, ongevalleversekering ens. beoefen.
Dit is dus maatskappye wat alle klasse van versekering
onderneem en vir ons doel is daar nie onderskeid tussen
kort- en langtermyn-versekeringsbesigheid in daardie be-
trokke gevalle gemaak nie.

Tabel XXVII is 'n opsomming van die balansstate van
al die binnelandse versekeraars in die Unie vir die jare
1944 tot 1951. Daaruit sal net die belangrikste items
wat in die voorafgaande opsommende balansstate voorkom,

TABEL XXVII.

Opsomming van balansstate van alle binnelandse
korttermynversekeraars, 1944 - 1951. (£'000)

<u>LASTE.</u>	<u>1944</u>	<u>1946</u>	<u>1948</u>	<u>1950</u>	<u>1951</u>
1. Kapitaal (opbetaal).	948	1,419	1,596	1,894	2,516
2. Wins- en verliesrekening.	465	571	655	772	798
3. Algemene beleggingsreserwes.	1,148	1,269	1,360	1,592	2,071
4. Fondse - Lewe.	1,288	1,695	2,427	3,470	4,257
Nywerheid.	5	5	5	5	5
Brand.	190	222	351	492	681
See.	215	221	140	172	226
Motor- en persoonlike- ongevalle.	197	280	448	659	774
Ander.	231	590	579	724	466
5. Uitstaande vorderings.	769	1,059	1,309	1,779	2,246
6. Ander krediete.	442	483	780	1,158	1,579
7. Diverse laste.	3,064	3,160	3,250	3,708	4,187
TOTAAL	8,962	10,974	12,900	16,425	19,806
<u>BATES.</u>	<u>1944</u>	<u>1946</u>	<u>1948</u>	<u>1950</u>	<u>1951</u>
8. Effekte - Regerings.	2,394	2,684	2,546	2,435	2,643
Britse Gemenebes Lande.	232	290	358	454	525
Plaaslike owerhede.	365	406	432	632	1,010
9. Verbande.	2,622	2,435	3,128	3,495	4,218
10. Lenings of polisse.	101	118	166	289	351
Lenings of persoonlike waarborg.	16	26	6	84	32
11. Vaste eiendom.	241	239	205	242	250
12. Obligasies en aandele.	494	1,166	1,654	2,247	2,604
13. Ander beleggings.	672	780	1,334	2,064	2,406
14. Uitstaande premies.	384	563	706	920	1,550
15. Wissels en kontant.	1,017	1,467	1,491	2,435	2,715
16. Klandisiewaarde.	161	152	166	217	264
17. Ander bates.	263	648	708	911	1,238
TOTAAL	8,962	10,974	12,900	16,425	19,806

kortliks verduidelik en die groei daarvan ontleed word.

Die minder belangrike items sal gerieflikheidshalwe ver-
onagsaam word.

Ons bepaal ons eers by die items op die lastekant.

(a) Opbetaalde kapitaal.

Die opbetaalde kapitaal het in 1944 byna £1,000,000
bedra.. In die daaropvolgende jare het hierdie bedrag

aansienlik gestyg, sodanig dat dit teen 1951 reeds meer as £2½ miljoen bedra het, dit wil sê 'n styging van 165%. Hieruit moet ons aflei dat, hoewel daar sommige nuwe maatskappye met werksaamhede begin het, sommige van die reeds bestaande versekeringsondernemings gedurende hierdie 7 jaar in 'n sekere mate 'n tekort van fondse gehad het, vandaar die betreklik snelle kapitaalvermeerdering. Die meeste versekeringsondernemings hou natuurlik, sover moontlik, 'n gedeelte van hulle nominale kapitaal in reserwe sodat dit altyd op 'n latere stadium opgeroep kan word ingeval addisionele kapitaal benodig word. Dit gee ook 'n skyn van groter stabiliteit.

(b) Wins- en verliesrekeningsaldo's.

Hier het ons te doen met die onverdeelde wins van die verskillende maatskappye, dit wil sê die bedryfswins wat oorbly nadat die onkoste, eise en vermeerdering in fondse afgetrek is van die verdiende premies, terwyl die dividende, belastingvoorsienings ens, ook in aanmerking geneem is. Daar was 'n geleidelike styging vanaf £465,000 in 1944 tot £798,000 in 1951, dit wil sê slegs 71%, minder dus as in die geval van kapitaal.

(c) Algemene reserwes.

Voordat die saldo wat as onverdeelde wins aangetoon word, bereik word, word daar soms eers sekere bedrae as reserwe opsy gesit. Hierdie reserwes kan ook gebeurlikheidsreserwes of algemene beleggingsreserwes genoem word, dit wil sê fondse wat opsy gesit word om die finansiële posisie van die onderneming te versterk. Aansienlike bedrae is as algemene beleggingsreserwes opsy gesit, naamlik £1,148,000 in 1944; dit het jaarliks gestyg tot dit

£2 miljoen in 1951 oorskry het, dit wil sê 'n styging van 80% teenoor die 165% styging in kapitaal. Ons moet dus aflei dat, ten spyte van die feit dat daar gronde bestaan het om die kapitaal gedurende hierdie 7 jaar te vermeerder, daar ook wel voldoende winste was om aansienlike bedrae op die algemene beleggingsreserwe-rekening te plaas.

(d) Fondse.

Daar bestaan 'n hele aantal sulke fondse, naamlik fondse vir lewens-, nywerheid-, brand-, see-, motor en persoonlike ongevallen- en ander besigheid. Hierdie fondse moet deur alle maatskappye geskep word kragtens die bepalinge van artikels 12 en 13 van die Versekeringswet van 1943. Die lewensfondse word elke drie jaar aktuarieel bepaal terwyl in die geval van korttermynversekering die werklike bedrag van die fonds die onverstreke deel van elke premie is. Dis prakties natuurlik onmoontlik om die onverstreke risiko vir al die polisse te bereken met die gevolg dat 40% van die netto premies gewoonlik vir hierdie doel opsy gesit en deur die Registrateur van Versekeringswese aanvaar word, vir al waar bewys gelewer word dat daar 'n eweredige verspreiding van premies oor die jaar is. 'n Eenvoudige voorbeeld sal hierdie aangeleentheid beter verduidelik: veronderstel 'n sekere polis word op 1 April uitgereik en die premie daarop is £1,000 terwyl die finansiële jaar van die onderneming op 31 Desember sluit. Daar is dan nog slegs $\frac{3}{4}$ van die £1,000, dit wil sê £750 op 31 Desember verdien. Dit sou dus foutief wees om £1,000 in hierdie geval as inkomste te beskou. Daar moet voorsiening gemaak word om £250 na die volgende jaar oor te dra. Dit sou die

regte bedrag wees om op die betrokke fondse aan die einde van daardie jaar te plaas, maar dit is baie duidelik dat ons in enige versekeringsonderneming nie slegs met 'n paar polisse te doen het nie, maar wel met duisende daarvan. Dit sal dus prakties onmoontlik wees om vir iedere polis die onverstreke risiko te bereken, daarom word daar verskeie ander metodes nagevolg.

Lengyel ¹⁾ merk in hierdie verband bv. op dat 40% van die bruto premies oor die algemeen 'n aanvaarbare persentasie vir die betrokke fonds is en wys verder daarop dat in sommige lande slegs 35% van die premies hiervoor opsy gesit word. In hierdie verband is dit interessant om daarop te let hoe die Suid-Afrikaanse Versekeringswet (Wet no. 27 van 1943, soos gewysig) voorskryf dat die fondse insake korttermyn-versekeringsbesigheid bereken moet word. Deel II van die Tweede Bylae, paragrawe 10, 11 en 12 bepaal byvoorbeeld dat:

„10. Die verbintenis van 'n versekeraar op een of ander bepaalde datum kragtens 'n nog lopende polis of ander bepaalde soort korttermyn-versekeringsbesigheid, word geag 'n bedrag te wees wat op die volgende wyse bereken word:

- (a) Die bedrag van die premie waarop die versekeraar kragtens daardie polis geregtig was (na aftrekking van die bedrag van terugbetaalbare premies, diskonto of ander korting aan die eienaar van die polis in sy hoedanigheid as eienaar toegestaan, maar son-

1) S.J. Lengyel: Insurance Companies Accounts - an economic interpretation and analysis (1946), bl. 69.

der aftrekking van enige bedrag ten opsigte van kommissie, makelaarsloon of ander vergoeding aan 'n agent van die versekeraar) moet met so 'n persentasie daarvan, maar hoogstens 20% verminder word as wat volgens die registrateur se oordeel 'n behoorlike weergawe is van die koste deur die versekeraar aangegaan om die betrokke soort of tipe versekeringsbesigheid te dryf.

- (b) Van die bedrag ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (a) bereken, word 'n bedrag afgetrek wat in dieselfde verhouding tot daardie bedrag staan as die verhouding waarin die verstreke deel van die versekerings-tydperk deur so 'n premie gedek tot die hele bedoelde tydperk staan.

11. Die mate waarin 'n verbintenis van die aard in artikel tien bedoel deur herversekering of deur 'n besondere soort herversekering gedek is, word bereken op 'n derglike wyse as wat in bedoelde artikel uiteengesit is, tensy bedoelde herversekering die hele oorspronklike risiko of 'n bepaalde persentasie daarvan dek.

12. Ondanks die bepalings van artikels tien en elf, kan 'n versekeraar, by die berekening van die bedrag van sy netto-verbintenisse kragtens alle nog lopende polisse in 'n besondere soort versekeringsbesigheid of onderdeel daarvan, enige grondslag of metode toepas wat volgens die registrateur se oordeel 'n resultaat lewer wat by benadering ooreenkom met of nie minder is nie as die resultaat wat deur middel van

'n berekening volgens bedoelde bepalinge verkry sou gewees het".

Die Versekeringswet lê dus nie definitiewe reëlings neer hoe die fondse bereken moet word nie. In die praktyk word dus verskeie metodes gevolg. Volgens Lengyel¹⁾ is daar in die praktyk drie metodes wat gerielik gevolg kan word, naamlik 'n metode waarvolgens die fondse op (a) 'n maandbasis, (b) 'n kwartaalbasis of (c) 'n halfjaarlikse basis, bereken word. In hierdie gevalle word die premies van elke maand of elke kwartaal of elke halfjaar geneem en dan word die fondse daarvolgens bereken. Elke metode sal vir ons 'n ander resultaat gee, en daarbenevens sal ons antwoorde ook baie veranderlik wees namate die premies van maand tot maand of kwartaal tot kwartaal aansienlik verskil. Hy verskaf vir ons 'n voorbeeld van al drie die bogenoemde metodes. Ons noem hieronder slegs die metode wat op die kwartaalbasis uitgewerk is. Dit is soos volg:

		<u>Premie- inkome.</u>	<u>Onverdiende' deel.</u>	<u>Onverdiende premie.</u>
Kwartaal	1	£ 700	1/8	£ 87.50
"	2	680	3/8	225.00
"	3	1,080	5/8	675.00
"	4	<u>1,200</u>	7/8	<u>1,050.00</u>
		<u>£ 3,660</u>		£ <u>2,067.50</u>

Die kwartaal- of maandelikse metode word gebruik waar die inkomste oor die jare oneweredig verdeel is maar waar die inkomste min of meer eweredig oor die vier kwartale verdeel is, is die 40% metode aanneembaar. Die volgende voorbeeld verduidelik dit:

1) A.w., bl. 67 et. seq.

		<u>Premie- inkome.</u>	<u>Onverdiende deel.</u>	<u>Onverdiende premie.</u>
Kwartaal	1	£ 1,000	1/8	£ 125
"	2	1,000	3/8	375
"	3	1,000	5/8	625
"	4	<u>1,000</u>	7/8	<u>875</u>
		£ <u>4,000</u>		£ <u>2,000</u>
			Min 20%	<u>400</u> ¹⁾
				£ <u>1,600</u>

Die onverdiende reserwe van £1,600 verteenwoordig 40% van die premies wat £4,000 bedra.

Aangesien die Versekeringswet versekeraars in die Unie toelaat om 20% van die premies af te trek vir onkoste word daar gewoonlik 10%, 30%, 50% en 70% vir die 1ste, 2de, 3de en 4de kwartaal onderskeidelik geneem as die persentasie van onverdiende premies.

Daar het gedurende die afgelope jare geen eenvormigheid onder versekeraars in die Unie oor die berekeningsmetode bestaan nie. Volgens inligting van die kantoor van die Registrateur van Versekeringswese wat al hierdie besonderhede jaarliks kontroleer, volg versekeraars in die Unie so 'n verskeidenheid van metodes om die fondse te bereken dat daar hoegenaamd geen eenvormigheid in die balansstaatsyfers bestaan nie ²⁾.

Afgesien van die onreëlmatigheid in die berekening

-
- 1) Spesiale onkostetoelae in terme van Deel II van die Tweede Bylae van die Versekeringswet van 1943, soos gewysig.
 - 2) Die afgelope jaar of twee is daar spesiale pogings aangewend om eenvormigheid te verkry deur die kwartaalbasismetode toe te pas en die Registrateur van Versekeringswese deel mee dat daar 'n merkbare sukses behaal word.

van die fondse, wat ons ook kan uitdruk met die term „onverdiende premielas“, kom daar in alle geval 'n geweldige styging in die fondse gedurende hierdie tydperk voor. Dit is nie ons doel om hier die aangeleentheid rakende lewensversekering na te gaan nie maar dit is interessant om daarop te wys dat die lewensversekeringsfondse ¹⁾ van die maatskappye wat ook korttermyn-versekering onderneem, gestyg het vanaf £1,288,000 in 1944 na £4,257,000 in 1951, dit wil sê die styging was 230% vir hierdie sewe jaar. Die styging van die fondse van seebesigheid was hoegenaamd nie noemenswaardig nie, naamlik 5% terwyl die styging in die geval van motor- en persoonlike ongevallebesigheid weer besonder groot was, naamlik 298%. Al hierdie stygings van die verskillende soorte fondse hou min of meer tred met die verhoging in die netto premies van die betrokke jaar.

(e) Uitstaande vorderings.

In elke versekeringsonderneming is daar altyd op enige tydstip 'n hele aantal eise teen die maatskappy wat nog onafgehandel is, dit wil sê eise wat óf klaar afgehandel is maar nog nie betaal is nie óf eise wat aangemeld is maar wat op daardie datum nog onder behandeling is. Daar mag selfs eise op daardie betrokke datum wees wat nog nie eens aangemeld is nie. Hierdie vorderinge teen die maatskappy moet dus sover moontlik in rekening getring word. In die praktyk is dit natuurlik 'n besonder moeilike aangeleentheid om op die datum van die balansstaat hierdie eise teen 'n maatskappy na waarde reg te skat. Ons noem hierdie bedrae wat deur die maatskappye verskuldig is „uitstaande vorderings“ of „uitstaande eise“ of „eisereserwe“ of selfs „verliesreserwe“. Ons balansstate

1) Die lewensfondse word altyd op 'n streng aktuariële basis bereken.

toon aan, sover dit die Unie in hierdie geval betref, dat die vorderings teen binnelandse maatskappye in 1944 £768,000 was en dat hierdie bedrag gedurende die volgende sewe jaar verdriedubbel het na £2,246,000 in 1951. Dit sluit natuurlik die uitstaande vorderings ten opsigte van alle klasse korttermynbesigheid in.

(f) Krediteure.

Dit is bedrae wat deur die versekeraars aan ander krediteure verskuldig is, dit wil sê nie aan polishouers ten opsigte van uitstaande eise nie. Hier het ons hoofsaaklik te doen met bedrae verskuldig aan diverse krediteure ten opsigte van verskeie bedryfskoste wat aangegaan is maar wat op die balansstaatdatum nog nie vereffen is nie. Die persentasiestyging in hierdie geval tussen 1944 en 1951 was 257%.

(g) Diverse laste.

In hierdie geval het ons hoofsaaklik te doen met bedrae wat aan herversekeraars ten opsigte van herversekeringstransaksies verskuldig is. Die omvang van hierdie vorderinge teen die versekeringsondernemings is aansienlik alhoewel die styging gedurende hierdie sewe jaar slegs 37% beloop het.

Vervolgens word die items op die batekant van die versekeringsondernemings se balansstate bespreek.

(h) Effekte.

Effekte van versekeringsondernemings word in drie klasse verdeel, naamlik regeringseffekte, effekte van Britse Gemenebeslande en effekte van plaaslike owerhede. Artikels 3 en 4 van die Versekeringswet (Wet no. 27 van 1943) vereis dat alle versekeringsondernemings in die Unie sekere bedrae vir elke klas besigheid by die Tesourie moet

deponeer alvorens hulle versekeringsbesigheid kan onderneem. Die volgende is die deposito's na gelang die aard van die besigheid:

Brand	£ 10,000
See	£ 10,000
Motor	£ 10,000
Persoonlike ongevalle	£ 5,000
Gemeng	£ 5,000

'n Deposito van £30,000 dek alle soorte versekeringsbesigheid in hierdie groep.

Versekeringsondernemings wat lewens- en aanverwante versekeringsbesigheid onderneem moet volgens die aard van die besigheid die volgende bedrae by die Tesourie deponeer:

Lewe	£ 10,000
Ongevalle	£ 10,000
Amortisasiefonds	£ 10,000
Begrafnis	£ 5,000

'n Deposito vir ongevallebesigheid dek ook begrafnisbesigheid en 'n deposito van £25,000 dek alle soorte versekeringsbesigheid in hierdie groep.

Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat die verpligte deposito's by die Tesourie in 1944 £2,394,000 was en dat die styging tot 1951 maar betreklik gering was naamlik na £2,643,000 dit wil sê slegs sowat 10.4%.

Ons het reeds daarop gewys dat die toename in die aantal versekeringsondernemings sedert 1945 maar betreklik gering was, maar in hierdie geval moet daarop gewys word dat daar nie 'n verhouding gehandhaaf kan word nie aangesien die wet toelaat dat na 'n maatskappy 10 jaar besigheid in die Unie gedryf het die depositos teruggetrek mag word. Dit is dan ook vanwee die lae rentekoerse wat op regeringseffekte verdien word vanselfsprekend dat daar heelwat op hierdie manier teruggetrek is.

Die beleggings in effekte van veral plaaslike owerhede toon stygings wat aansienlik groter is as die

styging in beleggings in regeringseffekte. Die rede hiervoor is die gunstiger rentekoerse in hierdie geval.

(i) Verbande.

Dit is bedrae wat versekeringsondernemings op verband uitleen. Tussen 1944 en 1951 is daar in hierdie verband 'n styging van meer as 60%. Baie versekeringsondernemings vind dat dit voordeliger is om hulle oortollige kapitaal op verband uit te leen. Op verbande word daar gewoonlik tussen 5% en 6% rente verdien, terwyl daar op die meeste ander bates byvoorbeeld deposito's by bougenootskappe, effekte, ens. laer rentekoerse verkry word. Dit is daarom ook dat die bedrae wat op verbande uitgeleen word, die grootste individuele bate-item is, naamlik 21% van die totale bates in 1951 ¹⁾. Alhoewel hierdie soort belegging gewoonlik op langtermyn is, is dit 'n baie veilige soort belegging en hierdie voordeel weeg dus op teen die nadeel dat kapitaal vir sulke lang tydperke vas belê word.

(j) Vaste eiendom.

Hier het ons te doen met die vaste eiendom wat versekeringsondernemings besit. Ook in hierdie geval merk ons dat daar nie buitengewone groot bedrae aan vaste eiendom bestee word nie. Alhoewel dit die ambisie van elke versekeringsmaatskappy is om sy eie gebou en vaste eiendom te besit, belê hulle blykbaar hulle fondse eerder in ander bates as in vaste eiendomme. Daar was slegs 'n geringe styging in hierdie verband tussen 1944 en 1951; in 1946 en 1948 het die waardes selfs benede dié van 1944

1) By die bespreking van hierdie verskillende klasse bates en die verandering wat dit ondergaan het sedert die einde van Wereldoorlog II, is dit van belang om in gedagte te hou dat die Versekeringswet van 1943 'n groot invloed op die orde van die likwiditeit van die bates van versekeraars uitoefen. 'n Versekeringsmaatskappy het nie 'n heeltemal vrye keuse in die soort belegging waarin hy belangstel nie. Die bepalinge van die wet oor hierdie aangeleentheid word in hoofstuk 6, bl. 142. bespreek.

gedaal. Hierdie bate-item bly dus vrywel konstant.

In werklikheid is dit ook gewoonlik slegs die paar grootste versekeringsondernemings wat dit kan bekostig om groot kapitale bedrae op vaste eiendom te spandeer.

(k) Obligasies en aandele.

Dit is 'n baie gewilde beleggingsveld vir versekeringsondernemings aangesien die toename in hierdie geval sedert 1944 meer as vervyfdubbel het sodat hierdie klas bate in 1951 een van die grootste individuele bate-items van versekeringsondernemings was. Hier het ons natuurlik hoofsaaklik te doen met aandele en obligasies wat van ander maatskappye aangekoop word. Die algemene besigheids-toestand in die Unie in die na-oorlogse jare was natuurlik baie gunstig met die gevolg dat daar dikwels hoër dividende uitbetaal is as die 5% of 6% wat op verbande verdien is. Daarbenewens word die inkomste van versekeringsmaatskappye uit aandele ook vrygestel van inkomste-belasting, wat 'n gewigtige faktor in enige onderneming is - vandaar die groot belangstelling in hierdie klas bate.

(l) Uitstaande premies.

In hierdie geval het ons te doen met die uitstaande premies en rente, saldi by agente en diverse debiteure, dit wil sê bedrae wat op die laaste dag van die boekjaar aan die versekeringsondernemings verskuldig was. As ons die gegewens vergelyk met tabel XIX wat die bruto premies aantoon, vind ons dat hierdie bate in 1944 19% van die bruto premies van daardie jaar bedra het terwyl hierdie persentasie in 1951 na 27% gestyg het. Die grootste deel van hierdie bate is natuurlik die verskuldigde

bedrae deur polishouers ten opsigte van onbetaalde premies.

(m) Wissels en kontant.

Dit is die bedra wat die verskillende ondernemings aan die einde van hulle boekjare in wissels en kontant besit het. Dit is hulle vlottende kapitaal wat hulle op daardie tydstip gehou het, dit wil sê kontantsaldi by banke asook kontant wat hulle moontlik voorhande gehou het. Dit sluit ook wissels in wat op daardie stadium in hulle besit was en wat gewoonlik kort daarna in kontant omgesit kan word. Die styging in hierdie geval was 167%.

(n) Ander bates.

Hierdie item sluit verskillende ander soorte bates in soos byvoorbeeld meubels en toebehore, kantoormasjinerie, motors en dergelike meer. Ook in hierdie geval was daar dieselfde aansienlike toename wat in die meeste ander bate- en laste-items bespeur is. Enige besigheid moet natuurlik toesien dat sy organisasie tred hou met uitbreidingstoestande.

Samevattend kan ons sê dat met weinige uitsondering 'n geweldige styging plaasgevind het gedurende die sewe jaar wat op 1944 gevolg het. Ons het opgemerk uit die vroeëre besprekings in hierdie hoofstuk dat die bruto premies van die versekeringsmaatskappye in 1944 byna £8,000,000 was en dat dit na feitlik £20,000,000 in 1951 toegeneem het (tabelle XIV en XIX). Die styging was dus sowat 150%. Hierdie toename in omset het sy uitwerking ook op al die ander aspekte gehad wat die betrokke besigheid raak, dit wil sê op feitlik al die items wat in die

balansstaat voorkom. Sommige van die balansstaat-items het selfs met veel meer as 150% gedurende hierdie jare toegeneem. Die toename in die totale bates was van £8,962,000 tot £19,806,000, naamlik 121%. Oor die algemeen kan ons beweer dat die snelle uitbreiding van die omset 'n soortgelyke weerklank in die uiteindelijke balansstaat vind.

Ons kan nou die voorafgaande balansstaatitems hergroepeer sodat ons 'n beter vergelyking tussen die verskillende groepe kan tref. In tabel XXVIII wat hierdie besonderhede verskaf is die volgende items bymekaar ge-

TABEL XXVIII.

Hergroepeerde balansstaatitems van alle binnelandse korttermynversekeraars 1944 - 1951.

LASTE.

	1944:	%:	1946:	%:	1948:	%:	1950:	%:	1951:	%
Kapitaal, wins- en- verlies en algemene beleggingsreserwes.	2,561:	29:	3,259:	30:	3,611:	28:	4,258:	26:	5,385:	27
Fondse.	2,126:	24:	3,013:	27:	3,950:	31:	5,522:	34:	6,409:	33
Krediteure.	4,275:	47:	4,702:	43:	5,339:	41:	6,645:	40:	8,012:	40
	;	:	;	:	;	:	;	:	;	:
TOTAAL	8,962:	100:	10,974:	100:	12,900:	100:	16,425:	100:	19,806:	100

BATES.

	1944:	%:	1946:	%:	1948:	%:	1950:	%:	1951:	%
Vlottende bates.	1,511:	17:	2,633:	24:	3,145:	24:	4,682:	29:	5,319:	27
Vaste bates.	5,971:	67:	6,198:	56:	6,841:	53:	7,631:	46:	9,029:	46
Ander bates.	1,480:	16:	2,143:	20:	2,914:	23:	4,112:	25:	5,458:	27
	;	:	;	:	;	:	;	:	;	:
TOTAAL	8,962:	100:	10,974:	100:	12,900:	100:	16,425:	100:	19,806:	100

groepeer: die kapitaal, wins- en verliesrekeningitems en die algemene beleggingsreserwes is in een groep aan die lastekant saamgevat; die fondse is 'n ander groep en die derde groep aan die lastekant bevat al die ander items naamlik die verskillende krediteure en diverse laste wat die versekeringsondernemings het. Die vlottende bates is wissels en kontant sowel as obligasies en aandele ¹⁾ terwyl die vaste bates effekte, verbande, vaste eiendomme en langtermynlenings omvat. Die bates wat oorbly word onder die term „ander bates” saamgevat.

As ons balansstate ontleed dan is dit gebruikelik om vlottende bates en korttermyn-laste te vergelyk met vaste bates en langtermyn-laste. In enige versekeringsonderneming wat korttermyn-versekering onderneem is dit kragtens die versekeringswet nodig dat daar 'n sekere graad van likwiditeit aanwesig moet wees. Moeilikheid word egter ondervind wanneer ons versekeringsondernemings wat nie in die Unie alleen werkzaam is nie maar wat ook besigheid in die buiteland doen, ontleed, aangesien dit altyd moeilik is om sodanige maatskappye se balansstate op 'n eenvormige basis op te stel vir transaksies wat in verskillende lande plaasgevind het ²⁾.

As ons die vlottende bates ontleed vind ons dat hierdie groep bates toegeneem het vanaf £1,511,000 in 1944 tot £5,319,000 in 1951. In 1944 het die vlottende bates 17% van die totale bates bedra en dit het geleidelik toegeneem na 27% in 1951. Dit wil dus voorkom asof die vlottende bates geleidelik veld wen op die vaste bates en/of

1) Vergelyk hoofstuk 6, bl. 143.

2) Lengyel: a.w. bl. 136.

ander bates. Die vaste bates was in 1944 £5,971,000 en dit het toegeneem na £9,029,000 in 1951. In 1944 was die vaste bates 67% van die totale bates en hierdie persentasie het geleidelik afgeneem na 46% in 1951, dit wil sê gedurende hierdie 7 jaar het die groep vaste bates 'n betreklike groot agteruitgang getoon. In 1944 het die groep „ander bates” 16% van die totale bates bedra en dit het geleidelik toegeneem tot 27% in 1951. Uit die bogaande is dit duidelik dat die „vlottende bates” en „ander bates” geleidelik gedurende hierdie tydperk veld gewen het ten koste van „vaste bates”, omdat daar voor, aanvangs van die versekeringswet van 1943 nie genoeg likwiditeit was om aan die vereistes van die wet te voldoen nie en die saak dus geleidelik in orde gebring moes word.

Die verpligte versekeringsfondse het 'n geleidelike persentasie-styging getoon. Aangesien die kapitaalgroep betreklik konstant gedurende hierdie tydperk gebly het en die fondse 'n persentasie-styging getoon het, kan ons verwag dat die ander groep laste naamlik krediteure, weer 'n persentasie daling moes toon. Dit is dan ook die geval. Die krediteure was in 1944 £4,275,000 of 47% van die totaal terwyl hierdie item na £8,012,000 in 1951 gestyg het maar dit was in daardie jaar slegs 40% van die totale laste. Die rede vir hierdie verandering in die persentasies is, net soos in die geval van die bates, weereens te vinde in die bepalings van die genoemde wet.

Die verhouding tussen die vlottende bates en korttermyn laste is ook van belang. In 1944 was dit 17:47 terwyl hierdie verhouding sodanig verbeter het dat dit in 1951 27:40 was. In 1944 was daar dus skaars voldoende

korttermyn bates beskikbaar om een-derde van die korttermyn laste te delg terwyl daar in 1951 genoeg was om twee derdes hiervan onmiddellik af te los. Wat die verhouding van langtermyn-bates tot langtermyn-laste aanbetref, kry ons weer net die teenoorgestelde verskynsel. In 1944 was hierdie verhouding 83:53 terwyl dit geleidelik verander het na 73:60 in 1951. Versekeringsondernemings, ten einde uitvoering aan die bepalinge van die versekeringswet te gee, het dus geleidelik vlottende in plaas van vaste bates en langtermyn- in plaas van korttermyn-laste opgebou wat, oor die algemeen, as 'n gesonde verskynsel beskou kan word.

4. Samevatting.

Ons kom tot die gevolgtrekking dat korttermynversekering sedert 1944 besig is om 'n fenomenale groei te ondergaan. As ons aan die hand van die gegewens wat ons ontleed het, wil veralgemeen, kan ons met veiligheid beweer dat die korttermynversekeringsondernemings in die Unie hulle netto bedryfwichede tussen 1944 en 1954 meer as vervierdubbel het en dat hulle bates, hoewel slegs tot 1951 ontleed, ooreenstemmende toenames toon. Daarbenewens het hulle ook geleidelik langtermyn in plaas van korttermyn-laste en vlottende in plaas van vaste bates aangeskaf.

Ons het ook aangetoon dat die netto eise van binne-landse versekeraars gemiddelde sowat 55% en die bestuurskoste ongeveer 29% tot 30% van die netto premies bedra. Dit laat dan 'n saldo van ongeveer 15% van die netto premies waaruit nog die verpligte premiereserwe aangevul moet word indien premies in vergelyking met die vorige jaar 'n styging getoon het. Die wins wat vir verdeling

beskikbaar gestel word, word dan nog verminder.

Sedert die einde van Wêreldoorlog II belewe Suid-Afrika saam met die res van die wêreld 'n voorspoed wat ook feitlik al die ander terreine van die besigheidslewe gunstig beïnvloed het. In die volgende hoofstuk sal ons nou kortliks bepaal hoe die na-oorlogse ekonomiese toestande die versekeringswese beïnvloed het en wat die bydrae van die versekeringswese tot ons nasionale welvaart is.

HOOFSTUK 6.

DIE EKONOMIESE BETEKENIS VAN VERSEKERING IN SUID-AFRIKA.

1. Inleiding.

Nadat ons nou in die oorafgaande hoofstukke die aard en historiese ontwikkeling van die versekeringswese die aantal versekeringsondernemings in die Unie van Suid-Afrika sedert 1945 en die resultate deur hulle behaal ontleed het, sal ons nou in hierdie hoofstuk nagaan wat die betekenis van die versekeringswese vir die ekonomiese lewe in die algemeen en vir Suid-Afrika in die besonder is. In hierdie verband sal ons ons hoofsaaklik bepaal by die betekenis daarvan sedert die einde van Wêreldoorlog II, en sal ons ook noodgedwonge dikwels die totale versekeringsposisie (dit wil sê, beide kort- en langtermynversekering) in oënskou moet neem aangesien die bydrae van die langtermynversekeraars tot die ekonomiese welvaart van die land veel groter is as dié van die korttermynversekeraars. Waar moontlik, sal die invloed van korttermynversekering op die ekonomie van die land egter duidelik uiteengesit word.

Ten einde hierdie hele aangeleentheid in 'n duidelike beeld te sien, sal ons eerstens nagaan watter faktore die versekeringswese beïnvloed; daarna sal ons bepaal wat die algemene invloed van die versekeringswese op die ekonomiese toestande van 'n land is, en uiteindelik sal ons aan die hand van die voorgaande die betekenis van die Suid-Afrikaanse na-oorlogse versekering op die ekonomie van die Unie ontleed.

2. Teoretiese beskouinge.

a. Faktore wat die vraag na versekering beïnvloed.

Die volgende faktore beïnvloed die vraag na versekering:

(1) Die aard van versekering.

In die bestek van hierdie verhandeling is dit onmoontlik om al die faktore te bespreek wat die aard van versekering beïnvloed. Dit hang hoofsaaklik van die soort ekonomiese bedrywigheid van die mens af. Nuwe ekonomiese bedrywigheide kan nuwe risiko's meebring, byvoorbeeld die vliegtuig en in die jongste tyd kernkrag het ander risiko's meegebring as wat voorheen bekend was en daardeur 'n vraag geskep vir 'n nuwe soort versekering. Aan die ander kant kan die vraag na versekering weer verminder, omdat bepaalde risiko's verdwyn of verander as gevolg van die ontwikkeling en verandering van ekonomiese organisasies. Die gevaar van seerowery het byvoorbeeld as gevolg van die moderne toestande feitlik heeltemal verdwyn.

Ons het by die behandeling van die geskiedenis en ook die klassifikasie van versekering hierdie aspek indirek aangehaal en ons volstaan daarmee ¹⁾.

(2) Die omvang van versekering.

Vir die doel van hierdie hoofstuk is die omvang van versekering eintlik belangriker as die aard. Die belangrikste faktore wat dit beïnvloed is die volgende:

(a) Verpligte versekering. Indien die versekering teen bepaalde risiko's verpligtend gemaak word, beteken dit dat die omvang van versekering ook beïnvloed word. So is die omvang van versekering in Suid-Afrika gewis beïnvloed toe werksmenseskadeloosstelling-, derdeparty- en ongevalleversekering deur die Regering ver-

1) Kyk bl. 33 ev.

pligtend gemaak is ¹⁾. Hierdie faktor is nie aan sikliese golfbewegings onderhewig nie.

(b) Die grootte van die bevolking. Dit is 'n belangrike faktor en, met sekere voorbehoude soos later aangetoon sal word, sal 'n vermeerdering in bevolking ook mettertyd 'n groter absolute omvang van versekering meebring, alhoewel die per capita versekering miskien konstant bly of selfs verminder.

Net soos in die vorige geval is hierdie faktor ook nie aan sikliese golfbewegings onderhewig nie alhoewel dit wel aan die omvang van versekering 'n langsaam stygende tendens kan gee.

(c) Die samestelling van die bevolking. Die faktor van grootte van die bevolking word eerstens gekwalifiseer deur die samestelling van die bevolking. In Suid-Afrika is die aanvraag na versekering deur die blanke bevolking veel groter as die van die nie-blanke bevolking ²⁾. Eweneens sal die aanvraag na versekering deur die manlike geslag verskil van die van die vroulike geslag. Die ouderdom van die bevolking is ook van belang, want as daar 'n groot persentasie kinders en ou mense is, sal die vraag na versekering waarskynlik relatief kleiner wees as wanneer die ouderdomsamestelling anders is. Net so sal die aard van die werksaamhede van die bevolking ook 'n belangrike invloed op versekering hê. 'n Gemeganiseerde boerdery-

1) Wette nrr. 29 van 1942 en 30 van 1941.

2) State of the Union - Year Book for South Africa (1957) bl. 260.

stelsel bied duidelik meer versekeringsgeleenthede as 'n ongemeganiseerde en ortodokse stelsel. Hier is ook nie sprake van sikliese invloede nie.

(d) Die versekeringsbewustheid van die bevolking. Die omvang van versekering hang baie van die versekeringsbewustheid van die bevolking af. Versekeringsagente, in hulle bearbeiding van die bevolking, kan baie daartoe bydra om die bevolking versekeringsbewus te maak. Byvoorbeeld as 'n brandeis aan 'n boer uitbetaal word in 'n streek waar die inwoners nie veel van versekering dink nie, sal die opinie van die inwoners waarskynlik verander en die versekeringsomset in daardie streek aansienlik verhoog.

Net soos in die vorige gevalle, sal konjunktuerskommeling ook in hierdie geval geen invloed uitoefen nie.

(e) Die inkomste van die bevolking. Dit is duidelik dat die inkomste van die bevolking 'n groot rol in die omvang van veral langtermyn-versekering sal speel. Die inkomste van die armer klas van die bevolking is gewoonlik so gering dat dit min vir versekering oorbly. Die aanvraag na versekering onder die gegoede klas van die bevolking sal egter veel groter wees as dié onder die armer klas. As 'n groot persentasie van die bevolking van 'n land dus arm is, kan ons verwag dat die absolute omvang van versekering in daardie land kleiner sal wees as in 'n ander land met dieselfde bevolkingsterkte maar waarvan die persentasie behoeftige mense kleiner is. Die inkomste van die bevolking word egter deur toestande van voor-

spoed en depressie beïnvloed. In 'n voorspoedtyd styg die inkomste van die bevolking ¹⁾, en daar sal dus 'n sterker neiging by individue ontstaan om hulle lewens te verseker. Daar sal gevolglik 'n oplewing op versekeringsgebied ontstaan. Maar as depressietoestande intree en inkomstes afneem, sal daar minder geld vir versekering beskikbaar wees en die omvang van die bedrag van nuwe versekering sal daal. Dit is selfs waarskynlik dat sommige versekeringskontrakte gekanselleer sal word. Dit is egter twyfelagtig of lewensversekering so 'n kwaal terugslag in 'n depressietyd sal ondervind as die algemene bedryfslewe.

(f) Die tempo van die ekonomiese bedrywigheede.

Dit is 'n algemeen aanvaarde feit dat nuwe besigheid nuwe versekering beteken. As 'n persoon byvoorbeeld 'n winkel laat bou en sake onderneem, sal hy ook verskillende soorte versekeringskontrakte aangaan om homself te dek. Veral korttermynversekering is in 'n groot mate van sake-ondernemings afhanklik vir sy voortbestaan.

In 'n tydperk van ekonomiese vooruitgang ontstaan daar baie nuwe ondernemings, en gevolglik kan ons 'n ooreenstemmende vooruitgang op die versekeringsterrein verwag. Elke nuwe sake-onderneming, elke nuwe gebou en alle nuwe

-
- 1) A.H. Hansen en R.V. Clemence: Business Cycles and National Income (1953), bl. 153 et. seq.
C.G.W. Schumann en D.G. Franszen: Inleiding tot die Ekonomie (1944), bl. 492 et. seq.
J.A. Estey: Business Cycles (1950), bl. 114 et. seq.
G. von Haberler: Prosperity and Depression (1938) bl. 259.

produkte wat bemark moet word, sal verseker word.

In 'n tydperk van depressie gaan ons egter nie dieselfde agteruitgang op die versekeringsterrein as op die handelsgebied vind nie. Weliswaar sal daar ook 'n merk-bare verslapping op beide kort- en langtermynversekering plaasvind, ¹⁾ maar dit sal nie so intens as op ander terreine van die handelslewe wees nie. Die rede hiervoor is dat alhoewel die ekonomiese lewe 'n slapte toon, die verskillende geboue nog daar is om verseker te word. Nuwe besigheid sal baie daal want daar sal nie meer nuwe geboue opgerig word nie en ook die handelsprodukte word vinnig minder.

Opsommenderwys blyk dit uit bogenoemde bespreking dat algemene ekonomiese toestande seer seker 'n invloed op die vraag na versekering uitoefen. Noodsaaklikerwys het voorspoed-toestande 'n groter invloed op die omvang van versekering as depressietoestande.

b. Die invloed van versekering op die ekonomiese lewe.

Daar is verskeie voordele en dienste ²⁾ wat versekering op sy beurt aan die gemeenskap lewer en wat elk in 'n mindere of meerdere mate 'n invloed op die konjunktuur kan uitoefen.

-
- 1) R.I. Mehr en R.W. Osler: Modern Life Insurance (1956), bl. 665 beweer dat die depressie van die dertiger jare in die V.S.A. lewensversekering ook getref het deurdat meer kansellasies van lewenspolis plaasgevind het. Teen 1933 het nuwe besigheid ook aansienlik verminder. Benewens werklike kansellasie, tref die dalende rentekoerse en die feit dat versekerdes meer en meer in gebreke bly om hulle premies te betaal, versekeringsondernemings in tye van depressie ook nadelig.
- 2) R. Riegel en J.S. Miller: Insurance, Principles and Practice (1947), bl. 1 - 12.
H.V. Procknow: American Financial Institutions (1951), bl. 569 - 590.

(1) Dit verskaf groter sekuriteit.

As gevolg van die beskerming wat teen groot en onsekere verliese in ruil vir klein maar sekere betalings verleen word, word groter sekuriteit aan die sake-ondernemings verskaf. Die sakeondernemings is nou vry om hulle volle aandag aan hulle betrokke sake te bestee en het geen bekommernisse oor kapitaalverliese wat moontlik mag voorkom nie. Die uitwerking hiervan is gevolglik die versnelling van 'n voorspoedgolf terwyl dit weer 'n teëwerkende neiging in 'n tydperk van ekonomiese slappe openbaar.

(2) Kredietverlening.

In baie sfere van die hedendaagse lewe vind ons dat versekering 'n vereiste is wanneer daar 'n finansiële transaksie beklank word; as geld byvoorbeeld geleen word om 'n huis te bou, dan vereis die verbandhouer dat die betrokke eiendom teen verliese verseker moet word. Dieselfde toestand vind ons as ons byvoorbeeld 'n motor koop en die handelaar nie die volle koopprys betaal nie, of as 'n handelaar handelsgoedere van die groothandelaar op terme verkry. In al hierdie en in nog talle ander soortgelyke gevalle dien versekering as basis vir krediet. Ook versekeringsondernemings self verskaf in baie gevalle direk of indirek krediet. Byvoorbeeld baie van die groter versekeringsondernemings belê hulle surplus fondse in verbande oor vaste eiendomme, terwyl banke of die versekeringsondernemings self in sommige gevalle kontantvoorskotte aan polishouers gee tot

'n maksimum bedrag van die afkoopwaarde ¹⁾ van 'n lewenspolis wat dan as sekuriteit dien.

Aangesien 'n „boom“-tydperk gewoonlik met 'n oorvloed van beskikbare fondse en 'n depressie met 'n tekort aan fondse gepaard gaan, is dit duidelik dat ons in hierdie geval dieselfde resultaat as in die vorige paragraaf kan verwag.

(3) Dit vergemaklik besparing.

In hierdie geval het ons dit hoofsaaklik met lewensversekering te doen. Lewensversekering is 'n vorm van verpligte besparing en dit strek gewoonlik oor lang tydperke. Daar is teenswoordig so baie verskillende vorme en metodes van lewensversekering dat dit byna beweer kan word dat daar vir iedereen 'n maklike en gerieflike vorm van versekering bestaan. Teen 'n geringe maandelikse of jaarlikse premie word daar bespaar, 'n besparing waarvan die voordeel gewoonlik eers getrek kan word wanneer die versekerde 55 of 60 jaar of selfs ouer is, of andersins word die voordeel deur die afhanklikes van die versekerde by sy afsterwe geniet.

Wat egter hier van belang is, is dat hierdie klas van versekering in 'n mate 'n verpligte besparing is, afgesien daarvan of voorspoed- of depressietoestande heers. So 'n verpligte

1) Afkoopwaarde word omskryf as die bedrag wat die versekeringsmaatskappy, by ontydige verbreking van die kontrak, bereid is om aan die versekerde te betaal teen inlewering van die polis.

besparing beteken 'n onttrekking van fondse wat andersins deur die polishouer in die bedryfslewe aangewend kon gewees het. Die gevolg is dus dat dit 'n stygende konjunktuur kan strem en 'n dalende konjunktuur kan verskerp. Maar hierdie invloed van die verpligte besparing word aan die ander kant weer teëgewerk in soverre die versekeringsmaatskappy hierdie besparings weer aan die bedryfslewe beskikbaar stel en hulle dit in werklikheid ver meer oordeelkundig kan belê as die individu.

(4) Dit bied sekere sosiale voordele.

Een van die belangrikste sosiale voordele wat uit versekerings voortvloei is dat dit die afhanklikes van 'n versekerde beskerm, aangesien die versekeringsonderneming by die afsterwe van die broodwinner van 'n familie, indien verseker, óf 'n globale bedrag óf 'n sekere bedrag gewoonlik per maand vir 'n vasgestelde tydperk aan die afhanklikes uitbetaal. Daarbenewens word die las van versorging van die afhanklikes van 'n oorledene, wat dikwels op die staat gerus het, in sommige gevalle aan die versekeringsondernemings oorgedra. Ook ten opsigte van verpligte staatswerkloosheidversekering word die individu nou in 'n groot mate in tye van werkloosheid beskerm.

'n Ander belangrike sosiale voordeel, hoofsaaklik ten opsigte van korttermynversekering, is dat dit die voorkoming en vermindering van verliese bewerkstellig, omdat die versekeringsondernemings verwag dat die versekerde sekere voorsorgmaatreëls moet tref. Voorkoming van verliese is in belang van die individu en die hele gemeenskap.

Die uitbetalings van die voordele onder polisse het 'n neiging om die ekonomiese opbloei te intensifiseer en die nood in 'n depressietyd te verlig.

Oor die algemeen wil dit dus voorkom of die versekering neig om 'n hoogkonjunktuur te stimuleer en 'n laagkonjunktuur teë te werk.

3. Versekering en die konjunktuur.

a. Algemeen.


In ons teoretiese beskouing is daarop gewys dat die konjunktuur in 'n sekere mate 'n invloed op versekering het. Ons wil hierdie verband nou nader ontleed aan die hand van toestande in Suid-Afrika.

b. Versekering en die nasionale inkome.

Uit grafiek I wat vir ons 'n duidelike beeld gee van die verband wat daar tussen nasionale inkome en

Grafiek I.

Indekse van nasionale inkome en totale bruto premies in Suid-Afrika. 1918 - 1954. (1938=100)



versekering bestaan, kan ons die volgende belangrike

afleidings maak:

- (1) Beide die totale nasionale inkome en die totale bruto premies (beide kort- en langtermyn-premies) het sedert die einde van Wêreldoorlog I oor die algemeen 'n reëlmatige styging getoon tot omstreeks 1935 waarna die styging in albei gevalle veel groter as voorheen was. Daarna het die premies vanaf 1945 en die nasionale inkome vanaf 1948 selfs 'n nog groter styging as voorheen gehandhaaf.
- (11) Die styging in albei gevalle was sodanig dat die persentasie van die premies tot die nasionale inkome feitlik konstant gebly het, ook gedurende die jare na die Tweede Wêreldoorlog. Die persentasie van die totale versekeringswese tot die totale nasionale inkome het byvoorbeeld gedurende hierdie tydperk tussen 2.18% en 3.98% geskommel.


Wat ook in hierdie grafiek duidelik na vore kom, is die feit dat die depressiejare 1921 tot 1922 en 1930 tot 1933 nie so 'n groot invloed op die bruto premies as op die nasionale inkome gehad het nie. Die kurwe van die nasionale inkome toon naamlik gedurende hierdie depressiejare 'n veel groter daling na benede as dié van die premies. Soos ons reeds in die vorige afdeling van hierdie hoofstuk daarop gewys het, is dit hoofsaaklik as gevolg van die feit dat verskeie soorte versekerings weens die aard daarvan gedurende die depressiejare nog aangegaan moet word, met die gevolg dat die premies dus nie noemenswaardig daal nie.

c. Versekering per capita.

Vervolgens kan ons die vier belangrikste afdelings van die versekeringswese, naamlik lewe, brand, see en algemeen, kortliks vergelyk met sekere ekonomiese gegewens sedert Wêreldoorlog I (waar: statistieke beskikbaar is) met nadruk op die toestande sedert die Tweede Wêreldoorlog. Hieruit sal ons dan die verband wat die versekeringswese met ander sektors van die ekonomiese lewe het, kan aandui.

Grafiek II

Blanke bevolking en bruto lang- en korttermynpremie per individu. 1)



Langtermynversekering het hoofsaaklik op die persoon betrekking en 'n mens sou dus verwag dat hierdie klas versekering per capita van die blanke bevolking²⁾ min of meer konstant sal wees. Volgens grafiek II is dit egter nie die geval nie, want die krommes vir

1) Vergelyk Bylae G.


2) Versekering is hoofsaaklik tot die blanke bevolking van die Unie beperk. State of the Union - Year Book for South Africa (1957), bl. 260.

langtermynversekering toon 'n stygende tendens veral vanaf die einde van Wêreldoorlog II. Die kromme vir korttermynversekering daarenteen, toon 'n daling tussen 1921 en 1926 en selfs in 1931 het dit nog nie die 1921 kerf bereik nie. Eers teen 1936, nadat die 1933-depressie verby was, was die premie per capita aansienlik hoër as in enige vorige jaar. Die rede vir hierdie dalende tendens sedert die tydperk tussen 1921 en 1926 was die depressie van 1922. Ons merk dus dat die korttermynversekering veel meer gevoelig as langtermynversekering vir depressies is. Dit wil ook voorkom of die blanke bevolking sover dit langtermynversekering aanbetref, vandag veel meer versekeringsbewus is as veertig jaar gelede want die bedrag langtermynversekering per individu het van £1.7 in 1912 tot meer as £10 in 1951 gestyg terwyl die bedrag per individu gedurende dieselfde tydperk vir korttermynversekering vanaf £1.2 tot slegs £5 toegeneem het. Dit is ook interessant om te let op die skerp styging sedert ongeveer 1945 van die krommes wat die premie per individu aangee, veral die van die langtermynpremies. Die rede is dat die persentasie aanwas van die blanke bevolking feitlik konstant gebly het terwyl die toename in versekeringspremies, veral langtermynversekering, weens die voorspoedige jare na die einde van Wêreldoorlog II buitengewoon was. Die inflasionêre na-oorlogse toestand was egter in 'n groter mate verantwoordelik daarvoor dat die premie per individu sedert 1945 so toegeneem het.

d. Bruto brandpremies en voorrade.

As ons die brandpremies wil vergelyk met die ekonomiese toestand in die Unie, is dit die beste

om dit te vergelyk met die voorrade wat aan versekering onderworpe is. Hierdie besonderhede word in grafiek III verskaf wat vir ons duidelik toon dat daar 'n taamlike groot ooreenkoms tussen die betrokke twee



krommes bestaan. Dit sal opgemerk word dat dieselfde dalende neiging vir die jare 1930 tot 1933 in albei gevalle voorkom. Dit was natuurlik die gevolg van die depressie. Verder is dit ook duidelik dat die omvang van die voorrade effens vinniger toeneem as dié van die premies. Die rede hiervoor moet gesoek word in die feit, dat verbeterde brandbestrydingsmetodes en groter mededinging in die jongste tyd laer premies tot gevolg het.

Wat verder ook opvallend is, is die aansienlike styging in die krommes sedert 1945 wat die gevolg van die na-oorlogse ekonomiese opbloeï is.


1) Vergelyk Bylae H.

e. Seeversekering en uitvoer.

Vervolgens wil ons bepaal of daar 'n noue verband tussen seeversekering en die Suid-Afrikaanse buitenlandse handel is. Uiteraard sou 'n mens so 'n verband vermoed, omdat seeversekering op die vervoer van uitvoergoedere gebaseer is. Die krommes vir bruto see-premies en Suid-Afrika se uitvoerhandel word op grafiek IV aangetoon, waaruit blyk dat daar tot

Grafiek IV.

Indekse van bruto seepremies en uitvoere van handelsgoedere vir die Unie 1929 - 1953. (1938=100) ¹⁾



omstreeks die begin van die Tweede Wêreldoorlog 'n groot ooreenstemming tussen hierdie drie krommes bestaan het maar dat die seeversekeringskromme gedurende die oorlogsjare 'n geweldige afwyking van sy vorige gang getoon het. Dit was as gevolg van die belading van seepremies gedurende die jare van die Tweede Wêreldoorlog ²⁾. Na die einde van die oorlog toon hierdie krommes weer 'n groter mate van ooreenkoms, alhoewel ons as gevolg van die na-oorlogse inflasie hier dieselfde opwaartse neiging as by die brandpremies aantref.


1) Vergelyk Bylae I.

2) Vergelyk ook Hoofstuk 5 waar hierdie aangeleentheid behandel is.

Wat ook duidelik in hierdie grafiek na vore kom is die feit dat die seepremies gedurende die depressiejare na 1930 feitlik dieselfde agteruitgang as die uitvoere getoon het. In werklikheid het die omvang van bedrywighede in albei hierdie gevalle sedert 1929 'n terugwaartse gang begin gaan tot in 1932 toe die laagtepunt bereik is. In 1933 het daar weer oplewing gekom en van toe af tref ons 'n geleidelike styging aan.

f. Motorversekering en motorvoertuie gelisensieer.

Uit die groep algemene versekering kan ons net kortliks die posisie en invloed van motorversekering, wat die belangrikste onderdeel van hierdie afdeling is, ontleed. Volgens grafiek V, wat die indekse van bruto motorpremies en -eise, aantal voertuie gelisensieer en aantal padongelukke aangee, is die ooreenstemming tussen



al hierdie kurwes vanaf 1923 tot 1945 baie opvallend. 'n Taamlike reëlmatige styging het vanaf 1923 tot die begin van die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind, waarna daar oor die algemeen gedurende die oorlogsjare geen

1) Vergelyk Bylae I.

noemenswaardige styging of daling plaasgevind het nie, behalwe in die geval van motorongelukke en -eise wat hoofsaaklik as gevolg van brandstofrantsoenering 'n merkbare afname getoon het. Van belang is ook die daling van al die kurwes, behalwe dié vir lisensies, in 1932 as gevolg van die depressie van daardie jaar. Die kurwe vir lisensies het egter 'n normale styging hierdie jaar getoon en is blykbaar nie deur die depressie beïnvloed nie. Die lisensiëring van die motorvoertuie is natuurlik verpligtend. Onmiddellik na die beëindiging van die vyandelikhede in 1945, het beide die premie- en eisekrommes snel omhoog geskiet terwyl die krommes van voertuie gelisensieer en aantal ongelukke ook 'n aansienlike styging toon. Die premies en eise het vinniger gestyg as die aantal voertuie geregistreer en padongelukke. Hierdie opwaartse neiging van eise en premies in vergelyking tot lisensies en ongelukke is uitsluitlik aan inflasie toe te skrywe. Na-oorlogse eise kos byna driemaal soveel as voor die oorlog soos blyk uit die gegewens van tabel XXIX. Verpligte derdepartyversekering het in 1946 in werking gekom en dit het ook gehelp om die eise en die getal daarvan vanaf daardie jaar baie te beïnvloed. Die gemiddelde eis per ongeluk van £18.57 in 1934 het tot £23.25 in 1945 gestyg en het in die daaropvolgende ses jaar tot £53.03 per geregistreerde voertuig toegeneem. Hierdie groot toename het dus eintlik eers sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind. Hierdie feit staaf dan ons vroeër bewering dat die pryse van die na-oorlogse motorvoertuie, as gevolg van die inflasie, jaar na jaar hoër was.

Tabel XXIX

Motoreise, Motorongelukke en gemiddelde
eise per ongeluk, 1934 - 1951. 1)

<u>Jaar.</u>	<u>Motoreise,</u>	<u>Aantal ongelukke.</u>	<u>Gemiddelde eis per ongeluk.</u>
1934	£ 390,000	21,000	£18.57
1935	520,000	32,000	16.28
1936	642,000	39,000	16.46
1937	758,000	46,000	16.48
1938	812,000	44,000	18.45
1939	841,000	43,000	19.55
1940	758,000	37,000	20.49
1941	740,000	34,000	21.76
1942	669,000	27,000	24.78
1943	459,000	22,000	26.86
1944	457,000	21,000	21.76
1945	558,000	24,000	23.25
1946	1,015,000 2)	39,000	26.02
1947	1,627,000	47,000	34.62
1948	2,175,000	54,000	40.28
1949	2,638,000	56,000	47.11
1950	2,570,000	52,000	49.42
1951	2,970,000	56,000	53.03

g. Versekeringsonkoste en binnelandse uitgawes.


Ons kan nou net kortliks let op die bydrae van die binnelandse korttermynversekeraars tot die bruto binnelandse uitgawes van die Unie sedert 1946. In grafiek VI wat hierdie besonderhede duidelik aantoon, word interessantheidshalwe ook die toename in die totale uitgawes van die Unieregering aangetoon. Wat ons dadelik in hierdie grafiek opval is dat die persentasietoename in die bestuurskoste van die korttermynversekeraars sedert die einde van Wêreldoorlog II aanmerklik groter was as die ander twee reekse wat ons ontleed. Die indeks van die versekeringsbestuurskoste het byvoorbeeld toegeneem vanaf 100 in 1946 tot 442.6 in 1954, dit wil

1) Verwerking van gegewens van Bylae E.

2) Sedert 1946 het die verpligte derdepartyversekering in werking gekom.

sê meer as viervoudig, terwyl die totale bruto binnelandse uitgawes gedurende dieselfde tydperk omtrent net verdubbel het, naamlik vanaf 100 in 1946 tot 225.5 in 1954. Ook in die geval van die totale uitgawes van

Grafiek VI.



die Unieregering was die styging nie so merkwaardig soos wat dit in die geval van die bestuurskoste van binnelandse korttermynversekeraars was nie.

Die bydrae van die binnelandse korttermynversekeraars tot die totale binnelandse uitgawes is natuurlik

1) Vergelyk Bylae K.

uiters gering soos die laaste kolom van Tabel XXX vir ons aantoon. Dit was in 1954 slegs .12%.

Tabel XXX.

Verhouding van bestuurskoste van binnelandse korttermynversekeraars tot bruto binnelandse uitgawes in die Unie, 1946 - 1954 ¹⁾.

Jaar	Bestuurskoste van versekeraars (a)	Bruto binnelandse uitgawes (b)	Persentasie van (a) tot (b)
	£ '000	£ '000	
1946	£ 493,	£ 782,000,	.06
1947	580,	853,000,	.06
1948	654,	931,000,	.06
1949	799,	1,021,000,	.07
1950	950,	1,178,000,	.08
1951	1,273,	1,273,000,	.09
1952	1,695,	1,395,000,	.11
1953	2,005,	1,670,000,	.12
1954	2,182,	1,763,000,	.12

Samevattend is dit nou heeltemal duidelik dat ekonomiese toestande feitlik 'n direkte invloed op versekering uitoefen. Die totale bruto premies toon feitlik dieselfde skommeling as die nasionale inkome en selfs die verskillende afdelings van die versekeringswese toon 'n merkbare ooreenkoms met verskillende sektors van die ekonomiese lewe wat min of meer met die betrokke afdeling van die versekeringswese in verband staan.

4. Invloed van versekering op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

a. Algemeen.

Nadat ons nou kwantitatief die invloed van die veranderinge in die Suid-Afrikaanse ekonomiese toestande op versekering aangetoon het, wil ons nou probeer bepaal wat die invloed van die versekeringswese in Suid-Afrika op die ekonomie van die land is.

1) Verwerking van gegewens van Bylae K.

b. Bydrae tot die nasionale inkome.

Tabel XXXI op bladsy 137 toon die verdeling van die nasionale inkome van die Unie van Suid-Afrika tussen die verskillende bydraende sektors.

Hierdie tabel toon vir ons duidelik genoeg die snelle opkoms van die sekondêre of vervaardigingsnywerhede in Suid-Afrika gedurende die afgelope agt-entertig jaar. Daarbenewens het die totale nasionale inkome geweldig sedert 1917/18 toegeneem, naamlik vanaf £171-miljoen tot £1752-miljoen in 1955/56. Weliswaar het inflasionêre toestande hierdie groei in 'n mate versnel maar vir ons doel kan ons hierdie faktor buite rekening laat.

Die laaste groep op die tabel, naamlik „ander“, wat ook die finansiële instellinge en versekeringswese insluit, het ook geweldig toegeneem, maar die persentasie daarvan tot die totaal het feitlik geen verandering getoon nie. Die bydrae van die versekeringswese tot die totaal is egter uiters gering. In 1955/56 het al die finansiële instellinge maar slegs £59.6¹⁾ miljoen bygedra tot die £635.5-miljoen wat onder „ander“ aange-
toon word. Van hierdie £59.6-miljoen was die totale versekeringswese se bydrae maar slegs £10.7-miljoen. Die versekeringswese se bydrae tot die totale nasionale inkome het dus maar slegs .61% bedra.

1) Maandbulletin van Statistiek, opgestel deur die Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria, April 1957, bl. 84. Afsonderlik statistieke vir versekering ten opsigte van vroeëre jare is uiters moeilik bekombaar, aangesien die Direkteur van Sensus en Statistiek voor 1953/54 'n ander metode by die berekening van die nasionale inkome gevolg het en afsonderlike versekeringstatistieke gevolglik nie beskikbaar is nie.

T A B E L X X X I

Verdeling van die nasionale inkome van die Unie van Suid-Afrika
sedert 1917/18 tussen die verskillende ekonomiese sektors ¹⁾ (in £1,000,000)

	1917/18	% van totaal	1927/28	% van totaal	1937/38	% van totaal	1947/48	% van totaal	1952/53	% van totaal	1955/56	% van totaal
LANDBOU	£36.9	21.6	£49.2	18.2	£45.1	12.0	£122.5	14.7	£210.0	15.1	£251.7	14.4
MYNBOU	34.7	20.3	50.3	18.6	73.2	19.6	88.5	10.7	174.2	12.6	231.1	13.1
VERVAARDIGING	16.4	9.6	35.8	13.2	65.8	17.6	182.0	21.9	346.2	25.0	409.6	23.4
DISTRIBUSIE EN HANDEL	26.6	15.6	42.4	15.7	51.8	13.8	133.3	16.1	175.3	12.7	224.0	12.8
ANDER	56.3	32.9	92.6	34.3	138.9	37.0	304.1	36.6	480.8	34.6	635.5	36.3
TOTALE NASIONALE INKOME	£170.9	100	£270.3	100	£374.8	100	£830.4	100	£1386.5	100	£1751.9	100

¹⁾ D.G. Franszen: National Accounts and National Income in the Union of South Africa since 1933
in Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, Maart 1954, teenoor bl.119.

C.G.W. Schumann en F. van den Bogaerde: Economic Diagnosis and Business Forecasting with special
reference to South Africa (1954), bl.88.

Maandbulletin vir Sensus en Statistiek, April 1957, bl. 84.

Dit is ook interessant om 'n vergelyking te tref tussen die nasionale inkome en die uitgawes van binne-landse lang- en korttermynversekeraars. Tabel XXXII wat hierdie besonderhede aangee, toon duidelik dat die nasionale inkome-indeks vanaf 100 in 1939 tot 394.9 in 1954 gestyg het terwyl die versekeringsuitgawe-

Tabel XXXII.

Indekse van nasionale inkome en totale uitgawes van alle binnelandse versekeraars (uitgesonderd eise) sedert 1927.¹⁾ (1939 = 100-) £'000,000

Jaar	Nasionale		Versekeringsuitgawes	
	Bedrag	Indeks	Bedrag	Indeks
1927	£ 249.6	63.2	£ 1.0	52.6
1929	270.7	68.6	1.1	57.9
1931	235.6	59.7	1.2	63.2
1933	234.7	59.5	1.1	57.9
1935	298.7	75.7	1.4	73.7
1937	368.9	93.4	1.6	84.2
1939	394.8	100.0	1.9	100.0
1940	433.5	109.8	2.0	105.3
1942	530.9	134.5	- 2)	-
1944	622.7	157.7	4.0	210.6
1946	705.4	178.7	4.5	236.8
1948	830.4	210.3	6.7	352.6
1950	1026.1	259.9	8.2	431.6
1952	1283.5	325.1	8.1 3)	426.3
1954	1559.2	394.9	10.5 3)	552.6

indeks gedurende dieselfde tydperk tot 552.6 gestyg het. Hierdie styging is des te merkwaardiger as ons in aan-

- 1) D.G. Franzsen: National Accounts and National Income in the Union of South Africa since 1933, in Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, Maart 1954, bl. 119 et.seq.
Maandbulletin van Statistiek, opgestel deur die Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria, April 1957, bl. 84.
Kort Samevatting van Opgawes deur Versekeringsmaatskappye by die Tesourie gedeponeer kragtens die Verzekeringwet, 1923, vir die jare 1927 tot 1940.
Jaarverslae van die Registrateur van Versekeringswese, nrr. 1 - 11.
- 2) Nie beskikbaar nie.
- 3) Uitgesonderd Wins-en-Verliesrekening items. Hierdie besonderhede is nie sedert 1952 gepubliseer nie en sluit in diwidende en bonusse betaal, onkoste wat nie in die Inkomsterekeninge opgeneem is nie en ander betalings en oordragte.

merking neem dat die bedrag wat ons in 1954 as ver-sekeringsuitgawes aangee, nie eers al die aangegane on-kostes in aanmerking neem nie. Die uitgawes van die versekeringsondernemings is geld wat in omloop kom, en as ons die bogenoemde feite met die resultate van grafiek VI vergelyk, dan kom ons tot die gevolgtrekking dat die persentasie-bydrae en dus die invloed van ver-sekeringsondernemings tot die ekonomie van die Unie steeds groter word.

c. Besparing deur middel van versekering.

Die bydrae tot... besparing in die versekeringswese kom grootliks net van langtermynversekering. Die by-drae van korttermynversekering sover dit besparing aan-gaan, is gering, aangesien die premies wat ontvang word, grotendeels weer aan eise, onkoste en diwidende uit-betaal word. In die geval van lewensversekering word groot fondse uit die surplus van ontvangstes oor be-talings opgebou, fondse wat ons as besparings kan beskou.

TABEL XXXIII.

Batevermeerdering van lang- en korttermynversekeraars
in die Unie, 1945 - 1954¹⁾. £'000,000

Jaar.	Bates van lang- termyn verse- keraars.	Vermeer- dering oor vorige jaar.	Bates van kort- termyn verse- keraars.	Vermeer- dering oor vorige jaar.	Bates van alle verse- keraars.	Vermeer- dering oor vorige jaar.
1945	£ 122	£ 16	£ 11	£ 1	£ 133	£ 17
1946	136	14	12	1	148	15
1947	150	14	15	3	165	17
1948	162	12	16	1	178	13
1949	177	15	18	2	195	17
1950	193	16	20	2	213	18
1951	208	15	22	2	230	17
1952	228	20	26	4	254	24
1953	253	25	28	2	281	27
1954	280	27	31	3	311	30

1) Jaarverslae van die Registrateur van Verseke-
ringswese, Nrr. 1 - 11.

Die polishouers belê 'n sekere gedeelte van hulle inkomste in die versekeringsondernemings op langtermyn en die totale oorskot van laasgenoemde se inkomste oor uitgawes en wat in werklikheid die sogenaamde lewensfonds uitmaak, kan ons beskou as die bedrag direk deur die publiek deur middel van lewensversekeringsondernemings bespaar. Dit is ook gelyk aan die vermeerdering van die totale bates van die versekeringsondernemings.

Volgens tabel XXXIII wat vir ons die bedrae aantoon wat deur middel van versekering in die Unie bespaar word, merk ons dat die jaarlikse totale geskatte besparing deur middel van versekeringsondernemings tussen 1945 en 1954 tussen £13,000,000 en £30,000,000 geskommel het. Die bydrae van die korttermynversekeraars tot hierdie geskatte besparing was egter maar gering, tewens, korttermynversekeraars is ook nie daarop gemik om die funksies van besparing uit te voer nie.

Die vraag wat nou by ons opkom is in welke mate die

Tabel XXXIV.

Bydrae van versekeringsondernemings tot die Unie se totale besparing, 1946 - 1954. ¹⁾ £'000,000.

Jaar	Totale besparing	Geskatte besparing deur versekering.	% van (b) tot (a)
	(a)	(b)	
1946	£149	£15	10
1947	96	17	17
1948	100	13	13
1949	122	17	14
1950	222	18	8
1951	284	17	6
1952	220	24	11
1953	325	27	8
1954	413	30	7

1) H. Spyrou: The development of Insurance Business in the Union of South Africa in Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, Des. 1955, bl. 325 et seq. Suid-Afrikaanse Reserwebank, Statistiese Kwartaalblad, Maart 1955, bl. 36 en Sept. 1956, bl. 36.

versekeringswese 'n resessie kan teëwerk. Tabel XXXIV wat enkele besonderhede in hierdie verband verskaf, toon duidelik dat die bydrae van versekeringsondernemings tot die totale besparing in die Unie gedurende die afgelope tien jaar tussen 6% en 17% geskommel het. Alhoewel hierdie persentasie gering is, kan versekeringsondernemings tog in tye van resessies 'n gunstige uitwerking op die ekonomie van 'n land hê deur eise stip telik te betaal en hulle fondse te belê.

d. Wyse van belegging deur versekeringsondernemings.

Die invloed van versekeringsondernemings hang in 'n mate af van die wyse waarop sy ontvangstes bestee word. Dit op sy beurt word beïnvloed deur die beginsels van belegging wat versekeringsondernemings toepas, naamlik:¹⁾

- (i) Dit moet 'n veilige belegging wees, dit wil sê daar moet liefst nie 'n groot mate van risiko aan die betrokke belegging verbode wees nie.
- (ii) Die likwiditeit van 'n groot deel van die beleggings is van belang aangesien versekeringsondernemings te eniger tyd weens omstandighede verplig mag wees om belegde fondse te onttrek.
- (iii) Die opbrengs van elke belegging moet so hoog as moontlik wees.

Dit is interessant om daarop te let dat, van die verskillende beleggingsgroepe in die moderne bedryfswêreld, versekeringsondernemings volgens Welson en MacIver²⁾

1) D. McCahan: Investment of Life Insurance Funds (1953), bls. 85 en 190.

2) J.B. Welson en H.K. MacIver: Insurance Accounts and Finance (1952), bl. 169.

waarskynlik die grootste enkele groep van langtermyn-belegger is. Ook Lengyel ¹⁾ deel hierdie sienswyse en reken dat versekeringsmaatskappye 'n belangrike rol in die finansiële struktuur van 'n land speel. Hoe belangrik hierdie rol is, is 'n aangeleentheid wat ondersoek moet word aangesien Mehr en Osler ²⁾ van mening is dat dit onrealisties is om te veronderstel dat lewensversekeringsmaatskappye deur hulle belegbare fondse soveel invloed op die ekonomie van die V.S.A. kan hê as die Federale Regering met al sy ekonomiese magte. Lewensversekering is slegs een van die magte wat die ekonomie van 'n land kan beïnvloed en sy invloed is nie so groot as wat 'n mens sou dink nie. Hierdie skrywers, in hulle omvangryke werk oor lewensversekering, erken dat lewensversekeringsmaatskappye ³⁾ wel 'n sekere mate van invloed op die ekonomie van 'n land kan uitoefen maar dat daar so baie ander faktore is wat ook 'n invloed kan uitoefen, veral die regerings, dat die mag van versekeraars per slot van sake nie belangrik is nie.

In Suid-Afrika skryf die Versekeringswet sekere bepalinge voor sover dit die belegging van fondse van versekeraars betref ⁴⁾. Hierdie bepalinge kom kortliks daarop neer dat 'n versekeraar ten opsigte van beide sy lang- en korttermynversekering bates moet besit met 'n gesamentlike waarde minstens gelyk aan die bedrag van sy

1) S.J. Lengyel: Insurance Companies Accounts. An Economic Interpretation and Analysis (1946), bl. 18.

2) A.w. bls. 549/550.

3) Ons het hier net met langtermynversekering te doen. Die invloed van korttermynversekeraars is egter, soos ons reeds aangetoon het, selfs nog veel geringer as die van die langtermynversekeraars.

4) Art. 17 en die Derde Bylae tot die wet.

netto-verbintenisse ten opsigte van sodanige besigheid. Daarbenewens moet 'n versekeraar ten opsigte van sy netto-verbintenisse in die Unie bates soos volg besit:

- (a) Geld, kontant en 'n rekening by handelsbanke, bouverenigings en die Nasionale Finansië korporasie van Suid-Afrika, wissels, skuldbriewe en effekte, lenings op polisse en uitstaande langtermynpremies wat minstens 40% van die bogenoemde netto-verbintenisse moet bedra;
- (b) Die bates in (a) hierbo genoem plus uitstaande korttermynpremies, verbande, ander vorderings teen ondernemings en individue in die Unie en buitelandse versekeraars, aandele in maatskappye en bouverenigings in die Unie en liggaamlike goed in die Unie wat minstens 75% van die bogenoemde netto-verbintenisse moet bedra;
- (c) Bates in die Unie met 'n gesamentlike waarde wat minstens gelyk is aan die bogenoemde netto-verbintenisse.

Tabel XXXV gee 'n indruk van hoe versekeringsondernemings in Suid-Afrika hulle fondse in 1954 belê het. Volgens hierdie tabel merk ons dat versekeringsondernemings se bates in 1954 ruim £214-miljoen beloop het wat natuurlik in die geval van die Unie 'n aansienlike bedrag verteenwoordig. Dit skep die indruk dat die versekeringsondernemings 'n groot invloed kan uitoefen. Maar by 'n nadere ontleding van hierdie bates merk ons dat die werklike

Tabel XXXV

Samevatting van fondse en bates van alle
binnelandse versekeraars in die Unie,
1954 1).

Fondse	- Lewens	£180,545,924
	Nywerheids	4,491,354
	Begrafnis	3,817,795
	Brand	865,507
	See	352,266
	Algemeen	<u>1,810,183</u>
Totale fondse		<u>£191,883,029</u>
Geld	- in kas	£ 118,596
	in bank	<u>8,374,168</u>
		8,492,764
	Regeringseffekte	69,656,890
	Lenings op polisse	13,101,999
	Uitstaande premies	10,225,643
	Verbande	77,144,443
	Ander vorderings	10,623,865
	Effekte en aandele	9,124,541
	Liggaamlike goed	15,041,740
	Diverse bates	<u>447,658</u>
Totale bates		<u>£213,859,543</u>

beleggings slegs die volgende is:

Regeringseffekte		£69,656,890
Lenings op polisse		13,101,999
Verbande		77,144,443
Effekte en aandele		9,124,541
Liggaamlike goed		15,041,740

Van die bogenoemde items is die lenings op polisse hoofsaaklik korttermynbeleggings. In hierdie geval tree die versekeraars as kredietverskaffers op en oefen dus 'n direkte invloed op die ekonomie van die land uit.

-
- 1) Elfde Jaarverslag van die Registrateur van Versekeringswese. Statistieke van buitelandse versekeraars is nie beskikbaar nie.

Die effekte en aandele kan ook as 'n likwiede bate beskou word. Die ander drie items is hoofsaaklik langtermynbeleggings¹⁾. Hierdie langtermynbeleggings is nie as kontant beskikbaar wanneer die versekeraar dit benodig nie maar het tog 'n indirekte invloed op die ekonomie van die land deurdat dit as kontant beskikbaar gestel is aan ander liggame wat dit dan weer verder in die ekonomiese stroom laat voortvloei. In hierdie verband moet ons in gedagte hou dat ons dit hier te doen het met opgehoopte fondse wat aan die einde van die betrokke jaar bestaan het en dat dit nie die versekeringsondernemings se bydrae tot die ekonomiese lewe vir een jaar alleen verteenwoordig nie. Nietemin merk ons dat die beleggings wat op langtermyn gemaak is, verreweg die grootste persentasie van die bates verteenwoordig. Die likwiede bates bestaan eintlik net uit die volgende:

Geld	£ 8,492,764
Uitstaande premies ..	10,225,643
Ander vorderinge	10,623,865
Effekte en aandele ..	9,124,541
	<u>£38,466,813</u> ²⁾

Die likwiede bates verteenwoordig dus minder as 20% van die totale bates maar is genoeg om aan die vereistes van die wet te voldoen. Met hierdie bates kan die versekeringsondernemings gewoonlik 'n

-
- 1) Eersgenoemde is hoofsaaklik beleggings wat by die Tesourie kragtens die versekeringswet gemaak moet word, terwyl beleggings op verbande gewoonlik vir tydperke wat wissel van 10 tot 30 jaar gemaak word. Die ander item, naamlik liggaamlike goed, is hoofsaaklik vaste eiendom.
 - 2) Ons veronderstel dat die uitstaande premies en ander vorderinge maklik geïen kan word.

direkte invloed op die ekonomie van 'n land uitoefen terwyl die invloed met die ander bates slegs op 'n indirekte wyse geskied.

As ons in aanmerking neem dat die openbare skuld alleen in die Unie in 1955 £934,000,000 ¹⁾ beloop het en dat die bydrae daartoe deur versekeringsondernemings slegs £31,000,000 ²⁾ was, dan is dit duidelik dat die versekeringsondernemings met hulle gesamentlike fondse waarskynlik wel 'n sekere invloed op die ekonomie van die Unie kan uitoefen alhoewel hierdie invloed nie so groot is soos dié van byvoorbeeld die Regering en die bougenootskappe nie. In tye wanneer geld skaars is kan versekeringsondernemings, veral in samewerking met bougenootskappe, 'n merkbare invloed op die ekonomie van die land uitoefen deur rentekoerse te verhoog.

Ons moet dus slegs gedeeltelik met Mehr en Osler ³⁾ saamstem dat versekeringsondernemings wel 'n sekere invloed op die ekonomiese toestand van 'n land kan uitoefen, maar dat hierdie invloed tog nie so belangrik is as wat 'n mens met die eerste oogopslag sou dink nie.

5. Samevatting.

Die oogmerke van hierdie hoofstuk was hoofsaaklik om te bepaal watter faktore die vraag na versekering beïnvloed, watter invloed ekonomiese skommeling op versekering het en hoe versekering op sy beurt ekonomiese toestande beïnvloed.

1) State of the Union - Year Book, (1957) bl. 228.

2) Idem. bl. 260.

3) A.w., bl. 549/550.

Die belangrikste faktore wat die vraag na versekering beïnvloed is die aard van versekering, die grootte, samestelling, versekeringsbewustheid en inkomste van die bevolking en die tempo van ekonomiese bedrywigheide. Dit is veral laasgenoemde faktor wat 'n groot invloed op die omvang van versekering uitoefen.

Die belangrikste invloed van die versekeringswese op die ekonomiese lewe bestaan in die groter sekuriteit wat dit verskaf deur sy beskerming teen groot en onsekere verliese terwyl versekeringsondernemings ook die funksie van kredietbemiddelaar vervul. Daarbenewens vergemaklik langtermynversekering ook besparing wat in ons moderne bedryfslewe 'n eweneens baie belangrike funksie is.

Wat die verband tussen versekering en die konjunktuur betref, blyk dit dat daar sedert die einde van Wêreldoorlog I 'n noue verband tussen die bruto versekeringspremies en die nasionale inkome bestaan het. Ook wat die ontleding van die verskillende afdelings van versekering met sekere sektors van die ekonomiese lewe betref, vind ons 'n merkbare ooreenstemming behalwe in enkele uitsonderings, byvoorbeeld in die geval van seepremies wat gedurende die jare 1940 tot 1945 as gevolg van belading merkbaar afgewyk het van die indeks van uitvoere waarmee ons dit vergelyk het. Oor die algemeen is dit egter duidelik dat veranderinge in ekonomiese toestande 'n min of meer ooreenstemmende invloed op die versekeringswese uitoefen.

Die ontleding van die statistieke oor besparing deur middel van versekeringsondernemings het aan die lig gebring dat die bydrae van versekeringsondernemings tot die totale besparing in die Unie gedurende die afgelope tien jaar tussen 6% en 17% geskommel het. Hierdie besparing is dus nie te gering nie en stel versekeraars dus in 'n mate in staat om 'n stygende konjunktuur te strem en 'n dalende konjunktuur te verskerp. Ook wat die belegging deur versekeringsondernemings betref het ons gevind dat die versekeraars tot 'n sekere mate 'n invloed op die ekonomie van die land kan uitoefen.

HOOFSTUK 7.

SAMEVATTING EN 'N VOORUITSKATTING VAN DIE GROEI VAN VERSEKERINGSWESE TOT 1976.

1. Die doel.

In hierdie verhandeling is daar getrag om 'n bydrae te lewer tot die literatuur van 'n vertakking van die ekonomiese lewe waaroor daar veral in Suid-Afrika nog nie veel navorsing gedoen is nie en waaroor die bestaande statistieke ook uiters gering is, naamlik die versekeringswese.

Die doel van hierdie werk is dus drieledig, naamlik om:

- (a) die ontstaan en ontwikkeling van die verskillende versekerings kortliks te skets;
- (b) die omvang van korttermynversekering in Suid-Afrika sedert die einde van Wêreldoorlog II te ontleed; en
- (c) die wederkerige invloed van versekeringswese, veral van korttermynversekering, en die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika te bepaal.

Die aandag word veral op korttermynversekering toegepas maar langtermynversekering word ook behandel waar nodig.

2. Die plek van die versekeringswese.

Sommige persone klassifiseer versekering in die ekonomiese lewe saam met vervoer terwyl ander dit weer laat resorteer onder instellings wat nie direk as landbou, mynwese, fabriekswese, distribusie en vervoer geklassifiseer kan word nie, maar die aanneemlikste klassifikasie is waarskynlik dié waar dit onder die finansiële instellinge gegroepeer word.

Die versekeringswetenskap bestaan vandag al uit verskillende takwetenskappe waarvan die versekeringsbedryfsleer slegs een is. Dit is 'n toegepaste wetenskap wat 'n gespesialiseerde vertakking van die bedryfseksonomie is.

3. Die omskrywing, voordele, vereistes, beginsels en klassifikasie van versekering.

Die omskrywings van versekering deur gesaghebendes kom almal daarop neer dat in versekering die een party (die versekeraar) onderneem om aan die ander party (die versekerde) onder sekere omstandighede en op 'n sekere wyse te vergoed wanneer 'n bepaalde gebeurlikheid of ongeval die versekerde tref, teen die betaling deur laasgenoemde aan die versekeraar van 'n sekere vasgestelde bedrag (premie).

Die belangrikste doeleindes en voordele van versekering is die volgende:

- (a) dit verskaf sekuriteit vir besigheidsondernemings;
- (b) dit dien as 'n kragtige bystand vir kredietverskaffing;
- (c) lewensversekering vergemaklik besparing; en
- (d) dit verskaf sosiale voordele soos beskerming van afhanklikes asook die vrywaring teen materiële verliese.

Die vereistes van versekering is dat die versekerde aan 'n werklike risiko onderworpe moet wees, die koste daaraan verbonde moet nie buitensporig wees nie, daar moet 'n groot aantal risiko's bestaan en die skade moet op 'n vergoedingsbasis bereken kan word. Die belangrikste beginsels is dat daar goedertrou moet wees, 'n versekerbare belang moet aanwesig wees en die

betaling van skadevergoeding moet gewaarborg wees.

Die hele versekeringswese kan in twee hoofgroepe verdeel word, tewete langtermynversekering, waarvan lewensversekering die belangrikste afdeling is, en korttermynversekering wat hoofsaaklik uit brand-, see- en algemene versekering bestaan. Dan is daar ook nog lewensversekering wat in die hedendaagse lewe 'n integrale deel van hierdie bedryfstak uitmaak. Herversekering beteken kortliks 'n oordrag van 'n deel van een versekeringsonderneming se besigheid na ander versekeringsondernemings om sy eie risiko te verminder en terselfdertyd die beginsel van verspreiding daardeur in die hand te werk. Herversekering word gewoonlik in drie klasse verdeel naamlik fakultatiewe herversekering, outomatiese herversekering en poele.

4. Die ontstaan en groei van versekering.

Die gedagte van versekering het reeds sowat 5,000 jaar gelede onder die Sjinese handelaars ontstaan toe hulle hul goedere volgens 'n risikoverdelingstelsel oor die Jangtze-rivier vervoer het. Die gedagte van versekering het daarna nooit weer verdwyn nie en sowat 3,000 jaar gelede tref ons ook ander klasse van versekering aan wat in 'n eenvoudige vorm beoefen is, byvoorbeeld 'n soort gemeenskapsversekering wat deur die Ariese stamme van Indie en begrafnisversekering wat deur die Fenisiërs, Grieke en Romeine beoefen is.

Die eerste meer georganiseerde en doelbewuste vorm van versekering het gedurende die elfde eeu in Lombardye (Noord-Italië) ontstaan, tewete seeversekering. Die gevaar waarmee seereise destyds gepaard gegaan het, het natuurlik hierdie vorm van versekering genoodsaak. Van hier het dit geleidelik na ander Europese state

1-1-1

versprei en teen die sestiende eeu is ook begin met die beoefening van lewensversekering, terwyl die ander vorms van versekering, naamlik brand en algemene versekering, ook spoedig daarna gevolg het. Herversekering was ook reeds teen die middel van die agtiende eeu bekend. Vanaf Europa het dit natuurlik vinnig na die ander wêrelddele versprei.

Wat Suid-Afrika betref, bestaan die versekeringswese hier nog maar weinig meer as honderd-en-vyftig jaar. Die eerste versekeringsonderneming wat hier gestig is, is eers in 1845 te Kaapstad opgerig. Daarna het die versekeringswese in Suid-Afrika maar baie stadig gegroei aangesien die bevolking maar klein was en boonop hoofsaaklik landbou beoefen het waarvoor versekering destyds nie juis noodsaaklik was nie. Die bevolking was nog nie vir versekering ryp nie.

Met die ontwikkeling van Suid-Afrika, hoofsaaklik as gevolg van die ontdekking en ontginning van diamante en goud, het die versekeringswese ook vordering gemaak. Teen 1947 het die totale bates van al die versekeringsondernemings in Suid-Afrika reeds £165 miljoen beloop.

5. Die aantal versekeraars.

Die getal geregistreerde maatskappye in die Unie het tussen 1945 en 1954 geleidelik vermeerder met 11.7%, hoofsaaklik as gevolg van 'n vermeerdering in die aantal buitelandse maatskappye. Die versekeraars wat individue of vennootskappe is, het as gevolg van die strenger vereistes van die versekeringswet gedurende hierdie tydperk ook feitlik verdwyn; hulle getal het van 38 tot 4 verminder.

'n Ander uitstaande kenmerk in die Suid-Afrikaanse versekeringswese gedurende hierdie na-oorlogse tydperk

is die opkoms van professionele herversekeraars. In 1954 was daar reeds vier binnelandse en drie buitelandse professionele herversekeraars in die Unie werksaam.

Korttermynversekering is hoofsaaklik nog in die hande van buitelandse versekeraars gekonsentreer en die getal buitelandse versekeraars wat die verskillende klasse korttermynversekering beoefen, oortref die getal binnelandse versekeraars nog aansienlik. Daarbenewens is daar ook sommige van die binnelandse korttermynversekeraars wat nie alle korttermynversekerings onderneem nie maar slegs sommige daarvan. Hierdie binnelandse versekeraars tree egter weens meedinging en ook aangesien hulle bewus raak van die wenslikheid daarvan om alle klasse van korttermynversekering te onderneem, meer en meer tot die hele korttermynversekeringsveld toe.

6. Die groei van die versekeringswese in die Unie sedert 1944.

Die premies, eise en verskillende balansstaat-items toon dat korttermynversekeringsondernemings in die Unie hulle bedrywighede tussen 1944 en 1954 feitlik vervierdubbel het en dat hulle bates min of meer ooreenstemmend vermeerder het. Hierdie groei wat sedert die einde van Wêreldoorlog II beleef word, is fenomenaal.

'n Ander belangrike gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die eise- en onkostepersentasies van die binnelandse korttermynversekeraars gemiddeld sowat 55% en 30% respektiewelik bedra en dat uit die orige 15% die verpligte premiereserwe ten opsigte van enige premievermeerdering aangevul moet word. Dit laat dan gewoonlik nie veel oor wat vir verdeling aangewend kan word nie.

7. Die ekonomiese betekenis van versekering.

Die belangrikste faktore wat die vraag na versekering beïnvloed, is die omvang, samestelling, versekeringsbewustheid en inkomste van die bevolking asook die tempo van ekonomiese bedrywigheide.

Die voordele en dienste wat versekering aan die gemeenskap lewer en wat elk 'n sekere invloed op die konjunktuur uitoefen, is dat dit groter sekuriteit verskaf, as kredietverlenende instelling optree en besparing vergemaklik.

Daar bestaan ook sedert die einde van Wêreldoorlog I 'n noue verband tussen die versekeringswese en die algemene ekonomiese posisie van die Unie wat weerspieël word in die nasionale inkome. Dit is dus duidelik dat veranderinge in die ekonomiese toestande gewoonlik 'n min of meer ooreenstemmende neiging by die versekeringswese openbaar alhoewel die skommeling by die versekeringswese nie noodwendig presies met dié van die ekonomiese lewe hoef ooreen te stem nie.

